

# **Interferensie in die Afrikaanse Harry Potter**

**Laetitia Mari Bedeker**

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes  
vir die graad van Magister Philosophiae in Vertaling  
aan die Universiteit Stellenbosch**



**Studieleier: Prof AE Feinauer**

## **Verklaring**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

## Opsomming

Die *Harry Potter*-reeks is tans een van die mees gesogte kinderreeksboeke ter wêreld. Die oorspronklike Britse boeke is in meer as driehonderd tale vertaal – onder andere ook in Afrikaans, waarvoor die Afrikaanse vertaler reeds twee vertaalpryse ontvang het. Tog toon nadere ondersoek dat hierdie vertalings inderwaarheid nie in idiomatiese Afrikaans vertaal is nie, hoofsaaklik weens die verskynsel ‘interferensie’. Hierdie verskynsel behels ’n oormatige invloed van die linguistiese strukture van die brontaal op die doeltaal.

Die Engelse bronteks het sodanige invloed op die Afrikaanse vertaler gehad, dat die teks weens interferensie in onnatuurlike taal geskryf is, oftewel in ‘translationese’. In hierdie studie word die invloed van interferensie op die kwaliteit van die Afrikaanse *Harry Potter*-vertalings, spesifiek boeke 4 en 5 in die reeks, naamlik *Harry Potter en die Beker vol Vuur* en *Harry Potter en die Orde van die Feniks*, ondersoek. Die basiese uitgangspunte van die funksionalistiese benadering tot vertaling word gebruik om die noodsaaklikheid van ’n vooropstelling van die vertaalskopos, die funksie wat die vertaling in die doelkultuur moet speel, die belangrikheid van ’n gedetailleerde vertaalopdrag asook lojaliteit van die vertaler aan die onderskeie rolspelers in die vertaalproses uit te lig. Deskriptiewe vertaalstudie word gebruik om die klaarblyklike afwesigheid van ’n kennis van vertaalnorme, asook van weldeurdagte besluite en vertaalstrategieë tydens die produksie van die Afrikaanse vertalings te bewys.

Die navorser poog om hierdeur op die noodsaaklikheid van weldeurdagte en beplande vertaalstrategieë klem te lê. Kennis van die funksionalistiese en deskriptiewe uitgangspunte sou kon lei tot ’n natuurliker vertaling wat optimaal met die doellesers in die doelkultuur kommunikeer.

## Abstract

The *Harry Potter* series is currently one of the most popular book series for children in the world. The original British books have been translated into more than three hundred languages – one of them being Afrikaans, for which the Afrikaans translator received two translation prizes. Yet closer investigation reveals that these translations are not written in idiomatic Afrikaans, mostly due to the phenomenon of ‘interference’. This phenomenon entails an excessive influence of the linguistic structures of the source text on that of the target text.

The influence of the English source text on the Afrikaans translator by means of interference was of such an extent that the texts have been written in unnatural language, called ‘translationese’. In this study the influence of interference on the quality of the Afrikaans translations of Harry Potter is examined. The focus is on books 4 and 5 in the series, namely *Harry Potter en die Beker vol Vuur* and *Harry Potter en die Orde van die Feniks*. The basic premises of the functionalistic approach to translation are used to emphasise the importance of the translation skopos, the function that the translation has to fulfil in the target culture, a detailed translation brief as well as the translator’s loyalty towards the various role players in the translation process. Descriptive translation studies is used to prove the apparent absence of knowledge of translation norms as well as translation decisions and strategies that had to be considered carefully during the production of the Afrikaans translations.

The researcher hereby attempts to emphasise the importance of careful consideration and planning of translation strategies. Cognisance of the functionalistic and descriptive premises would have lead to a more natural translation that communicates optimally with the target readers in the target culture.

## **Dankbetuigings**

Hiermee wil ek my opregte dank aan die volgende persone betuig:

My studieleier, prof AE Feinauer, vir haar ondersteuning en uitstekende leiding.  
Die direkteur van die Taalsentrum, prof LG de Stadler, vir die studieverlof wat aan my toegestaan is.

My man, Pierre, en my familie, kollegas en vriende vir hulle ondersteuning.  
My Skepper wat aan my die geleentheid gebied het.

## Inhoudsopgawe

<b>Hoofstuk 1: Agtergrond en probleemstelling</b>	<b>1</b>
1.1 Inleiding .....	1
1.2 Hipotese .....	2
1.3 Probleemstelling .....	2
1.4 Doel van die studie .....	4
1.5 Metodologie .....	4
1.6 Hoofstukindeling .....	5
<b>Hoofstuk 2: Literatuurstudie</b>	<b>7</b>
2.1 Inleiding .....	7
2.2 Die funksionalistiese benadering tot vertaling .....	8
2.2.1 Vertaling as vorm van kommunikatiewe interaksie .....	8
2.2.2 Fokus op die funksie van die doeltteks .....	10
2.2.3 Rolspelers in funksionalistiese vertaling .....	12
2.2.4 Analise van die bronteks .....	15
2.2.5 Nord se konsep 'lojaliteit' .....	16
2.2.6 Die funksionalistiese vertaalprosedure .....	17
2.3 Deskriptiewe vertaalstudie .....	19
2.3.1 Die polisisteeemteorie .....	19
2.3.2 Toury se normatiewe model .....	21
2.3.2.1 Toury se 'wette' van vertaling .....	24
2.3.3 Chesterman se 'meme' en norme .....	31
2.3.3.1 Chesterman se hipoteses .....	37
2.3.4 Die Manipulasieskool .....	38
2.5 Samevatting .....	40
<b>Hoofstuk 3: Makrostrukturele analise van die Afrikaanse <i>Harry Potter</i></b>	<b>41</b>
3.1 Inleiding .....	41
3.2 Uitleg van die model vir analise .....	42
3.3 Die skopos van die doeltteks .....	43
3.4 Voorbereidende fase .....	45
3.4.1 Bron- en doeltteksanalise .....	45
3.4.1.1 Die funksie van die bron- en doelttekste .....	46
3.4.1.2 Eiening van die bron- en doeltaallesers .....	48
3.4.1.3 Die tyd en plek van teksontvangs .....	48
3.4.1.4 Die medium .....	49
3.4.2 Identifisering van die doeltteks as 'n vertaling .....	51
3.4.3 Herkenning van die doeltteks as 'n 'vertaalde teks' .....	52
3.5 Makrostrukturele fase .....	52
3.5.1 Algemene teksstrukture .....	52

3.5.2 Vertaalstrategieë .....	53
3.5.2.1 Verinheemsing versus veruithheemsing .....	56
3.5.3 Tydsaanduiding .....	60
3.5.4 Karakterisering .....	60
3.5.5 Kohesie in die doeltteks .....	64
3.6 Samevatting .....	66
<b>Hoofstuk 4: Mikrostrukturele analise van die Afrikaanse <i>Harry Potter</i></b>	<b>67</b>
4.1 Inleiding .....	67
4.2 Pragmatiese vertaalprobleme .....	67
4.2.1 Kultuurgebonde terme .....	67
4.2.2 Verwysings na tyd en plek .....	70
4.2.3 Eiename .....	71
4.3 Interkulturele vertaalprobleme .....	73
4.3.1 Aanspreekvorme en groetformules .....	74
4.3.2 Afmetings .....	75
4.3.3 Uitroepe .....	75
4.4 Interlinguistiese vertaalprobleme .....	76
4.4.1 Sosiolekte .....	76
4.4.2 Dialoog .....	77
4.4.3 Informele spreektaal in die bronkultuur .....	78
4.4.4 Brontaaluitdrukkings .....	80
4.4.5 Metaforiese brontaalgebruik .....	82
4.4.6 Brontaalsinstrukture .....	85
4.4.7 Kollokasies eie aan die brontaal .....	86
4.4.8 Brontaalwerkwoorde en -vorme .....	87
4.4.9 Gerundiums .....	89
4.4.10 Bywoorde in die brontaal .....	90
4.4.11 Voorsetsels in die brontaal .....	91
4.4.12 Wederkerige voornaamwoorde in die brontaal .....	92
4.4.13 Nominalisering .....	93
4.4.14 Letterlike vertalings .....	94
4.4.15 Doeltaalwoorde wat ongebruiklik is vir die doellesersgroep .....	96
4.4.16 Foutiewe tydsaanduiding .....	97
4.4.17 Inkonsekwentheid in die doeltaal .....	98
4.4.18 Sintaktiese ontsparing .....	99
4.4.19 Semantiese ontsparing .....	101
4.5 Teks-spesifieke vertaalprobleme .....	103
4.5.1 Register .....	104
4.5.2 Sarkasme en nuanses eie aan die bronkultuur .....	105
4.5.3 Humor en woordspeling .....	106
4.6 Samevatting .....	108

<b>Hoofstuk 5: Gevolgtrekking</b>	110
5.1 Inleiding .....	110
5.2 Die bepaling van norme .....	110
5.3 Die vertaler van die Afrikaanse <i>Harry Potter</i> se inisiële norm .....	112
5.4 Die vertaler van die Afrikaanse <i>Harry Potter</i> se verwagtingsnorm .....	112
5.5 Die vertaler van die Afrikaanse <i>Harry Potter</i> se professionele norm ....	113
5.5.1 Die vertaler van die Afrikaanse <i>Harry Potter</i> se verantwoordelikhednorm .....	114
5.5.2 Die vertaler van die Afrikaanse <i>Harry Potter</i> se kommunikasienorm .....	114
5.5.3 Die vertaler van die Afrikaanse <i>Harry Potter</i> se verhoudingsnorm	115
5.6 Voorstelle vir verdere studie .....	115
5.7 Samevatting .....	116
Literatuur .....	118
Bylaag A .....	123
Bylaag B .....	140



## Hoofstuk 1: Agtergrond en probleemstelling

### 1.1 Inleiding

Die *Harry Potter*-reeks het die afgelope paar jaar ontwikkel in een van die mees gesogte kinderboekreekse ter wêreld. Die oorspronklike Britse boeke is reeds in meer as driehonderd tale vertaal – onder andere Latyn, Wallies, en Afrikaans. Die Afrikaanse vertalings van die *Harry Potter*-boeke het in Suid-Afrika heelwat aandag getrek, hoofsaaklik weens die pryse wat die vertaler, Janie Oosthuysen, hiervoor ontvang het. Sy het die prys vir vertaalde werk van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 2002 gewen, asook die SAVI (Suid-Afrikaanse Vertalerinstituut)-vertaalprys vir voortreflike vertaling van fiksie in 2003. Haar vertalings van die gewilde reeks word as “suiwer, toeganklike Afrikaans” beskryf (Greeff, 2003:79), en die SAVI-beoordelaars was van mening dat sy “aan Harry ’n egte Afrikaanse stem [gee] en hom volwaardig [laat] saampraat met ’n rits andertalige Harry Potters die wêreld oor” en ook dat haar vertalings “tegnies knap” is omdat sy “vernunftige oplossings vir die eiesoortige uitdagings [vind] wat die herskepping van die verwickelde wêreld van ’n Britse towenaarseun vir ’n Afrikaanse leser aan ’n vertaler stel” (Die SAVI-toekenning vir voortreflike vertaling vir 2003, 2003).

Tog toon naderê ondersoek dat hierdie vertalings inderwaarheid nie in idiomatiese Afrikaans vertaal is nie. In hierdie studie word die invloed wat Engels as brontaal op die linguistiese struktuur van die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter* gehad het, ondersoek.

Die hipotese wat gestel word, is dat die Engels in die brontaal sodanige invloed op die Afrikaanse vertaler gehad het, dat die Afrikaanse tekste in onnatuurlike taal geskryf is, oftewel in ‘translationese’, en dat ’n natuurliker vertaling meer aanklank by die teikenlesers sal vind as die huidige Afrikaanse boeke. Hierdie invloed op die doelteks word ‘interferensie’ genoem, en beskryf die verskynsel waar tekens/spore van die bronteks in die linguistiese strukture van die doelteks gelaat word.

Die navorsingsontwerp word vervolgens in hierdie hoofstuk uiteengesit, en daarna word die uiteensetting van die hoofstukindeling gegee.

## 1.2 Hipotese

Die studie behels 'n ondersoek na die kwaliteit van die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter*, spesifiek boeke 4 en 5, *Harry Potter en die Beker vol Vuur*, en *Harry Potter en die Orde van die Feniks*. Die navorser het bevind dat die Engelse bronteks se invloed op die vertaler so sterk was dat die teks in onnatuurlike Afrikaans vertaal is. Die hipotese is eerstens dat die interferensie wat deur die Engelse bronteks veroorsaak is, die vertaler sodanig beïnvloed het dat die eindproduk 'n onnatuurlike Afrikaanse doelteks is. Hier is, trouens, amper sprake van 'n sogenaamde 'tussentaal', 'n vertaaldiolek eie aan die Afrikaanse vertaler. Die onnatuurlike taalgebruik kan gesien word as 'n voorbeeld van 'translationese', 'n pejoratiewe term wat verwys na onnatuurlike, ondeurdringbare of selfs komiese doeltaalgebruik weens 'n oorafhanklikheid van eienskappe van die brontaal (sien afdeling 2.3.2.1.2).

In die tweede plek stel die studie die hipotese dat begrip van funksionalistiese vertaalteorie en kennis van norme, vertaalwette<sup>1</sup> en beskikbare vertaalstrategieë die vertaler in staat sou stel om 'n toegankliker vertaling vir die Afrikaanse jeug te kon skep.

## 1.3 Probleemstelling

Volgens die funksionalistiese skoposteorie moet alle vertalings uitgevoer word met die doel ('skopos') van die vertaling voor oë. Hiervolgens kom die kommunikatiewe aard van vertaling na vore – die duidelike formulering van 'n vertaalskopos, 'n begrip van die funksie wat die vertaling in die doelkultuur moet speel, die belangrikheid van 'n gedetailleerde vertaalopdrag om die vertaler te rig en te lei tydens die vertaalproses, en lojaliteit van die vertaler aan die oorspronklike outeur, die inisieerder van die vertaalproses en die

---

<sup>1</sup> Die term 'wette' word hoofsaaklik deur Gideon Toury gebruik as 'n beskrywing van die daarstelling van meganismes om vertaalaksies en -verskynsels te voorspel. In hierdie studie word die terme 'wet' en 'wette' in dieselfde konteks en met dieselfde betekenis gebruik.

doelteksontvangers word vereis ten einde 'n funksionalistiese vertaalproduk te produseer wat optimaal met die doelkultuur kommunikeer.

Die eerste probleemstelling wat in hierdie studie geïdentifiseer word, is die moontlike onkunde van die Afrikaanse vertaler van die Harry Potter-reeks ten opsigte van die vereistes vir die produksie van 'n funksionalistiese doelteks. Deur 'n grondige analise van die bronteks uit te voer en die vertaalskopos en -funksie konstant voor oë te hou, sou die vertaler daarin kon slaag om die ideale resultaat van 'n funksionalistiese vertaling te bereik, naamlik 'n doeltekleser wat die doelteks verstaan, en wat dit kan internaliseer omdat dit versoenbaar is met sy of haar wêreldkennis en verwagtinge.

Gideon Toury se deskriptiewe navorsing (bekend as deskriptiewe vertaalstudie, oftewel DTS (descriptive translation studies)) oor die invloed van norme op die vertaler is gebaseer op die doel om sogenaamde 'wette' vir vertaling te bepaal. Die oogmerk hiervan is om die 'wette' as waarskynlikheidstellings te gebruik om vertalers van hulp te wees om te bepaal wat hulle onder sekere omstandighede en in 'n gegewe kultuur en tydperk te doen staan (Toury, 1995b:265). Een van hierdie wette, naamlik 'die wet van interferensie', word as basis vir hierdie studie gebruik. Volgens die wet van interferensie kan die brontaal 'n sterk invloed op die kwaliteit van die doelteks hê. Interferensie verwys na linguistiese eienskappe in die bronteks (meestal leksikale en sintaktiese patrone) wat na die doelteks oorgedra word.

Die tweede deel van die probleemstelling is gevolglik hoofsaaklik gefokus op die voorkoms van interferensie in die doeltekste onder bespreking. Die oorsaak hiervoor word voorgehou as 'n klaarblyklike afwesigheid van 'n kennis van vertaalnorme, asook van weldeurdagte besluite en vertaalstrategieë tydens die produksie van die Afrikaanse vertalings. Die tydsdruk op die vertaler om die vertalings binne 'n sekere tydsraamwerk te lewer, veral in die geval van die vyfde boek van die reeks, het grotendeels gelei tot oorhaastige vertaling wat nie heersende norme en vertaalmodelle in

ag neem nie – met die doelt tekste deurspek met interferensie en onnatuurlike taalgebruik.

#### **1.4 Doel van die studie**

Die doel van hierdie studie is om te wys op die noodsaaklikheid van weldeurdagte en beplande vertaalstrategieë. Kennis van die norme ter sprake by vertaling vir 'n spesifieke doelkultuur, 'n konsekwente vooropstelling van die skopos van die betrokke vertaling en 'n teoreties gefundeerde vertaalstrategie sal lei tot 'n geslaagde vertaling wat groter aanklank by die teikenlesers sal vind.

#### **1.5 Metodologie**

Die grondslag waarop hierdie studie berus is retrospektiewe afleidings wat gemaak word deur die vergelyking van die bron- en doelt tekste op grond van die voorkoms van interferensie. Die funksionalistiese benadering tot vertaling word as basis vir hierdie studie aangewend ten einde die skopos en die funksie van die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke te bepaal en die bron- en doelt tekste te analiseer. Die kombinasie van hierdie benadering met die grondbeginsels van DTS word aangewend ten einde die belangrikheid van norme en vertaalstrategieë aan te toon, om sodoende aannames te maak oor die vertaalnorme wat tydens die produksie van die doelt tekste aan- of afwesig was by die Afrikaanse vertaler, die strategieë wat die vertaler (doelbewus of onbewus) gebruik het, en die besluitnemingsprosesse wat moontlik tot hierdie strategieë gelei het.

Lambert en Van Gorp stel 'n skema voor wat die basiese parameters van vertaalverskynsels bevat, en wat die doel het om die presiese verhoudings tussen die literêre sisteme van die doel- en bronkulture te bestudeer (Lambert & Van Gorp, 1985:44). Lambert en Van Gorp se skema word in vier fases verdeel, naamlik die voorlopige fase, die makrostrukturele fase, die mikrostrukturele fase en die sistemiese konteksfasie. In hierdie studie word die eerste drie fases aangewend en gekombineer met analitiese strategieë vanuit die funksionalistiese benadering tot vertaling ten einde 'n volledige

funksionalistiese retrospektiewe makro- en mikrostrukturele analise van die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke uit te voer. Die doel van hierdie analise is om die interferensie in die doeltekste aan te toon ten einde die aannames oor die vertaler se norme en vertaalstrategie te staaf. Voorbeelde van onnatuurlike taalgebruik word dan ook in hoofstuk 4 gekategoriseer.

## 1.6 Hoofstukindeling

Die studie word as volg uiteengesit. Hoofstuk 2 bevat die onderliggende literatuurstudie wat die basis vorm vir die probleemstelling en hipotese van hierdie studie.

Die funksionalistiese benadering tot vertaling dien as basis om die belangrikheid van die skopos van die Afrikaanse vertalings te bepaal. Hiervolgens vervul die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke 'n bepaalde funksie in die doelkultuur, en word die vertaler se keuse van vertaalstrategie onder andere hierdeur beïnvloed.

Die invloede wat op die vertaler inwerk tydens die proses van vertaling word egter uit verskeie oogpunte op grond van bestaande vertaalteorie ondersoek. Veral deskriptiewe ondersoekmetodes word in hierdie studie gebruik, waarvolgens die vertaling op 'n retrospektiewe wyse ondersoek word ten einde die vertaler se vertaalbesluite (of gebrek daaraan) te identifiseer en te evalueer.

Die norme wat moontlik 'n invloed op die vertaler gehad het, word ondersoek. Gideon Toury en Andrew Chesterman se vertaalnorme speel hier die sleutelrol, en Toury se potensiële 'wette' van vertaling en Chesterman se 'hipoteses' kom aan bod. Dit is veral Toury se tweede 'wet' van vertaling, naamlik die 'wet van interferensie', wat as hooforsaak vir die onnatuurlike Afrikaanse taalgebruik in die vertalings voorgehou word.

Die norme en konvensies wat 'n invloed op die vertaler gehad het tydens die vertaling van die brontekste, bepaal die vertaalstrategieë (indien enige) wat

gevolg word. Die moontlike strategieë wat gebruik kan word, word teoreties ondersoek.

Hoofstuk 3 en 4 bevat onderskeidelik die makro- en mikrostrukturele analise van die bron- en doeltekste. In hoofstuk 3 word die skopos van die doelteks ondersoek voordat die voorlopige analise 'n aanvang neem. In hierdie fase word 'n bron- en doelteksanalise uitgevoer, wat 'n ondersoek na die funksie van die bron- en doeltekste, die identifisering van die bron- en doeltaallesers asook die tyd en plek van ontvangs van die tekste en die medium van teksoordrag insluit. Hierna word die doelteks as 'n vertaling en 'n vertaalde teks geïdentifiseer as afsluiting van die voorlopige fase.

Die voorlopige fase lei tot die makrostrukturele analise. Hier word na die volgende gekyk: Die algemene teksstrukture, die vertaalstrategie, tydsaanduiding, karakterisering en kohesie in die doelteks. Hierdie inligting sluit die makrostrukturele ondersoek af, en lei tot aannames oor die algemene vertaalstrategie wat deur die vertaler aangewend is.

In die mikrostrukturele analise in hoofstuk 4 is die voorbeelde van interferensie gekategoriseer op grond van Christiane Nord se vier vertaalprobleme, naamlik pragmatiese, interkulturele, interlinguistiese en teks-spesifieke vertaalprobleme. Hierdie verskynsels dien as bewyse vir die aannames oor die vertaler se vertaalnorme, wat in hoofstuk 5 gemaak word. In hierdie laaste hoofstuk word die gevolgtrekkings van hierdie studie uiteengesit, en voorstelle vir moontlike toekomstige navorsing oor die onderwerp word gemaak.

## Hoofstuk 2: Literatuurstudie

### 2.1 Inleiding

In hoofstuk 2 word die teoretiese onderbou uiteengesit wat as basis dien vir die makro- en mikrostrukturele ondersoek van *Harry Potter en die Beker vol Vuur* en *Harry Potter en die Orde van die Feniks*.

Eerstens word 'n uitleg gegee van die funksionalistiese benadering tot vertaling, waarvolgens die doel en die funksie van die vertaling in die doeltekskultuur vooropgestel word tydens die produksie van 'n vertaling. Die agtergrond van Vermeer en Reiss se skoposteorie lei die hoofstuk in (afdeling 2.2.1), gevolg deur Nord se onderskeie funksies van vertaling (afdeling 2.2.2). Die rolspelers in die funksionalistiese vertaalproses word daarna bespreek in afdeling 2.2.3, waarna die belangrikheid van die analise van die bron- en doelteks in die funksionalistiese benadering (afdeling 2.2.4), Nord se konsep 'lojaliteit' (afdeling 2.2.5) en 'n uiteensetting van die funksionalistiese vertaalprosedure (afdeling 2.2.6) gegee word. Die funksionalistiese benadering vorm die basis van hierdie studie, en sal in hoofstuk 3 gebruik word om die doel- en brontekste op makrovlak te analiseer en die funksie van die *Harry Potter*-vertalings in die doelkultuur te bepaal en te oordeel of die vertaler daarin geslaag het om die funksie van die doelteks voor oë te hou.

Tweedens word die basiese uitgangspunte van DTS uiteengesit. Hierdie benadering poog om in funksionele terme die tekstuele strategieë wat bepaal hoe 'n vertaling daar uitsien, asook die wyse waarop vertalings in die doelliteratuur funksioneer, te verantwoord. Daar word gefokus op Toury se normatiewe model (afdeling 2.3.2) en sy wette van vertaling (afdeling 2.3.2.1) asook Chesterman se meme, norme en hipoteses (afdeling 2.3.3). Hierdie teoretiese inligting word gebruik om die belangrikheid van vertaalnorme uit te lig, asook die invloed hiervan op die vertaalstrategieë en besluitnemingsprosesse wat tydens die produksie van die vertaling by die vertaler van die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke aan- of afwesig was. Die wet

van interferensie asook die verskynsel 'translationese', wat in afdeling 2.3.2.1.2 gedefinieer word, word as verklaring voorgehou vir die vertaler se minder geslaagde poging om 'n funksionalistiese doeltteks te skep. Die bydrae van DTS tot vertaalstudie dra dus by in die analise van die norme en besluitnemingsprosesse van die vertaler, die vertaalstrategie wat toegepas is, en die interferensie in die doeltteks as 'n resultaat van onkunde wat betref die funksionalistiese vertaalproses. In afdeling 2.3.4 word die Manipuliste Lambert en Van Gorp se skema vir die vergelyking van die verhouding tussen bron- en doelttekste uiteengesit, wat as riglyn gedien het vir die makro- en mikrostrukturele analises van hoofstukke 3 en 4.

## **2.2 Die funksionalistiese benadering tot vertaling**

### **2.2.1 Vertaling as 'n vorm van kommunikatiewe interaksie**

Die ontstaan van die funksionalistiese benadering tot vertaling is gemotiveer deur die behoeftes van praktiese vertaalaktiwiteite en vertaleropleiding. Reiss en Vermeer se skoposteorie het die weg gebaan vir hierdie benadering. Die basiese beginsel van die skoposteorie is dat vertaling 'n spesifieke tipe kommunikatiewe aksie is – 'n vorm van menslike interaksie – en dat elke aksie 'n spesifieke doel het. Die doel (skopos) van enige vertaling is dus die belangrikste kriterium (Vermeer, 1989:221). Die teorie is gebaseer op die sogenaamde skopos-reël, wat deur Nord as volg uit Vermeer se werk vertaal is: "Human interaction (including translation as its subcategory) is determined by its purpose (skopos), and therefore is a function of its purpose –  $IA (TrI) = f(Sc)$ . . . . The purpose can be described as a function of the recipient:  $Sc = f(R)$ " (Vermeer, 1983, in Nord, 1991a:93).

Dit is belangrik om te onderskei tussen die onderskeie terme wat in die skoposteorie gebruik word. Nord vertaal Vermeer (1990) se definisies van 'mikpunt', 'doel', 'funksie' en 'intensie' as volg (1997b:28):

- *Mikpunt* ('aim') is die finale resultaat wat 'n agent wil bereik deur middel van 'n handeling. Vermeer noem as voorbeeld 'n persoon wat Chinees leer ten einde Li T'ai-po in die oorspronklike taal te kan lees.



- *Doel* ('purpose') is 'n voorlopige stadium in die proses om die mikpunt te bereik. 'n Persoon koop byvoorbeeld 'n Xhosa grammatikaboek (doel 1) om Xhosa te leer (doel 2) ten einde Xhosa kortverhale te vertaal (doel 3) ten einde Xhosa kortverhale aan ander taalgemeenskappe bekend te stel (mikpunt).
- *Funksie* verwys na wat 'n teks beteken of bedoel is om te beteken vanuit die ontvanger se gesigspunt
- *Intensie* is 'n mikpunt-georiënteerde plan van aksie.

Nord tref 'n verdere onderskeid tussen 'funksie' en 'intensie' ten einde die konsepte duideliker te definieer. Volgens haar word intensie vanuit die sender se gesigspunt gedefinieer, wat 'n sekere doel met die teks wil bereik. Funksie word gedefinieer vanuit die ontvangers se perspektief, wat die teks gebruik vir 'n sekere funksie wat afhang van hulle eie verwagtinge, behoeftes, kennis en situasionele omstandighede. (Nord, 1997b:28.)

Een van die hoofkategorieë in die skopos van 'n kommunikatiewe aktiwiteit, soos vertaling, is dus die voorgenome ontvangers en hulle spesifieke kommunikatiewe behoeftes. Dit is op die brontekste en die doeltekste van toepassing. Die siening is dat die brontekste aan 'n spesifieke bronkultuurgehoor gerig word, en dat die brontekste 'n bepaalde kommunikatiewe funksie vir hierdie gehoor moet vervul. Die brontekste word deur die norme en konvensies (sien afdeling 2.3.2) van die bronkultuur gekondisioneer. Die doeltekste, daarteenoor, word gerig aan 'n doeltekstegehoor en moet betekenisvol en funksioneel wees vir hulle, en dus moet die doeltekste konformeer aan die norme en konvensies van die doelkultuur. (Nord, 1997a:46.) Wat literêre vertaling betref, beweer sommige literêre teoretici dat die gebrek aan kommunikatiewe doel juis 'n onderskeidende kenmerk is van literêre werke. Volgens Nord is hierdie stelling egter ongeldig: "Even if a source text has been written without any particular purpose or intention, the translation is always addressed to some audience (however undefined it may be) and is thus intended to have some function for the readers" (1997b:83).

### 2.2.2 Fokus op die funksie van die doelteks

In die funksionalistiese benadering tot vertaling, anders as die tradisioneel linguistiese en tekslinguistiese benaderings, verskuif die fokus vanaf die bronna die doelteks en die doelteks se kommunikatiewe funksie(s). Dit is nie meer die bronteks wat die standaard bepaal vir die vertaler se besluite in die vertaalproses nie, maar wel die voorgenome ontvangers van die doelteks. Die voorgenome ontvangers se ontvangs van die doelteks sal gerig word deur die verwagtinge, norme, konvensies, wêreldkennis, perspektiewe, ens. van die doelkultuur (Nord, 1997a:46).

Nord onderskei tussen vier voorgenome kommunikatiewe funksies (gebaseer op Karl Bühler se organum- en Roman Jakobson se taalfunksiemodel, en ooreenstemmend met Reiss se drie teksfunksies) wat deur doeltekste vervul kan word. Die *verwysingsfunksie* ('referential') behels verwysings na die voorwerpe en verskynsels in werklike of fiktiewe wêreld. Subfunksies sluit in die *informatiewe* verwysingsfunksie, waar die ontvanger ingelig word oor iets wat onbekend aan hom of haar is, die *metalinguistiese* verwysingsfunksie, indien daar verwys word na 'n spesifieke gebruik van taal, die *instruktiewe* verwysingsfunksie, indien instruksies vir byvoorbeeld die gebruik van kombuisapparaat gegee word, of die *didaktiese* verwysingsfunksie, indien die ontvangers iets oor die betrokke veld moet leer. (Nord, 1997b:40.) Hierdie dokumente is inhoud-georiënteerd, en voorbeelde van hierdie tipe tekste is mediavrytellings, nuusberigte, gebruiksinstruksies, amptelike dokumente, opvoedkundige materiaal, ens. (Reiss, 2000:27). Ten einde die verwysingsfunksie te kan uitvoer, moet ontvangers die boodskap met hulle model van die spesifieke wêreld wat betrokke is, kan koördineer. Aangesien hierdie wêreldmodelle deur kulturele perspektiewe en tradisies bepaal word, kan ontvangers in die bronkultuur die verwysingsfunksie anders interpreteer as die ontvangers in die doelkultuur. Die verwysingsfunksie is afhanklik van die verstaanbaarheid van die teks. Die funksie kan ook problematies wees as bron- en doellesers nie dieselfde hoeveelheid kennis het oor die voorwerpe en verskynsels waarna verwys word nie. (Nord, 1997b:41.)

Die *ekspressiewe* funksie verwys na die sender se houding teenoor die voorwerpe en verskynsels in die wêreld. Die sender maak gebruik van 'n *emotiewe* ekspressiewe funksie as hy of sy individuele gevoelens of houdings uitdruk (byvoorbeeld in literêre werke), en indien 'n evaluasie uitgedruk word (soos 'n verslag vir die regering) is dit 'n *evaluerende* ekspressiewe funksie. Die ekspressiewe funksie is sender-geïntereerd, en is gebaseer op die waardesisteem van die sender en die ontvanger. Aangesien die sender en die ontvanger tot verskillende kulture behoort, is hulle waardesisteme ook verskillend – wat beteken dat 'n ekspressiewe funksie wat in die bronteks uitgedruk word op grond van die bronkultuur se waardesisteem geïnterpreteer moet word. (Nord, 1997b:41-42.) Daar kan egter wel in hierdie kategorie van Nord plek gemaak word vir 'n addisionele subfunksie, naamlik dié van die vermaaklikheidsgeïntereerde ekspressiewe funksie.

Nord onderskei haar ekspressiewe kategorie van dié van Reiss, aangesien laasgenoemde se ekspressiewe funksie beperk word tot die estetiese aspekte van literêre of poëtiese tekste (Nord, 1997b:41). Volgens hierdie navorser kan die estetiese waarde van tekste wel 'n meer prominente posisie in Nord se kategorieë geniet, maar nie soseer gebaseer op die literêre vorm van die bronteks nie (soos in Reiss se ekspressiewe kategorie nie), maar gebaseer op die vermaaklikheidsaspek van tekste wat deur lesers ontvang en as vermaak geniet word (sien afdeling 3.4.1.2, waar die funksie van die *Harry Potter*-boeke in meer detail bespreek word).

Die *appellatiewe* funksie is gemik op die ontvangers se sensitiwiteit of bereidwilligheid om op te tree, met ander woorde om op 'n sekere manier te reageer. Subfunksies sluit in die beroep op die ontvanger se *ondervinding* of *kennis* (byvoorbeeld deur 'n hipotese met 'n voorbeeld te illustreer), 'n beroep op die ontvanger se *sensitiwiteit* en *begeertes* (byvoorbeeld ten einde die ontvanger te oortuig om iets te doen of om 'n spesifieke standpunt te deel), 'n beroep op die ontvanger se *behoefte*s (byvoorbeeld om 'n spesifieke produk te koop), of 'n beroep op die ontvanger se ontvanklikheid vir *etiese* en *morele beginsels* (byvoorbeeld om iemand op te voed). Die appellatiewe funksie is

ontvanger-georiënteerd – die bronteks doen 'n beroep op die bronkultuurontvangers se ontvanklikheid en ondervinding. Die appellatiewe funksie van 'n vertaling kan nie suksesvol wees as dit nie dieselfde effek op die ontvanger kan hê nie. (Nord, 1997b:42-44.) Voorbeelde van tekste met hierdie funksie sluit in advertensietekste en propaganda (Reiss, 2000:39).

Die *fatiese* funksie is gemik daarop om kontak tussen die sender en ontvanger te vestig, te onderhou of te beëindig. Die funksie is afhanklik van die linguistiese, nielinguistiese en paralinguistiese middele wat in 'n spesifieke situasie gebruik word, byvoorbeeld geselsies oor die weer en aanspreekvorme. Die fatiese funksie hang in hoofsaak af van die konvensionaliteit van die vorm daarvan – hoe meer konvensioneel die linguistiese vorm, hoe minder word dit raakgesien. Wat vertaling hiervan moeilik maak, is dat 'n vorm wat konvensioneel in een kultuur is, dalk onkonvensioneel in 'n ander is. (Nord, 1997b:44-45.) 'n Voorbeeld van die fatiese funksie is die onderskeie antwoorde op bedankings in Afrikaans en Amerikaanse Engels: 'n antwoord op 'Dankie' in Afrikaans is 'Nie te danke' terwyl die Amerikaanse Engelse 'You're welcome' meer konvensioneel is.

Die vereiste is dat die vertaling as 'n onafhanklike teks moet funksioneer in die doelkultuur. Die bronteks moet op só 'n wyse vertaal word dat die doelteks deel word van 'n "world continuum" wat deur die ontvanger geïnterpreteer word as iets wat koherent is met sy of haar situasie (Vermeer, 1983, in Nord, 1991a:93). Indien die doelteks (hoofsaaklik) dieselfde funksie moet vervul as die bronteks (soos in die geval van die *Harry Potter*-bron- en -doeltekste, sien afdeling 3.4.1.2) kan daar wel 'n verhouding van intertekstuele koherensie of 'getrouheid' tussen die bron- en doelteks wees, maar wat wel belangrik is, is dat die eise vir getrouheid altyd ondergeskik sal wees aan die skoposreël (Nord, 1991a:93).

### **2.2.3 Rolspelers in funksionalistiese vertaling**

Die skopos wat die vertaling in die doelkultuur moet bereik, word deur die inisieerder gespesifiseer (die inisieerder kan die kliënt, die bronteksouteur,

doeltekleser of die vertaler self wees). Dit is van kardinale belang dat die skopos en die manier waarop dit gerealiseer moet word, genoegsaam deur die inisieerder gedefinieer word sodat die vertaler sy/haar taak suksesvol kan deurvoer (Vermeer, 1989:221).

Vermeer beklemtoon die feit dat geen handeling bloot 'n doel 'het' nie, dit is eerder die geval dat 'n doel aan 'n handeling 'toegeskryf' word, dat 'n outeur 'glo' hy skryf vir 'n spesifieke doel en dat die leser 'glo' dat die outeur geskryf het met die spesifieke doel in gedagte (1989:223). Vermeer (1989:224) pas die idee van 'n vertaalskopos op die totale vertaalhandeling toe, met ander woorde op die:

- vertaalproses (en derhalwe die doel van hierdie proses);
- op die resultaat van die vertaling (en derhalwe die funksie van die doelteks); en
- op die modus van vertaling (en derhalwe die intensie van hierdie modus).

Die skopos van die vertaling word vervat in die vertaalopdrag ('brief'), wat in 'n ideale geval soveel inligting moontlik bevat oor die beoogde taalproses. Volgens Nord (1997b:60) moet die vertaalopdrag (eksplisiete of implisiete) inligting oor die volgende bevat:

- die (voorgenome) teksfunksie(s);
- die doelteksontvangers;
- die (voorgenome) tyd en plek van teksontvangs;
- die medium waardeur die teks oorgedra gaan word; en
- die motief vir die produksie of ontvangs van die teks.

In die praktyk word die opdrag vir vertaling meestal eksplisiet gegee, alhoewel die skopos van die teks nie altyd duidelik gestel word nie. In die meeste gevalle kan 'n implisiete of geïmpliseerde skopos egter afgelei word (sien afdeling 3.3 vir 'n bespreking van die skopos en vertaalopdrag van die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter*).

Vermeer lê baie sterk klem op die belangrikheid van die vertaalopdrag. Die skopos van 'n vertaling, wat deur die vertaalopdrag gedefinieer word, kan wel deur die vertaler aangepas word indien die vertaler, as die interkulturele ekspert, nie tevrede is met die vertaalopdrag wat deur die inisieerder gegee is nie. Dit is noodsaaklik dat die vertaalopdrag so spesifiek moontlik gegee word ten einde die skopos te definieer – eers dán kan die vertaler besluite maak oor hoe om die bronteks optimaal te vertaal. (Vermeer, 1989:230.)

Volgens Vermeer is dit 'n vereiste dat die boodskap optimaal oorgedra word aan 'n heterokulturele lesersgroep wat die doelteks goed verstaan, eerder as dat daar gepoog word om 'n ander teks wat vir ander ontvangers geskryf is, getrou na te boots (Vermeer, 1998:43). Hierdie stelling ondersteun die kritiek wat in hierdie studie teen die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter* gemaak word, aangesien die voorkoms van interferensie en 'translationese' verhoed dat die doeltekslesers die doelteks goed kan verstaan, en die doelteks as't ware 'n linguistiese nabootsing van die bronteks is (sien afdeling 2.3.2.1.2 vir 'n bespreking van interferensie en 'translationese' en hoofstuk 4 vir die toepassing op die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke). Vermeer lê klem daarop dat geen vertaling ooit die outeur en dié se teks aan die ontvanger kan 'gee' nie, maar slegs dele van die outeur en dié se teks plus die ontvanger se interpretasie, assosiasies, ens. (1998:43). 'n Vertaling is dus die vertaler se interpretasie – wat in der waarheid vertaal word, is die vertaler se interpretasie van die outeur se intensie (Nord, 1997b:85).

Die vertaalskopos is in beginsel onafhanklik van bronkultuuromstandighede en die bronteks (Vermeer, 1998:51). Vermeer beskou die vertaler as die ekspert in die vertaalproses. As ekspert, is dit die vertaler wat besluit watter rol die bronteks in die vertaalproses gaan speel. In die skoposteorie kry die bronteks dus 'n nuwe status, een wat deur die vertaler bepaal word as 'n deel van die totale vertaaltaak. (Vermeer, 1989:222.)

#### 2.2.4 Analise van die bronteks

Die fokus op die doel van die doelteks beteken dus nie dat die bronteks totaal irrelevant is nie. "The source text provides the offer of information that forms the starting point for the offer of information formulated in the target text" (Nord, 1997b:62). Die analise van die bronteks verskaf die basis vir besluite oor die volgende:

- die uitvoerbaarheid van die vertaaltaak;
- watter brontekseenhede relevant is vir 'n funksionalistiese vertaling; en
- watter vertaalstrategie tot 'n doelteks sal lei wat aan die vereistes van die vertaalopdrag voldoen.

Nadat die bronteks-in-situasie met die doelteks-in-situasie vergelyk is, kan die vertaler besluite maak oor wat die moontlike optimale vertaalprosedures sal wees. Volgens Nord (1997b:63) behels hierdie vergelyking onder andere die vergelyking van die volgende:

- die voorgenome funksies van die bron- en die doelteks;
- die bron- en doeltekslesers;
- die tyd van ontvangs;
- die redes vir teksproduksie en -ontvangs; en
- die medium waardeur dit gedoen word.

Die vergelyking tussen die profiel van die bron- en die doelteks onderskeidelik sal duidelik aantoon watter bronteksinligting of linguistiese elemente onveranderd moet bly, en watter aangepas moet word volgens die vereistes van die vertaalskopos (Nord, 1997b:64). Die analise sal ook help om vertaalprobleme in die bronteks te identifiseer. Nord onderskei tussen pragmatiese, kulturele, linguistiese en teks-spesifieke vertaalprobleme. (In hoofstuk 4 word hierdie vertaalprobleme uitvoerig bespreek, en die mikrostrukturele analise van die twee vertaalde *Harry Potter*-boeke word in hierdie hoofstuk aan die hand van die vier probleme gekategoriseer.)

In literêre vertaling word verwag dat die vertaler nie net die boodskap van die bronteks sal oordra nie, maar ook die spesifieke manier waarop die boodskap

in die brontekstaal uitgedruk is. Die ideaal is dat hierdie oordrag ekwivalensie tussen bron- en doeltteks ten opsigte van teksfunksie en tekseffek sal bewerkstellig. Volgens Nord sal die ideale vertaling dus dieselfde funksie en effek as die bronteks hê (sien afdeling 3.4.1.1 waar die ooreenstemmende funksies van die oorspronklike *Harry Potter*-boeke en die vertalings daarvan bespreek word). Daar word egter nog meer vereistes aan literêre vertalings gestel: “[t]he translated text should be an independent, parallel work of art . . . or a kind of metamorphosis of the original, able to live on in another culture”. (Nord, 1997b:89.)

### **2.2.5 Nord se konsep ‘lojaliteit’**

Nord bou voort op Reiss en Vermeer se skoposteorie deur onder andere die konsep ‘lojaliteit’ by te voeg ten einde verantwoording te doen vir die kultureel-spesifieke aard van vertaalkonsepte. Die konsep is ontwerp om ’n etiese beperking te stel op die andersins onbeperkte reeks moontlike skopoi vir die vertalings van ’n spesifieke bronteks (aangesien die skoposteorie ’n algemene model is, en dus die formulering van enige vertaalskopos vir ’n bronteks toelaat). “The translator, who is always acting within the boundaries of a particular culture community, cannot, in fact, take the liberty of choosing any translation scope for a particular text even if that is what the customer asks him to do” (Nord, 1991a:93-94).

Die besluit oor ’n moontlike of legitieme vertaalskopos vir ’n bepaalde bronteks is gebaseer op die betrokke kulture se konvensionele konsepte van ’n geldige vertaling. In normale interkulturele kommunikasie is dit onmoontlik vir die ontvangers van die doeltteks en die inisieerder om na te gaan of die doeltteks werklik aan hulle verwagtinge voldoen. Hulle maak dus op die vertaler staat om die taak goed te verrig. (Nord, 1991a:94.) “A text pragmatically marked as a translation is usually interpreted by the reader as a translation that conforms to the conventional concept of translation, even if this is not the case” (Nord, 1991a:94). Die ontvangers van die doeltteks aanvaar dat die intensie wat in die vertaling uitgedruk word, die oorspronklike intensie van die bronteksouteur is. Volgens Nord kan hierdie kommunikatiewe



daad nie as funksioneel beskou word nie, omdat dit op vals aannames gebaseer is. (Nord, 1991a:94.) Om hierdie rede is die konsep 'lojaliteit' nodig.

Volgens Nord is die reeks vertaalskopoi as moontlikhede vir een bronteks beperk deur die vertaler se verantwoordelikheid (lojaliteit) teenoor die vennote in die vertaalaktiwiteit. Indien die kliënt of inisieerder vir 'n vertaling vra wat sal beteken dat die vertaler dislojaal is teenoor die outeur en/of die doelkultuurlesers, behoort die vertaler in gesprek te tree met die kliënt of inisieerder hieroor, of selfs om etiese redes weier om die vertaling te produseer. (Nord, 2001:200.) Die belangrike punt is dat die vertaler wel die ander vennote in kennis stel van die besluit wat gemaak is, asook wat die rede(s) daarvoor was.

Vertalers het dus 'n spesiale verantwoordelikheid teenoor hulle vennote in die vertaalproses, d.i. die bronteksouteur, die kliënt of inisieerder en die doelteksontvangers. Die konsep lojaliteit dui op 'n interpersoonlike verhouding, en is bekendgestel ten einde die tradisionele intertekstuele verhouding van 'getrouheid', as 'n aanduiding van linguistiese of stilistiese ooreenkoms tussen die bron- en doeltekste, te vervang. (Nord, 2001:185.)

Die voorkoms van interferensie in die doelteks en die verontagsaming van die norme en verwagtinge van die doeltekslesers impliseer dislojaliteit teenoor die agente in die vertaalproses. Aangesien die doeltekslesers van die vertaler se interpretasie afhanklik is, lei die interpersoonlike verhouding tussen die onderskeie agente skade, veral as die verontagsaming lei tot onnatuurlike en foutiewe vertaling (sien hoofstuk 4).

### **2.2.6 Die funksionalistiese vertaalprosedure**

Die vertaler begin deur die vertaalskopos te analiseer soos vervat in die vertaalopdrag, die kern van die bronteks te verkry om te bepaal of die vertaaltaak moontlik is, en dan die bronteks te analiseer op grond van die volgende vrae: wie vertaal, vir wie, waarvoor, deur watter medium, waar, wanneer, hoekom, wat is die funksie van die teks, wat is die onderwerp, wat

sê die teks, wat sê dit nie, in watter volgorde word dit gesê, in watter tipe sinne, in watter toon, en wat is die effek van die teks. Wanneer hierdie vrae beantwoord word, moet daar deurlopend teruggeval word op die vertaalskopos, wat as 'n gids dien om te bepaal watter brontekselemente behou kan word en watter elemente aangepas moet word. (Nord, 1991b.)

Volgens die skoposteorie kan die vertaler op spesifieke aspekte van die bronteks fokus en ander ignoreer, indien dit deur die vertaalopdrag vereis word. Tog verplig die vertaler se lojaliteit teenoor die outeur en die leser hom of haar om te spesifiseer watter aspekte van die bronteks in rekening gebring is, en watter aspekte aangepas is. Vermeer som die kern van die skoposteorie as volg op:

What the skopos states is that one must translate, consciously and consistently, in accordance with some principle respecting the target text. The theory does not state what the principle is: this must be decided separately in each specific case. An optimally faithful rendering of a source text, in the sense of a trans-coding, is thus one perfectly legitimate goal. The skopos theory merely states that the translator should be aware that *some* goals exists, and that any given goal is only one among many possible ones. . . . The important point is that a given source text does not have one correct or best translation only. (Vermeer, 1989:228)

Die vertaalproses volgens die funksionalistiese model kan as volg opgesom word: Inisieerder (kliënt) > Vertaler > Opdrag: Ontleding van opdrag > Bronteks: analise van bronteks met vertaalopdrag in gedagte > Vertaling gedoen met vertaalopdrag en brontekseienskappe in gedagte (sommige aspekte van die bronteks word behou en ander geïgnoreer) > Doelteks (kan dieselfde as die bronteks wees, of heeltemal verskillend) (Naudé, 2000:6). Die

ideale resultaat volgens die funksionalistiese benadering is 'n tevrede kliënt, maar belangriker, 'n doelteksleser wat die teks verstaan.

Volgens Vermeer lê die grootste waarde van die skoposteorie onder andere daarin dat die skopos die moontlikhede van vertaling uitbrei, die reeks moontlike vertaalstrategieë vergroot, en die vertaler vrystel van “the corset of an enforced – and hence often meaningless – literalness” (Vermeer, 1989:231). “To know what the point of a translation is, to be conscious of the action – that is the goal of the skopos theory” (Vermeer, 1989:231). Hierdie bewustheid van die vertaalhandeling en die vooropstelling van die doel van die bronteks is afwesig by die Afrikaanse vertaler van die *Harry Potter*-boeke, soos in hoofstuk 3 en 4 aan die lig sal kom.

Die bydrae wat DTS tot die bewusmaking van die belangrikheid van norme en konvensies tydens die vertaalproses gemaak het, word vervolgens bespreek.

## **2.3 Deskriptiewe vertaalstudie**

DTS is in 'n groot mate geskoei op die polisisteemteorie wat deur Itimar Even-Zohar ontwikkel is. 'n Baie kort oorsig van die basiese uitgangspunte van die polisisteemteorie word vervolgens gegee.

### **2.3.1 Die Polisisteemteorie**

Die wortels van hierdie teorie lê in die werk van die Russiese Formaliste, wat 'n revolusie in die veld van literêre studie teweeggebring het deur onder andere te postuleer dat 'n literêre sisteem uit 'n dominante, invloedryke en kanonieke sentrum bestaan wat oor tyd vervang word deur nuwe en meer dinamiese vorme wat vanuit die sisteem se periferie nader aan die sentrum beweeg (Hermans, 1999:103).

Deur op die Formaliste se werk te bou, het Even-Zohar in die sewentigerjare die term 'polisisteem' begin gebruik om die idee van 'n sisteem as dinamies en heterogeen te beklemtoon. Literatuur vorm deel van die sosiale, kulturele, literêre en historiese raamwerk, en daar is 'n aaneenlopende mutasieproses

en stryd om die primêre posisie in die literêre kanon<sup>2</sup> te bereik (Even-Zohar, 1990:46). 'n Belangrike bydrae is dat die literêre sisteem volgens die polisisteamteorie nie net uit meesterstukke en hooggeagte literêre vorme bestaan nie, maar ook uit genres soos kinderliteratuur, populêre fiksie en vertaalde werke – genres wat volgens die tradisionele siening buite die domein van literêre studie geval het (Shuttleworth, 1998:177).

Die verskillende strata binne die hiërargie van die onderskeie literêre werke is in 'n voortdurende stryd gewikkel, en die interaksie wat plaasvind behels die beweging vanaf die periferie na die sentrum (Lourens, 1997:46). Op hierdie manier kan vertaalde literatuur 'n primêre of 'n sekondêre posisie in die polisisteam beklee. Indien die posisie primêr is, neem die vertaling aktief deel in die vorming van die kern van die polisisteam, is dit heel moontlik innoverend en hou dit verband met groot gebeurtenisse in literêre geskiedenis (Even-Zohar, 1990:46).

As vertaalde literatuur egter 'n sekondêre posisie vul, het dit geen invloed op die sentrale sisteem nie, en dit word 'n konserwatiewe element wat die konvensionele vorme van die doelstelsel aanhang en konformeer aan die literêre norme daarvan. Volgens Even-Zohar hang die posisie van vertaalde literatuur gewoonlik af van die spesifieke samestelling van die betrokke polisisteam, maar vertaalde literatuur staan gewoonlik in die sekondêre posisie. (Even-Zohar, 1990:46-47.)

Die posisie van vertaalde literatuur in die polisisteam beïnvloed die vertaalstrategie: as die literatuur in 'n primêre posisie is, voel vertalers nie verplig om die doelliteratuur se modelle na te volg nie, en hulle is meer bereidwillig om konvensies te verbreek. Hulle produseer dan 'n doelteks wat meer *adekwaat* is. Dit kan weer lei tot nuwe brontaalmodelle. As die literatuur sekondêr is, is vertalers geneig om bestaande doelkultuurmodelle vir die

---

<sup>2</sup> Volgens Lourens is die woord 'kanon' afkomstig van die Griekse 'kanoon', wat 'reël', 'rigsnoer' of 'maatstaf' beteken (1997:18). Die term 'kanon' het mettertyd ook konnotasies van 'seleksie' en 'norm' verkry; "[d]ie implikasie hiervan is dat 'n sekere stel norme wat deur sekere gesaghebbende persone of instansies gehandhaaf is, die kriterium vir opname in 'n kanon geword het" (Lourens, 1997:18).

doelteks te gebruik en word meer *aanvaarbare* vertalings geproduseer (sien afdeling 2.3.2 vir definisies van en 'n onderskeid tussen adekwate en aanvaarbare vertalings). (Even-Zohar, 1990:50-51.) Die aanname word gemaak dat die Afrikaanse vertaler hoofsaaklik<sup>3</sup> 'n adekwate vertaling geskep het, aangesien sy probeer het om te behou wat sy kon, en te verander wat sy nie kon behou nie (Oosthuysen, 2003b). Aangesien daar nie beduidende verskille tussen die Britse en die Suid-Afrikaanse kulture literêre sisteme is nie (sien afdeling 3.4.1.4), sou sy eerder 'n meer aanvaarbare vertaling kon skep wat hou by die doeltekstnorme en -verwagtinge.

Die polisisteamteorie het 'n wesenlike bydrae tot vertaalstudie gemaak, onder andere deurdat dit 'n wegbeweg van die geïsoleerde bestudering van individuele tekste veroorsaak het na 'n bestudering van vertaling binne die kulturele en literêre sisteme waarbinne dit funksioneer (Gentzler, 1993: 120-125). Deur die bydrae van die polisisteamteorie word vertaling binne 'n breër konteks bestudeer en daar word gefokus op die vertaalde teks as 'n entiteit wat uit eie reg in die doelpolisisteam bestaan. Dit sluit dus aan by die funksionalistiese benadering tot vertaling, aangesien dit ook in hierdie benadering 'n vereiste is dat die vertaling as 'n onafhanklike teks in die doelkultuur moet funksioneer.

### **2.3.2 Toury se normatiewe model**

Die polisisteambenadering het nie net gelei tot 'n ondersoek van vertaalde tekste as 'n literatuurliggaam in eie reg nie, maar het ook die weg gebaan vir Toury se konsep van norme en sy navorsingsmetodologie bekend as DTS. Die doel van Toury se studie is om neigings in vertaalgedrag te onderskei, om veralgemenings te maak oor die besluitnemingsproses van die vertaler, en om die norme wat in werking was tydens vertaling te herstruktureer en hipoteses te maak wat deur toekomstige deskriptiewe studies getoets kan word. Dit sluit ook die uitbreiding van die ondersoek na meer as net 'n studie van vertaalde tekste in, naamlik die studie van evaluering van vertaling, byvoorbeeld vooroorde, resensies, ens. (Toury, 1995b:14-19.)

---

<sup>3</sup> Soos in afdeling 2.3.2 verduidelik word, is vertalings gewoonlik 'n mengsel van adekwaat en aanvaarbaar.

Toury se benadering sluit aan by die funksionaliste deurdat dit gekenmerk word deur 'n fokus op die doeltteks en -kultuur. Toury beskou dit as redelik om aan te neem dat enige navorsing oor vertaling by die waarneembare feite moet begin, met ander woorde die vertaalde tekste en hulle konstituerende elemente; van daar af kan daar dan beweeg word na die herkonstruksie van die waarneembare feite, met ander woorde die vertaalprosesse (Toury, 1995a:18). Toury lê ook klem daarop dat vertalers bowenal volgens die belange van die doelkultuur werk, en nie in belang van die bronteks of -kultuur nie (1995a:19) (die funksionaliste se vooropstelling van die doelkultuur is in afdeling 2.2.2 uiteengesit). Hatim verduidelik dat die rede vir die fokus op die doeltteks nie soseer 'n gebrek aan belangstelling in die tekstuele besonderhede van die bronteks is nie, maar eerder 'n sosiologies gemotiveerde plan om uit te vind wat presies gebeur wanneer vertalings geskep word (2001:73).

Hermans kritiseer die konvensionele benadering tot literêre vertaling waarin die oppergesag van die bronteks gebruik word om die oorspronklike teks se voortreflike eienskappe te demonstreer deur vertalings bloot te gebruik om foute en onvoldoendheid te beklemtoon (1985:8). Hy beskou hierdie tipe bronteksoriëntasie as "repetitive, predictable and prescriptive – the implicit norm being a transcendental and utopian conception of translation as reproducing the original, the whole original and nothing but the original" (Hermans, 1985:9). (In afdeling 2.2.4 is die status van die bronteks volgens die funksionalistiese benadering bespreek.)

Toury beskou vertaling dus as 'n aktiwiteit wat deur norme beheer word, en hierdie norme bepaal die tipe en mate van ekwivalensie wat in die vertalings manifesteer (Toury, 1995b:37). Toury gebruik die term 'norm' as 'n deskriptiewe analitiese kategorie wat op grond van die reëlmatigheid van gedrag bestudeer word. Dit is nie bedoel as 'n preskriptiewe stel opsies wat as wenslik voorgehou word nie (Toury, 1980:57).

Norms [are] the translation of general values or ideas shared by a group – as to what is conventionally right and wrong, adequate and inadequate – into performance instructions appropriate for and applicable to particular situations, specifying what is prescribed and forbidden, as well as what is tolerated and permitted in a certain behavioural dimension. (Toury, 1998:15)

Toury identifiseer verskillende tipes norme wat tydens verskillende fases van die vertaalproses in werking is. Die *inisiële norm* verwys na 'n algemene keuse wat deur vertalers gemaak word. Vertalers kan hulleself onderwerp aan die norme wat in die bronteks realiseer of aan die norme van die doelkultuur en -taal (Toury, 1995b:56). As die vertaler gerig word volgens die norme van die bronteks en -taal is die vertaling 'adekwaat' (Toury se 'adequacy'),<sup>4</sup> en die vertaling is teenstrydig met die linguistiese en literêre norme van die doelsisteem. As die doelkultuurnorme vooropgestel word, is die vertaling 'aanvaarbaar' (Toury se 'acceptability') in die doelkultuur (Toury, 1995b:56-57). Vertalings is egter gewoonlik 'n mengsel van hierdie twee uiterstes. (Volgens Nord hang die prioriteit wat aan die bronkultuur of die doelkultuur gegee word ook af van norme. Nord noem dit eerder 'konvensies', sien afdeling 2.3.3.1 vir haar definisie van 'konvensies' (1991a:99).) (Sien ook afdeling 5.3 vir 'n bespreking oor die inisiële norm waaraan die vertaler van die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke gekonformeer het.)

Talle skrywers kritiseer Toury se terme 'adequacy' en 'acceptability'. Volgens Hermans is die terme verwarrend omdat hulle ander, waardeoordelende konnotasies in ander kontekste het (1999:77). Hy stel voor dat 'brongeoriënteerd' in plaas van 'adekwaat' gebruik word, en 'doelgeoriënteerd' in plaas van 'aanvaarbaar' (Hermans, 1999:77). Vanuit 'n funksionalistiese

---

<sup>4</sup> Toury het die begrip 'adequacy' van Even-Zohar verkry, wat dit definieer as 'n vertaling "[that] realizes in the target language the textual relationships of a source text with no breach to its own [basic] linguistic system" (Toury, 1995b:56).

perspektief is Hermans se terme meer gepas, en vervolgens word 'brongeoriënteerd' en 'doelgeoriënteerd' in hierdie konteks gebruik.

*Voorlopige norme* is van 'n laer orde, en verwys na vertaalbeleide (d.i. faktore wat die keuse van tekste vir vertaling in 'n spesifieke taal, kultuur of tydperk bepaal) asook na die direktheid van vertaling (met ander woorde 'n sekere samelewing se verdraagsaamheid of onverdraagsaamheid ten opsigte van 'n vertaling wat gebaseer is op 'n teks in 'n tussentaal eerder as op die brontaaltekste (Toury, 1995b:58). (Sien afdeling 2.3.2.1.2 vir 'n bespreking oor tussentale.)

*Operasionele norme* het te make met besluite wat tydens, eerder as voor, die werklike daad van vertaling gemaak word (Toury, 1995b:58). Toury onderskei tussen twee tipes operasionele norme, naamlik *matriksale* ('matricial') *norme* en *tekstueel-linguistiese norme*. Matriksale norme behels die manier waarop tekstuele materiaal versprei is, hoeveel van die teks vertaal is, asook enige verandering in die segmentasie, byvoorbeeld weens weglating of toevoeging (Toury, 1995c:202) (in hoofstuk 3 word die tekstuele verspreiding van materiaal oorsigtelik ondersoek as deel van die makrostrukturele analise van die doeltekste). Tekstueel-linguistiese norme is van toepassing by die seleksie van spesifieke tekstuele materiaal om die doeltekste te formuleer of om sekere segmente van die brontekste te vervang (Toury, 1995b:59) (in hoofstuk 4 word hierdie norm ondersoek aan die hand van die vertaalprobleme in die brontekste en die vertaler se oplossings daarvan).

### **2.3.2.1 Toury se 'wette' van vertaling**

Toury se doelwit met die identifisering van norme is die uiteindelijke formulering van universaliteite ('universals') van vertaling en waarskynlikheidswette ('probabilistic laws').

Waar norme sosiaal en kultureel bepaal word en oor tyd verander, verteenwoordig universaliteite algemene neigings wat onafhanklik van die vertaler, die taal, genre of tydperk waargeneem word (Kenny, 2001:53).



Universaliteit is nie bloot norme wat geen afwyking toelaat nie – universaliteit hou, anders as norme, verband met kognitiewe faktore eerder as sosiale faktore (Kenny, 2001:53). Universaliteit is linguistiese verskynsels wat tipies in vertaalde tekste voorkom (eerder as in oorspronklike tekste) en wat onafhanklik is van die invloed van die spesifieke taalpaar betrokke by die vertaalproses (Baker, 1993, in Laviosa-Braithwaite, 1998:288). Voorbeelde van universaliteit sluit in vertalers se neiging om implisiete inligting in die bronteks meer eksplisiet in die doelteks te maak (eksplisering) (Chesterman, 1993:4), of om inligting in die bronteks eenvoudiger te maak (Kenny, 2001:53). Ander universaliteit wat nagevors word, is die neiging om te beweeg na 'n “middle course between poles such as those of orality and literacy – a tendency Baker has dubbed ‘levelling out’”, en die verskynsel dat herhalings wat in die bronteks voorkom, nie in die doelteks nagevolg word nie (Kenny, 2001:53). Universaliteit kan voorspel word en dra nie die ‘waarskynlikheidsaspek’ van Toury se wette nie, alhoewel baie teoretici beweer dat daar nie 'n beduidende verskil is tussen die aard van universaliteit en Toury se wette nie.

'n Voorbeeld van die universaliteit ‘eksplisering’ in die vertalings van Harry Potter verskyn op p. 18 van HPA5:<sup>5</sup>

*Dudley lê nog steeds opgekrul en kerm bewend. Harry buk oor hom om te sien of hy hoegenaamd kan opstaan, maar dan hoor hy harde voetstappe agter hom. Iemand hardloop nader. Hy lig sy towerstaf instinktief en tol om op sy hakke om die nuweling te konfronteer.* In HPE5, p. 23, verskyn die oorspronklike paragraaf: *Dudley lay curled up on the ground, whimpering and shaking. Harry bent down to see whether he was in a fit state to stand up, but then he heard loud, running footsteps behind him. Instinctively raising his wand again, he span on his heel to face the newcomer.* Die vertaler het die sin ‘Iemand hardloop nader’ in die vertaling bygevoeg om die implisiete inligting in die bronteks, naamlik dat die persoon nader kom en ook dat die

---

<sup>5</sup> Die verklaring van HPA5 is as volg: HP = Harry Potter; A = Afrikaans; 5 = die vyfde boek in die reeks. HPE4 verwys dus byvoorbeeld na die vierde Engelse boek in die reeks.

persoon hardloop (wat bevestig word deur die sin wat volg op bogenoemde aanhaling, naamlik *Mrs Figg [. . .] came panting into sight*) te eksplisiteer.

Toury se waarskynlikheidswette word gebruik ten einde voorspellings oor reëlmatighede in vertaling wat gereeld waargeneem word en die faktore wat op hulle inspeel, te omskryf as stellings oor die “likelihood that a kind of behaviour, or surface realization, would occur under one set of specifiable conditions or another” (Toury, 1995b:16).

Toury is fel gekritiseer vir sy gebruik van die preskriptiewe term ‘wet’ – talle skrywers beskou dit eerder as hipotese wat getoets en verfyn moet word op grond van meer uitgebreide studies (Kenny, 2001:54). Venuti se mening oor die term ‘wet’ is dat dit gewoonlik geassosieer word met die natuurwetenskappe (indien dit verstaan word as ’n deskriptiewe stelling van algemene beginsels), en hy interpreteer Toury se gebruik van die term as ’n poging om sy “claim of scientificity” te probeer versterk (1997, in Kenny, 2001:54). Chesterman stel voor dat die term ‘wet’ beskou moet word as ’n ‘waarneembare realiteit’, ’n suiwer deskriptiewe, empiriese verslag van werklike vertaaloptrede, wat die vorm aanneem van: “Under conditions ABC, translators (tend to) do (or refrain from doing) X” (Chesterman, 1993:2).

Vir Toury is die uiteindelijke doel van vertaalwette om die inherente verhoudings daar te stel wat tussen al die veranderlikes in vertaling voorkom (Toury, 1995b:16). Hermans bevraagteken hierdie stelling, en stel dit dat só ’n poging op die aanname berus dat *alle* veranderlikes wat relevant is vir vertaling, asook *al* die verhoudings tussen hierdie veranderlikes, bekend kan wees, en ook dat dit die vraag na vore bring *wie* besluit *wat* relevant is vir vertaling (1999:92).

Vervolgens word die tentatiewe wette wat Toury voorstel, bespreek.

### **2.3.2.1.1. Die wet van toenemende standaardisering ('law of growing standardisation')**

Toury beskryf hierdie wet as volg: "[t]extual relations obtaining in the original are often modified, sometimes to the point of being totally ignored, in favour of [more] habitual options offered by a target repertoire"<sup>6</sup> (Toury, 1995b:268).

Hiermee word bedoel dat die linguistiese keuses wat vertalers maak om een of ander rede meer konvensioneel vanuit die oogpunt van die doeltaal is as die keuses wat deur die oorspronklike outeurs gemaak word vanuit die oogpunt van die brontaal (Toury, 1995b:268). Hierdie wet stem baie ooreen met die hipotetiese universaliteit van normalisasie in vertaling, wat beteken dat vertalers geneig is om digte netwerke van skakels in die bronteks te ontkoppel en te vervang met meer alledaagse keuses in die doeltaal (Kenny, 2001:56). Opsetlike dubbelsinnighede in die bronteks word byvoorbeeld vereenvoudig in die doelteks, en oorspronklike metafore word deur meer standaardformulerings vervang. Standaardisering het egter nie by die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter* plaasgevind nie, soos duidelik blyk uit Oosthuysen se leenvertalings van oorspronklike metafore wat baie kreatief deur die oorspronklike outeur gebruik is (sien afdeling 4.4.5 vir voorbeelde hiervan). Normalisasie was beslis nie die vertaler se oogmerk nie.).

### **2.3.2.1.2 Die wet van interferensie ('law of interference')**

Toury stel dit dat hierdie wet verwys na "phenomena pertaining to the make-up of the source text [that] tend to be transferred to the target text", en beskryf dit as die kopiëring van die bronteks se linguistiese eienskappe (meestal leksikale en sintaktiese patrone) in die doelteks (1995b:275). Hierdie oordrag vind óf op 'n negatiewe wyse plaas (omdat dit nie-normale<sup>7</sup> doeltekspatrone veroorsaak, dit wil sê afwyk van normale, gekodifiseerde praktyke in die

---

<sup>6</sup> Die term 'repertoire' word as volg deur Even-Zohar beskryf: "the aggregate of rules and materials which govern both the making and the use of any given product". Die 'repertoire' kan dus beskryf word as die versameling reëls en items waarmee 'n spesifieke teks geproduseer en verstaan word (1990, in Shuttleworth & Cowie, 1997:143).

<sup>7</sup> Munday gebruik doelbewus die term "nie-normaal" as verskillend van "abnormaal", aangesien die graad van afwyking vanaf 'normaal' as kleiner beskou kan word in die eersgenoemde term.

doelsisteem), óf op 'n positiewe wyse (omdat die teenwoordigheid van eienskappe in die bronteks wat nie nie-normaal sal wees in die doelteks nie, daartoe lei dat die vertaler meer geneig is om dit te gebruik, met ander woorde daar is 'n groter neiging om verskynsels te kies wat wel bestaan en in elk geval gebruik word) (Toury, 1995b:275). Toury stel dit dat interferensie wel in sommige gevalle as 'n doelbewuste strategie gebruik kan word, byvoorbeeld in 'n poging om die doelkultuur of -taal te verryk (in domeine waarin verryking nodig is) as deel van 'n kulturele beplanningsaksie (1995b:279).

Volgens Toury hang die toleransie van interferensie van sosio-kulturele faktore en die prestige van die onderskeie literêre sisteme af – daar is dus meer toleransie indien daar vanuit 'n invloedryke taal of kultuur vertaal word, veral as die doeltaal of -kultuur as 'n 'mindere' geag word (Toury, 1995b:278). Hierdie manifestering van die voorlopige norm (soos gedefinieer in afdeling 2.3.2) in die doelkultuur (met ander woorde die toleransie van 'n onnatuurlike doelteks) word weerspieël in die toekenning van vertaalpryse aan die Afrikaanse vertaler van die *Harry Potter*-boeke asook in die dominante posisie wat die Britse *Harry Potter*-boeke wêreldwyd geniet.

Vir Even-Zohar is die totale handeling van vertaling 'n geval van interferensie, wat hy in verband bring met vertaling se posisie in die literêre polissisteem en beskryf as “a relation(ship) between literatures whereby a certain literature A (a source literature) may become a source of direct or indirect loans for another literature B (a target literature)” (1990:54, aangehaal in Hermans, 1999:109). (Sien ook afdeling 3.4.1.4 waar die Britse invloed op die (Suid-) Afrikaanse leksikon bespreek word.)

Die werking van hierdie wet hang af van die besondere manier waarop die bronteks verwerk word, in die sin dat “the more the make-up of a text is taken as a factor in the formulation of its translation, the more the target text can be expected to show traces of interference” (Toury, 1995b:276). Weereens kom die Afrikaanse vertaler se beskouing van die dominansie van die Britse

bronteks hier aan die lig. Volgens die vertaler het sy 'verander wat sy moes, en behou wat sy kon' en het sy ook geïnhibeer deur die Britse uitgewers gevoel en vervolgens gevoel dat sy so na moontlik aan die bronteks moes hou (Oosthuysen, 2003b). Hierdie inhibisie is moontlik deels verklarend vir die interferensie in die doelt tekste.

Die mate waarin interferensie in die doelt eks voorkom, hang ook van die professionele ervaring van die vertaler af. Hierdie faktor, tesame met die sosio-kulturele toestande waaronder 'n vertaling geproduseer en gebruik word, is as voorwaardes in die wet van interferensie ingebed. Toury is van mening dat "even when taking the source text as a crucial factor in the formulation of its translation, accomplished translators would be less affected by its actual make-up" (Toury, 1995b:277). (In hoofstukke 3 en 4 word interferensie in die Afrikaanse vertalings van die *Harry Potter*-boeke in meer detail bespreek. In hoofstuk 3 word linguistiese interferensie voorgehou as 'n metode om die doelt eks makrostruktureel as 'n vertaalde teks te herken, en in hoofstuk 4 word voorbeelde van interferensie uit die twee doelt eks gekategoriseer.)

Vir Toury bestaan die moontlikheid dat vertaalde uitinge in 'n spesifieke taal of kultuur wel 'n spesiale sisteem of sisteme (met 'n subsistemiese aard) van hulle eie kan vorm, "if only because of the universality of interference occurring in translated texts" (1995a). Die verskynsel 'translationese', wat tot die produksie van 'n tussentaal lei, kan inderwaarheid as só 'n subsisteem beskou word.

Die term 'translationese' word gebruik as 'n pejoratiewe term om te verwys na 'n afhanklikheid van die brontaal wat lei tot doeltaalgebruik wat onnatuurlik, ondeurdringbaar of selfs komies is (Shuttleworth & Cowie, 1997:187). 'Translationese' word tipies veroorsaak deur 'n uitermate letterlike benadering tot die vertaalproses (wat telkens die geval in die Afrikaans *Harry Potter*-boeke is, soos in hoofstuk 4 uitgewys word), of onvoldoende kennis van die doeltaal (Shuttleworth & Cowie, 1997:187). Volgens Shuttleworth en Cowie

sluit eienskappe wat tipies is van hierdie verskynsel onvanpaste brontaalmetafore (sien afdeling 4.4.5), onnatuurlike woordorde (afdeling 4.4.18) en die gebruik van terminologie wat onnatuurlik klink in die doeltaal (afdeling 4.4.15). Volgens Duff kan 'n vertaling slegs as 'n koherente entiteit beskou word as daar nie 'n mengsel van style, tale en brontaal- en doeltaalelemente in die vertaling is nie (1981:12, aangehaal in Shuttleworth & Cowie, 1997:187). Gellerstam bevestig dat 'translationese' nie bloot verwys na "anecdotal instances of bad translations" nie, maar eerder na 'n sistematiese invloed van die brontaal op die doeltaal (1986:88, aangehaal in Shuttleworth & Cowie, 1997:188). Dit kan dus as 'n tipe interferensie geklassifiseer word. Teoretici soos Robinson en Venuti is van mening dat 'translationese' nie noodwendig met swak vertaling geassosieer moet word nie, en sê dit het 'n kulturele taboe geword vir 'n vertaling om soos 'n vertaling te klink (Shuttleworth & Cowie, 1997:188) (sien afdeling 3.5.2.1 oor die sigbaarheid van die vertaler en natuurlike styl in vertalings).

'Translationese' verteenwoordig 'n buitengewone afwyking van doelnorme, en staan ook bekend as 'n tipe 'tussentaal'. In hoofstuk 4 kom talle voorbeelde in die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke wat lei tot onnatuurlike taalgebruik, oftewel voorbeelde van 'translationese', aan bod as verskynsels van interferensie. In vertaalteorie word ook onderskei tussen inversiewe en direkte vertaling, waar inversiewe vertaling dui op vertaling wat vanuit die vertaler se moedertaal gedoen word, en direkte vertaling na vertaling wat in die vertaler se moedertaal gedoen word. Die vertaler van die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke is wel Afrikaanssprekend, maar skryf by voorkeur en dink hoofsaaklik in Engels (Oosthuysen, 2003b), wat daartoe lei dat sy inderwaarheid bykans inversief vertaal – 'n moontlike verklaring vir die voorkoms van haar eie tussentaal.

Volgens Munday is Toury se twee waarskynlikheidswette tot 'n mate teenstrydig, aangesien die wet van toenemende standaardisering doelteksgeoriënteerde norme uitbeeld, terwyl die wet van interferensie bronteksgeoriënteerd is (2001:117-118). Hy stel voor dat die wet van

interferensie aangepas of selfs vervang word deur 'n nuwe wet, naamlik die 'wet van verminderde beheer oor linguistiese verwesenliking in vertaling' ('reduced control over linguistic realisation in translation'). Volgens hom sal hierdie wet moontlik sommige van die verskillende faktore wat die vertaalproses beïnvloed, byeenbring. Hierdie faktore sluit in die effek van bronteks-modellering, 'n voorkeur vir helderheid en vermyding van dubbelsinnigheid in doeltekste asook die werklike oorwegings van die vertaler, soos die behoefte om die effektiwiteit van denkpensesse te vergroot en die belangrikheid van besluitneming onder tydsdruk. (Munday, 2001:118.)

Tydsdruk was byvoorbeeld wel 'n groot faktor tydens die produksie van die Afrikaanse vertaling van die vyfde *Harry Potter*-boek, aangesien die bronteks in Julie verskyn het en die doelteks in Oktober gereed moes wees om betyds vir die Kersfeesmark op die rakke te wees. Die vertaler het nie vroeër as die algemene publiek toegang tot die doelteks gehad nie, en moes 'n hoofstuk in twee dae vertaal voordat dit na die uitgewers se redigeerders gestuur is (Oosthuysen, 2003b). Die oorwegende fokus behoort egter steeds te wees op die kwaliteit van die doelteks, die skopos daarvan, en die doelteks se vermoë om as onafhanklike teks in die doelkultuur te funksioneer.

### **2.3.3 Chesterman se 'meme' en norme**

Chesterman baseer sy teorie oor norme op die idee van 'meme'. 'n Meem word gedefinieer as 'n eenheid van kulturele oordrag, of 'n eenheid van nabootsing. Die woord is aangepas van die Griekse 'mimeme' om dieselfde te klink as 'gene' omdat dit ooreenstemmende eienskappe het:

Examples of memes are tunes, ideas, catch-phrases, clothes fashions, ways of making pots or building arches. Just as genes propagate themselves in the gene pool by leaping from body to body via sperm and eggs, so memes propagate themselves in the meme pool by leaping from brain to brain via a process which, in the broad sense, can be called imitation. If a scientist hears, or reads about, a good idea, he passes it on to his colleagues and students. He mentions it in his articles and lectures. If the idea catches on, it can be said to replicate itself, spreading from brain to brain. (Dawkins, 1976, aangehaal in Chesterman, 1997:5.)

Chesterman onderskei tussen agt meem-komplekse (wat nie noodwendig in chronologiese volgorde gelys is nie, aangesien daar elemente van baie van hierdie komplekse in die ander voorkom) – elk met toepaslike metafore vir vertaling.

- Die eerste meem-kompleks is *woorde*. Vertaling word gesien as 'n oordrag van woorde en die metafoor “translation is rebuilding” is hier van toepassing, gebaseer op die idee dat die betekenis van 'n woord nie verander as dit in 'n ander vorm uitgedruk word nie (Chesterman, 1997:20-21).
- Die tweede is die idee van die bronteks as die “*Woord van God*”, met 'n beweging weg van die fokus op individuele woorde na die strukture waarin die woorde gerangskik is. Vertaling is ondergeskik aan die bronteks en die metafoor vir hierdie kompleks is “translation as copying”. (Chesterman, 1997:21-23.)
- Die derde meem-kompleks is die *retoriese* fase. Vertalings word nie gesien as letterlike kopieë van die oorspronklike nie, maar as interpretasies wat moet mik na stilistiese ekwivalensie. Vertalings word as belangrik geag omdat dit die doeltaal verryk. Die verwante metafoor is “translation as cannibalism”, omdat dit die waarde van die oorspronklike



teks absorbeer en die doeltaal en -kultuur voed. (Chesterman, 1997:23-26.)

- Chesterman noem die vierde kompleks “*Logos*”, ’n stadium waarin vertaling as “enlightment” beskou is. Daar word gereken dat vertalers taal vorm en ’n nasionale kultuur ontwikkel deur die invoer van nuwe idees. Die idee is om ’n ‘suiwer’ taal te verkry, en die metafoor is “translating as creating”. (Chesterman, 1997:26-29.)
- Die vyfde kompleks is *linguistiese wetenskap*. Tale word beskou as versamelings wiskundige tekens en die metafoor ter sake is “translating is transcoding”. Die benadering is tipies van ontwikkelings in masjienvertaling, en ook van Eugene Nida se dinamiese ekwivalensie. (Chesterman, 1997:30-33.)
- In die sesde meem-kompleks is die tema *kommunikasie*, waarvolgens die vertaler gesien word as ’n kulturele bemiddelaar en ekspert. Die klem is op kommunikatiewe doelmatigheid en die skopos van ’n vertaling. Die metafoor hier betrokke is “sending a message to someone” en ’n kenmerk van hierdie fase is die geleidelike verswakking van die belangrikheid van die bronteks. (Chesterman, 1997:33-36.) (Hierdie benadering kenmerk die funksionalistiese benadering tot vertaling, soos uiteengesit in afdeling 2.2)
- Die sewende kompleks is die *doel*, waarin daar gefokus word op hoe vertalings in werklikheid daar uitsien, eerder as hoe hulle behoort te lyk, asook op wat vertalers doen. In hierdie deskriptiewe benadering is die dinamiese konsep van die polisistiem vooropgestel. Die invloed op die vertaler se norme word as belangrik geag, en die metafoor van hierdie kompleks is dan ook “translation as manipulation”. (Chesterman, 1997:36-40.) (Hierdie meem-kompleks word dus vergestalt in die deskriptiewe benadering tot vertaling.)
- Die agtste kompleks behels *kognisie*, en die metafoor vir vertaling hier is “translation is thinking”. Daar word gepoog om agter te kom wat in die vertaler se kop aangaan, en die idees wat op die voorgrond is, is dat vertalers bewustheid van hulleself moet kweek, en dat vertaling ’n besluitnemingsproses is. (Chesterman, 1997:40-42.)

Volgens Chesterman word meme wat vir 'n bepaalde tyd in die 'meme-pool' oorleef weldra norme, en die algemene mening in daardie betrokke tydperk sal wees dat vertalings wat in ander, kompeterende meme uitgevoer word, verkeerd is, of selfs nie eens as vertaling geld nie (1997:52). Chesterman is van mening dat norme meme is wat deur 'n gemeenskap aanvaar word as dat dit bevorderlik is vir gedrag – die gevolg is dat die norme dominant en invloedryk word ten opsigte van denke en gedrag (1997:52).

Volgens Chesterman funksioneer norme op grond van hulle sosiale bestaan plus die internalisering van die norme deur individuele mense van 'n gegewe samelewing (1993:5). Volgens hom is die funksie van norme die regulering van gedrag, die skep van sosiale orde, die bepaling van aanvaarbare afwykingsmarges, en dit spaar boonop tyd en moeite (Chesterman, 1993:5). Hy haal Bartsch se siening van norme aan: “[norms] reduce the complexity of perceiving and evaluating states of affairs and behaviour and thus make effective action possible” (1987:173, aangehaal in Chesterman, 1993:5).

Toury se konsep van norme fokus hoofsaaklik op hulle funksie as 'n deskriptiewe kategorie om vertaalpatrone te identifiseer. Volgens Chesterman oefen alle norme egter preskriptiewe druk uit. Hy stel 'n ander stel norme voor wat geskoei is op Toury se inisiële en operasionale norme.

Chesterman onderskei tussen *produk- of verwagtingsnorme* ('expectancy norms') en *professionele norme*. *Verwagtingsnorme* word gevestig deur die ontvangers van die vertaling en deur hulle verwagtinge van wat 'n sekere tipe vertaling moet wees (Chesterman, 1993:9). Faktore wat hierdie norme beïnvloed sluit in die heersende vertaaltradisie in die doelkultuur, die diskoerskonvensies van ooreenstemmende doeltaalgenres, asook ekonomiese en ideologiese oorwegings.

Volgens Chesterman word hierdie norme bekragtig op grond van hulle bestaan in die doeltaalgemeenskap en in die spesifieke kommunikatiewe situasie. So byvoorbeeld poog 'n vertaler om 'n doeltteks op só 'n wyse te

ontwerp dat dit sal voldoen aan die verwagtingsnorme wat daarop betrekking het. (Chesterman, 1993:10.) Chesterman haal Hermans aan: “the ‘correct’ translation . . . is the one that fits the correctness notions prevailing in a particular system . . . In other words: when translators do what is expected of them, they will be seen to have done well” (1991:166, in Chesterman, 1993:10).

Hermans beskou hierdie norme ook as konstituerende norme: as vertalers daarby hou, word hulle produkte geklassifiseer as (“genuine, proper, legitimate”) vertalings. Hierdie norm pen dus die grense van vertaling af. “Failure to observe them means that the product is likely to be called something other than translation – adaptation, paraphrase, travesty, parody, whatever” (Hermans, 1999:78). Chesterman voeg by dat dit wel kan gebeur dat die verwagtinge van die doeltaallesers nie baie hoog is nie, maar dat hierdie norme tog gedefinieer moet word op grond van lesers se verwagtinge van *goeie* tekste (1993:10). Volgens Chesterman word verwagtingsnorme soms bekragtig deur norm-outeite, soos dosente en literêre resensente (Chesterman, 1993). Dit is in die poging om aan verwagtingsnorme te voldoen dat die vertaler aan die professionele norme konformeer.

*Professionele norme* verwys na die norme wat gevorm word deur bekwame professionele gedrag, en is tipes produksienorme wat die aanvaarde metodes en strategieë van die vertaalproses reguleer (Chesterman, 1993:8). Sommige professionele norme beheer aspekte van vertaaloptrede soos bronteksanalise, die behoefte-analise van die voornemende lesersgroep, professionele gebruik van verwysingsbronne, ens. (Chesterman, 1993:8). Hierdie norme is hoofsaaklik afkomstig uit die wêreld van geakkrediteerde, professionele vertalers wie se gedrag as normerend beskou word (Chesterman, 1997:70). In die makrostrukturele analise van die doel- en brontekste in hoofstuk 3 kom die belangrikheid van hierdie norm aan die lig. Die Afrikaanse vertaler van die *Harry Potter*-boeke se gebrek aan vertaalopleiding en vertaalteoretiese kennis is moontlik ’n rede vir die

klaarblyklike afwesigheid van die professionele norm tydens die produksie van die brontekste.

Chesterman beweer dat alle professionele norme verdeel kan word in drie norme van 'n hoër orde, naamlik die *verantwoordelikeidnorm* ('accountability norm'), die *kommunikasienorm* en die *verhoudingsnorm* ('relation norm'). Die verantwoordelikeidnorm is 'n etiese norm, wat bepaal dat 'n vertaler sodanig moet optree dat die eise van lojaliteit aan die oorspronklike outeur nagekom word, asook dié teenoor die opdraggewer en die voornemende lesersgroep (Chesterman, 1993:8). Dit behels dus professionele standaarde van integriteit en deeglikheid, en beteken dat die vertaler verantwoordelikeid aanvaar vir die vertaling wat gedoen word (Chesterman, 1997:68). (Hierdie norm stem ooreen met Nord se konsep 'lojaliteit' as 'n integrale deel van die funksionalistiese vertaalbenadering – sien afdeling 2.2.5.)

Die kommunikasienorm is 'n sosiale norm, en behels dat die vertaler op só 'n wyse as kommunikasie-ekspert moet optree dat optimale kommunikasie tussen die oorspronklike skrywer en/of die opdraggewer en die voornemende lesersgroep plaasvind (Chesterman, 1993:8). Volgens die Afrikaanse vertaler van die *Harry Potter*-boeke was daar geen kommunikasie tussen haar en die oorspronklike skrywer of die inisieerder nie (die opdrag vir die Afrikaanse *Harry Potter*-vertalings word in afdeling 3.3 bespreek).

Die verhoudingsnorm is 'n linguistiese norm, en behels dat die vertaler op só 'n manier optree dat 'n geskikte verhouding tussen die bron- en doeltteks gevestig en onderhou word (Chesterman, 1993:9). Volgens Chesterman word die aard van hierdie verhouding (die tipe en graad van ekwivalensie) deur die vertaler op grond van sy/haar begrip van die intensies van die oorspronklike outeur en/of die opdraggewer, die tipe en skopos van die teks en die aard van die voornemende lesersgroep bepaal (Chesterman, 1993:9). Die bepaalde

gelyksoortigheid<sup>8</sup> wat behaal moet word kan hoofsaaklik formeel (in die geval van regskontrakte), stilisties (literêre tekste), semanties (wetenskaplike artikels), of 'n kwessie van algehele effek wees (soos in die geval van toerismebrosjures of advertensies) (Hermans, 1999:78). Die gelyksoortigheid wat in die geval van die *Harry Potter*-vertalings bereik moet word, is stilisties, semanties en dié van algemene effek. Die gebrek aan 'n duidelik gedefinieerde vertaalskopos tydens die produksie van die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke bring mee dat hierdie gelyksoortigheid nie verkry is nie.

### 2.3.3.1 Chesterman se hipoteses

Chesterman formuleer ook gedrags'wette' vir vertaling, wat meer die vorm aanneem van hipoteses wat getoets kan word. Sy drie hipoteses sluit in die *wet van interferensie*, waarvolgens die bronteks spore in die doelteks se linguistiese strukture laat, selfs wanneer die vertaling deur 'n professionele vertaler gedoen is (dus dieselfde as Toury se wet van interferensie); die *wet van verklaring*, waarvolgens die aanbod van inligting in vertalings meer eksplisiet is as in die oorspronklike teks (dus ooreenstemmend aan die universaliteit 'eksplisering'; en die *wet van stilistiese gelykmaking* ('flattening'), wat ooreenstem met Toury se wet van standaardisering (Chesterman, 1997:71). Chesterman beklemtoon dit dat vertaalwette waarneembare gedragsreëlmatighede beskryf, en dat hulle empiries en weerlegbaar is, omdat dit getoets en dan bevestig kan word, al dan nie.

Volgens Hermans is Chesterman se norme te onduidelik en ondeursigtig, aangesien die verantwoordelikheds- en die kommunikasienorm op enige vorm van kommunikasie van toepassing is, nie net op vertaling nie, en omdat die verhoudingsnorm ons volgens hom bloot teruglei na die kwessie van wat as 'n vertaling geag kan word (1999:79). Hermans verkies Nord se *konstituerende en regulerende norme* (of konvensies, soos sy dit noem).<sup>9</sup>

<sup>8</sup> Volgens Chesterman word vertaalekwivalensie eerder beskou as 'n soort gelyksoortigheid ('similarity') eerder as eendersheid ('sameness'). Die probleem met gelyksoortigheid is dat dit deels 'n kwessie van kennis is – twee entiteite 'is' gelyksoortig as hulle as sodanig deur iemand beoordeel word. (Chesterman, 1996:159.)

<sup>9</sup> Nord se definisie van 'konvensies' stem ooreen met Toury en Chesterman se definisies van 'norme'. Nord definieer konvensies as "implicit or tacit non-binding regulations of behaviour, based on common knowledge and the expectation of what others expect you to expect of them (etc.) to do in a certain situation" (Nord, 1997b:53). Daar is heelwat onenigheid in die literatuur oor die definisies van 'norme' en 'konvensies' – in hierdie studie word Toury en Chesterman se definisies gebruik.

Toury en Hermans beskou konvensies as reëlmatighede in gedrag wat effektiewe oplossings is vir probleme, en om hierdie rede dan die voorkeurhandelswyse vir individue in 'n gegewe situasie geword het. Konvensies groei uit presedente en sosiale gewoontes, en alhoewel daar nie eksplisiet daarop ooreengekom hoef te word nie, voorveronderstel dit wel gedeelde kennis en aanvaarding. Wanneer konvensies lank genoeg in hulle doel geslaag het, kan die verwagting dat 'n sekere handelswyse in 'n sekere situasie gevolg sal word, meer as net 'n voorkeuraksie word en 'n bindende karakter verkry. Op hierdie stadium word die konvensies 'norme'. (Hermans, 1999:81.)

In hoofstuk 5 word 'n kombinasie van Toury en Chesterman se normkategorieë gebruik ten einde die voorkoms of afwesigheid van norme in die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter* te bespreek, op grond van die makro- en mikrostrukturele analise in hoofstukke 3 en 4.

### **2.3.4 Die Manipulasieskool**

Die Manipulasieskool bestaan uit 'n groep teoretici, onder andere Theo Hermans, André Lefevere, José Lambert, Hendrik van Gorp en Susan Bassnett, met die doel om die kwaliteit van ekwivalensie tussen bron- en doelt tekste te ondersoek op grond van verskuiwings of manipulasies wat plaasgevind het (Naudé, 1999:8). Hulle uitgangspunt is ook, nes dié van funksionalisme en DTS, vanaf die doelt eks, en hulle stel dit dat vertaling een of ander vorm van manipulasie van die bronteks behels (Hatim, 2001:72). Hierdie manipulasie kan doelbewus wees (omdat vertaalwerk aangespoor word deur 'n verskeidenheid motiewe) of dit kan gebeur weens die druk wat uitgeoefen word deur verskillende linguistiese, literêre en kulturele kodes wat 'n impak op mekaar het (Hatim, 2001:72).

Die Manipulasieskool sien literatuur ook as deel van 'n sisteem met hiërgies gestruktureerde elemente, en glo dat vertaling 'n unieke posisie in hierdie sisteem het (Hatim, 2001:72). Hulle mening lui "[i]n the competition which goes on between major and minor cultures, languages, or varieties and

genres within the same language, it is assumed that power play is easier to act out in translation than in any other form of communication" (Hatim, 2001:72).

Hierdie groep bou voort op die werk van Even-Zohar en Toury, en ag dit nodig dat daar aaneenlopende tussenspel tussen teoretiese modelle en praktiese gevallestudies moet wees. Hulle staan 'n benadering tot literêre vertaling voor wat deskriptief, doelgeoriënteerd, funksioneel en sistematies is. Hulle stel ook belang in die norme en beperkinge wat die produksie en ontvangs van vertalings reguleer, in die verhouding tussen vertaling en ander tipes teksprosessering, in die plek en rol van vertalings in 'n gegewe literatuur en in die interaksie tussen onderskeie soorte literatuur. (Munday, 2001:120.)

Die Manipuliste Lambert en Van Gorp stel 'n skema voor vir die vergelyking van die bron- en die doelteks se literêre sisteme en vir die beskrywing van die verhouding daartussen (Lambert & Van Gorp, 1985:52-53).

Die skema word in vier fases ingedeel, naamlik die *voorlopige data*, die *makrofase*, *mikrofase* en die *sistemiese konteks*. Voorlopige data verwys na inligting op die titelbladsy, metateks<sup>10</sup> (byvoorbeeld die voorwoord), en die algemene strategie (byvoorbeeld of die vertaling gedeeltelik of voltooid is). Hierdie voorlopige data behoort te lei tot 'n hipotese oor fases twee en drie. Die makrofase behels die verdeling van teks, titels en aanbied van hoofstukke, die interne narratiewe struktuur en kommentaar deur die vertaler. Hierdie makro-analise behoort te lei tot 'n hipotese oor fase drie. In fase drie, die mikrofase, word verskuiwings op linguistiese vlak geïdentifiseer. Dit sluit in die leksikale vlak, grammatikale patrone, vorme van spraakreproduksie, die narratief en modaliteit. Die resultate van hierdie fase moet in interaksie met die makrofase wees, en op grond van die breër sistemiese konteks oorweeg word. In die sistemiese konteks fase word mikro- en makrovlakke, teks en teorie vergelyk en norme word geïdentifiseer. Intertekstuele verhoudings (met ander woorde verhoudings met ander tekste, insluitende ander vertalings) en

---

<sup>10</sup> Lambert en Van Gorp verwys hierna as 'paratekste' (1985).

intersistemiese verhoudings (dus verhoudings met ander genres en kodes) word ook beskryf. (Meer inligting hieroor word in afdeling 3.1 verskaf.)

## **2.5 Samevatting**

In hierdie hoofstuk is die teoretiese onderbou gelê as basis vir die makro- en mikrostrukturele analise wat in hoofstukke 3 en 4 volg. Die belangrikste uitgangspunte van die funksionalistiese benadering tot vertaling, wat die basis van hierdie studie vorm, is uiteengesit, en word in hoofstuk 3 gebruik om die skopos en die funksie van die *Harry Potter*-vertalings in die doelkultuur te bepaal en te beoordeel.

Die teoretiese uitgangspunte van DTS is uiteengesit ten einde die belangrikheid van vertaalnorme, vertaalstrategieë en besluitnemingsprosesse tydens die produksie van die vertaling uit te lig. Die effektiewe aanwending van teoreties gefundeerde strategieë en besluitnemingsprosesse sou kon bydra tot die suksesvolle produksie van 'n funksionele doelteks in die doelkultuur. Die wet van interferensie en die verskynsel 'translationese' word voorgehou as hoofsaak van 'n onnatuurlike Afrikaanse vertaling, en voorbeelde hiervan word uitgelig op grond van die makro- en mikrostrukturele analise wat in hoofstukke 3 en 4 volg.

Lambert en Van Gorp se skema word as basis gebruik vir die strukturele analise van die vertalings van *Harry Potter* in die makro- en voorlopige fase (hoofstuk 3) en die mikrofase (hoofstuk 4). Die bevindinge van genoemde analise word met vertaalteorie versoen in hoofstuk 5, waar die vertaler se norme ook geïdentifiseer word. Lambert en Van Gorp se skema het as 'n breë gids gedien waarby addisionele kategorieë vanuit 'n funksionalistiese gesigspunt toegevoeg is.



## **Hoofstuk 3: Makrostrukturele analise van die Afrikaanse *Harry Potter***

### **3.1 Inleiding**

Die Manipuliste Lambert en Van Gorp het 'n deskriptiewe model ontwerp waarvolgens die presiese verhoudings tussen die literêre sisteme van die bron- en doeltkulture ondersoek kan word. Die volgende verhoudings word in die model ondersoek: die verhoudings tussen individuele tekste (tussen die brontekste en die doelttekste); die verhoudings tussen die outeurs in die brontekste- en doelttekste-sisteme; die verhoudings tussen die lesers in hierdie twee sisteme; die intensies van die outeurs in die brontekste- en doelttekste-sisteme, en die korrelasie tussen hulle; die ontvangs in die twee sisteme, en die korrelasie daartussen; die outeur se posisie ten opsigte van ander outeurs in albei sisteme; die situasie van die bron- en doelttekste as tekste in verhouding tot ander tekste; die situasie van die lesers binne die onderskeie sisteme; en die verhouding tussen die literêre sisteme. (Lambert en Van Gorp, 1985:44.)

Op grond van hierdie skema kan probleme soos die volgende ondersoek word: of 'n sekere vertaling van 'n teks as 'n vertaling aangebied en beskou word, al dan nie; die woordeskat-, styl-, poëtiese en retoriese konvensies binne die bron- en doelsisteme; vertaalkritiek en -teorie in sekere tipes literatuur in sekere tye; groepe vertalings en vertalers; en die rol van vertaling in die ontwikkeling van 'n spesifieke literatuur (dus vertaling met innoverende of konserwatiewe funksies – sien die kort bespreking oor die rol van vertaalde literatuur in die polisisteem in afdeling 2.3.1).

Lambert en Van Gorp stel dit dat alhoewel die binêre vergelyking van bron- en doelttekste nie aanbeveel word nie (die 'reductionist approach'), aangesien dit nie die ander verhoudings (soos hierbo genoem) betrokke by die vertaalproses in ag neem nie, dit steeds belangrik is om te prioriseer aangesien dit onmoontlik is om al hierdie verhoudings op te som en in ag te

neem. Volgens hulle kan die model help om 'n sistematiese ondersoek te doen wat nie gebaseer is op *a priori*-beoordelings en oortuigings nie. Lambert en Van Gorp se mening is dat die vergelyking van bron- en doeltteks steeds 'n belangrike taak is, selfs in 'n sistemiese analise, aangesien daar gewoonlik min ander materiaal beskikbaar is vir die studie van vertaling en literêre sisteme. Hulle stel dit ook verder dat die verskillende vertaalstrategieë wat duidelik in die teks te bespeur is (sien afdeling 3.5.2.1 vir die bespreking oor die vertaalstrategie wat in die Afrikaanse *Harry Potter*-vertalings gebruik is) die mees eksplisiete inligting gee oor die verhouding tussen die bron- en doelsisteme, en oor die vertaler se verhouding in en tussen hierdie sisteme. In hierdie studie is interferensie in die doeltteks as uitgangspunt gebruik waarop die analise van die verhouding tussen bron- en doeltteks gebaseer is – dus moontlik slegs 'n onderdeel in 'n potensieël meer omvattende sistemiese analise van die bron- en doelttekste in hulle onderskeie sisteme, en die ander verhoudings hierby betrokke.

### **3.2 Uitleg van die model vir analise**

Soos in afdeling 2.3.4 verduidelik is, word Lambert en Van Gorp se skema in vier vlakke ingedeel, naamlik die *voorlopige data*, die *makrofase*, *mikrofase* en die *sistemiese konteks*. In hierdie studie is die skema uitgebrei ten einde die funksionalistiese vooropstelling van doel en funksie van die doeltteks ook in ag te neem.

Die skopos van die doeltteks word in 3.3 ondersoek, aangesien dit die algehele vertaalproses inlei en rig. In afdeling 3.4 word die voorlopige data geanaliseer. Die analise van die voorlopige data behels eerstens die bron- en doeltteksanalise (afdeling 3.4.1), wat die ondersoek na die funksie van die bron- en doelttekste, die eiening van die bron- en doeltaallesers, die tyd en plek van ontvangs en die medium insluit. Hierna word ondersoek ingestel of die doeltteks as 'n vertaling (afdeling 3.4.2) en ook as 'n vertaalde teks (afdeling 3.4.3) herken kan word.

In die makrostrukturele analise (afdeling 3.5) word die volgende ondersoek: die algemene teksstrukture (met ander woorde of die doeltteks 'n algemene of gedeeltelike vertaling is) (afdeling 3.5.1), die vertaalstrategie wat deur die vertaler gebruik is (3.5.2), die tydsaanduiding (afdeling 3.5.3) asook die karakterisering in die doeltteks (3.5.4), sowel as kohesie in die doeltteks (afdeling 3.5.5). Die mikrostrukturele analise vind in hoofstuk 4 plaas.

### **3.3 Die skopos van die doeltteks**

Volgens die skoposteorie is die vernaamste beginsel wat enige vertaalproses bepaal die skopos (of doel) van die totale vertaalhandeling. Nord onderskei tussen drie tipes skopoi wat in die vertaalproses ter sprake is, naamlik die doel waarna die vertaler mik in die vertaalproses (byvoorbeeld om geld daarmee te verdien), die kommunikatiewe doel van die doeltteks in die doelsituasie (byvoorbeeld om die funksie te hê om die leser in te lig) en die doel waarna gemik word deur 'n sekere vertaalstrategie of -prosedure (byvoorbeeld om letterlik te vertaal ten einde die struktuur van die bronteks uit te beeld) (Nord, 1997b: 27-28).

Nord (1997b:92-93) stel die volgende strategieë voor vir 'n doelgeoriënteerde benadering tot literêre vertaling:

- Die vertaler moet die bronteks nie net in ooreenstemming met die outeur se intensies interpreteer nie, maar ook in ooreenstemming met die bronteks se aanpasbaarheid by die doelsituasie. Die vertaler moet dus die doelteksprofiel met die inligting wat in die bronteks gebied word, vergelyk. Die vertaler moet ook nie net die outeur se intensies teenoor die bronkultuurontvangers analiseer nie, maar ook die moontlikhede wat die doelontvangers het om die bronteksinligting met hulle eie situasie en vooruitskouings of verwagtinge te koördineer. Om dit te vermag het die vertaler soveel inligting moontlik oor die doeltteksontvangers nodig.
- Die doeltteks moet op só 'n wyse saamgestel word dat dit funksies in die doelsituasie vervul wat versoenbaar is met die outeur se intensie. Wanneer die vertaler die bronteks analiseer, moet hy of sy probeer uitvind watter funksie(s) die bronteks in die bronkultuur vervul (het) (sien afdeling

3.4.1.2 vir 'n bespreking van die oorspronklike *Harry Potter*-boeke se funksie in die brontekstuur). Die vertaler moet dan besluit watter van hierdie funksies in die doeltekstuur bereik kan word en besluit of 'n dokumentêre of instrumentele vertaling die aangewese strategie sal wees (sien afdeling 3.5.2.1 vir die definisies en bespreking van hierdie strategieë).

- Die linguistiese elemente moet op só 'n wyse geselekteer word dat die doelteksteffek ooreenstem met die voorgenome doeltekstfunksies. Die vertaler moet, op grond van die brontekstanalise, besluit of en in watter mate hy of sy die brontekststyl wil nadoen, en of dit die geskikte manier is om die voorgenome funksie en effek in die doeltekstuur te verkry (byvoorbeeld om die doeltaal te verryk). In hierdie studie word dit voorgehou dat die doelteksteffek en die doeltekstfunksies in die geval van die Afrikaanse *Harry Potter*-vertalings nie ooreenstem nie. Hierdie stelling word gebaseer op die voorkoms van interferensie in die betrokke doeltekste en die moontlike vervreemdende effek wat dit op die doeltekstlesers kan hê.

Die doel van vertaalde literatuur is oor die algemeen om 'n vreemde literatuur aan 'n gehoor bekend te stel wat nie andersins daartoe toegang sou gehad het nie. In die geval van die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter*, is dit nie soseer die geval dat die grootste deel van die doeltekstuur nie toegang het tot die brontekst nie, aangesien Engels een van Suid-Afrika se elf amptelike tale is, en die meeste Afrikaanssprekendes Engels as 'n tweede taal magtig is. Die Afrikaanse vertalings is grotendeels gemik op die Afrikaanse jeug (die primêre doeltekstontvangers), wie se beheersing van Engels moontlik nog nie van só 'n aard is dat hulle die brontekste kan internaliseer en maklik kan verstaan nie. Die vertalings is dus hoofsaaklik gemik op 'n klein lesersgroep binne die doelgroep (aangesien die meeste volwassenes wat *Harry Potter* wil lees (die sekondêre doeltekstontvangers), dit met gemak in die Engels kan doen), met die doel om 'n fiksionele verhaal wat 'n wêreldfenomeen geraak het, in die plaaslike taal aan jong lesers oor te dra. Die brontaallesersgroep, daarteenoor, is in die geval van die *Harry Potter*-reeks 'n baie meer uitgebreide groep, aangesien nie net die brontekstuurontvangers dit lees nie,

maar ook 'n groot aantal volwassenes in ander kulture (soos wel in Suid-Afrika die geval is).

Volgens die skoposteorie is dit noodsaaklik dat die vertaler weet waarom die bronteks vertaal moet word, en watter funksie die doelteks in die doelkultuur sal speel. Hierdie inligting behoort in die vertaalopdrag vervat te word, en dit sou die Afrikaanse vertaler van die *Harry Potter*-boeke kon rig ten einde die gepaste vertaalstrategie (sien afdeling 3.5.2) toe te pas. Die Afrikaanse vertaler het geen vertaalopdrag (buiten die instruksie om te vertaal vanaf die Suid-Afrikaanse uitgewer) ontvang nie, en die rede waarom die bronteks vertaal moes word en die funksie van die bron- en doeltekste is gevolglik nie voor oë gehou nie. Die aanvanklike analise en beplanning, soos in hierdie hoofstuk uiteengesit, het glad nie plaasgevind nie, en die vertaaltaak is ondeurdag aangepak.

In die volgende afdeling word die analise van die bron- en die doelteks uitgevoer, en daar word getoets of die doelteks as 'n vertaling en as 'n vertaalde teks herken kan word. Hierdie ondersoek vorm deel van die voorbereidende fase tot die makrostrukturele analise van die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter*.

### **3.4 Voorbereidende fase**

#### **3.4.1 Bron- en doelteksanalise**

Die eerste stap in die voorbereidende fase van 'n funksionalistiese ondersoek na die makrostruktuur van die doeltekste is die analise van die brontekste (wat hoofsaaklik gedoen word op grond van 'n vergelyking tussen die profiel van die bron- en die doeltekste).

In afdeling 2.2.4 is die doel van 'n bronteksanalise uiteengesit. Alhoewel Nord se redes vir sogenaamde analise hoofsaaklik preskriptief van aard is (omdat dit inligting bied wat help met besluite wat voor die uitvoering van die vertaaltaak gemaak moet word, byvoorbeeld of die vertaaltaak wel uitvoerbaar is, watter eenhede van die bronteks relevant sal wees in 'n

funksionele vertaling van die doeltteks, en om 'n besluit te neem oor die mees geskikte vertaalstrategie), kan dit wel deskriptief toegepas word ten einde 'n uitspraak te maak oor die strategie en besluite van die vertaler van die Afrikaanse doelttekste.

Die bron- en die doeltteks moet vergelyk word op grond van die funksies wat die twee tekste in die onderskeie kulture speel, die bron- en doelttekslesers, die tyd en plek van teksontvangs en die medium waardeur dit gedoen is (1997b:63). Hierdie profielvergelyking vind vervolgens plaas.

#### **3.4.1.1 Die funksie van die bron- en doelttekste**

Volgens Vermeer verwys die funksie van 'n vertaling na wat die teks beteken of veronderstel is om te beteken vanuit die ontvanger se perspektief (1989:95, in Nord, 1997b:28) (sien afdeling 2.2.1). Die ontvanger gebruik die teks vir 'n bepaalde funksie, afhangende van die ontvanger se eie verwagtinge, behoeftes, kennis en omstandighede. Dit is belangrik om in ag te neem dat die funksie van die doeltteks in die doelkultuur nie noodwendig dieselfde is as die funksie van die bronteks in die bronkultuur nie (alhoewel dit volgens Nord ideaal is, soos bespreek in afdeling 2.2.4).

In die geval van die *Harry Potter*-boeke en die vertalings daarvan in Afrikaans, vind ons dat die tekste wel ooreenstemmende funksies in die onderskeie kulture het. In afdeling 2.2.1 is gestel dat sommige literêre tekste geskryf word sonder 'n spesifieke doel of intensie, maar dat die feit dat dit altyd aan 'n gehoor gerig word impliseer dat dit wel 'n funksie vir die lesers sal hê. Aangesien die funksie van 'n teks vanuit die ontvanger se perspektief bepaal word, kan wel aangeneem word dat die hoof funksie van die bronteks in die bronkultuur ekspressief is, spesifiek vermaaklikheidsgeoriënteerd (sien afdeling 2.2.2). Die brontekste is geskryf om vermaak te bied aan jong Britse lesers, en die vertalings hiervan (in die meer as driehonderd tale) het dieselfde funksie. (Sien afdeling 3.5.2.1, waar gestel word dat vertalings wat verinheems is, wel dieselfde funksie as die brontekste kan hê.) Volgens Puurtinen is 'n algemene vereiste van kinderboeke dat dit geskik moet wees

om hardop en vloeiend gelees te word (1989:210), wat die vermaaklikheidsfunksie van die bron- en die doeltekste verder ondersteun.

Die doeltekste vervul ook 'n addisionele funksie, aangesien hierdie tekste ook informatief van aard is. Die kwessie wat alle vertaalde literatuur gemeen het, is dat dit toegang moet probeer kry tot 'n literêre omgewing wat anders is as die bekende omgewing (Vanderauwera, 1995:198). Die doeltteksontvangers leer heelwat van die Britse kultuur in die Afrikaanse doeltekste, aangesien die vertaler hoofsaaklik van die vertaalstrategie veruitheemsing gebruik gemaak het (sien afdeling 3.5.2.1). Voorbeelde hiervan is die Britse plekname wat behou is, byvoorbeeld *Londen* en *King's Cross*. Die feit dat dit egter nie konsekwent gedoen is nie, aangesien tipiese Britse plekname somtyds behou is, soos *Ottery St Catchpole*, terwyl ander, soos *Privet Drive*, na *Ligusterlaan* verander is, word in afdeling 4.2.2 bespreek.

Aangesien die doelteks ook 'n informatiewe funksie het, en die oorspronklike brontekssituasie (hoofsaaklik) deur veruitheemsing behou is, is dit wel belangrik dat die doeltekslesers nuwe inligting uit die doelteks ontvang. Die probleem is egter dat die behoud van kultuurvreemde terme wat eie is aan die Britse kultuur wel nie-informatief vir Afrikaanse doeltekslesers kan wees as dit nie aan hulle verduidelik word nie. Alhoewel die Britse kultuur baie bekend is aan Suid-Afrikaners (sien afdeling 3.4.1.4 vir 'n bespreking hiervan), is dit moontlik hoofsaaklik die geval wat die sekondêre doelteksontvangers (naamlik die volwassenes) betref. Die primêre doelteksontvangers (die Afrikaanse jeug) sal moontlik telkens verklarings benodig. Die gemiddelde Afrikaanse tiener sal byvoorbeeld beslis nie die disse eie aan Britse kultuur soveel waardeer, of vertrou wees daarmee, soos die Britse brontekslesers nie. In HPA4 is disse soos *treacle tart*, *spotted dick*, *black pudding* en *blancmange* vertaal as *strooptert*, *korintepoeding*, *bloedwors* en *blancmange* – disse wat vir die tipiese Suid-Afrikaanse jeug baie minder sal geval as egte Suid-Afrikaanse disse soos *malvapoeding*, *koeksisters* en *melktert*. Indien die vertaler egter wel sou besluit om veruitheemsing konsekwent toe te pas, sou sy wel *strooptert*, *korintepoeding*, *bloedwors* en *blancmange* kon behou, maar

moontlik met groter eksplisiering as deel van die teks, ten einde die Britse kultuurverskynsels te behou, maar steeds aan die informatiewe funksie van die vertaling gehoor te gee. Veralgemening as strategie kan ook moontlik hier toegepas word, en daar kan na die soet disse verwys word as 'soetgoed'. (Sien afdeling 3.5.2.1 waar 'n kompromis tussen die strategieë verinheemsing en veruithemsing aanbeveel word.)

#### **3.4.1.2 Eiening van die bron- en doeltaallesers**

Die bronteks is hoofsaaklik vir lesers van agt jaar en ouer (Scholastic online chat transcript, 2000), alhoewel die bronteksouteur, J.K. Rowling, erken dat sy nooit werklik 'n doelleser visualiseer wanneer sy skryf nie (J.K. Rowling's interview with Amazon.co.uk, g.d.). Die feit dat volwassenes die reeks ook geniet dui bloot op die uitstekende kwaliteit van die brontekste, aangesien volwassenes nie die hoofteikengroep is nie. Die doeltekste is vir dieselfde ouderdomsgroep geskryf as die brontekste.

#### **3.4.1.3 Die tyd en plek van teksontvangs**

HPE4 is in 2000 en HPE5 in 2003 in Londen, Brittanje, uitgegee. HPA4 is in 2001 in Kaapstad, Suid-Afrika, uitgegee, en HPA5 in 2003, dieselfde jaar as die bronteks, ten einde betyds te wees vir die Kersfeesmark (Oosthuysen, 2003b). Aangesien daar nie 'n beduidende tydsverskil tussen die produksie van die bron- en doeltekste is nie, is die tyd van teksontvangs dus nie van belang in hierdie ondersoek nie.

Die Britse kultuur is nie vreemd vir Suid-Afrikaners nie. Volgens Ponelis ervaar Afrikaanssprekendes hulle wêreld via Engels deur 'n verskeidenheid vorme, byvoorbeeld die media: "English forms the conceptual mould on radio and TV, in pop music, on film and video, in newspapers, magazines and books, in advertising, on menus, labels, posters and graffiti, in cyberspace (with respect to software, games and the Internet)" (Ponelis, 2000, aangehaal in Feinauer, 2001:165). Volgens Feinauer is dit ook van toepassing op onderwys, handel, die vermaaklikheidsbedryf, politiek, godsdienstige groepe en bekende liefdadigheidsorganisasies (2001:165). Afrikaanssprekendes



ervaar realiteit soos dit in Engels gekonseptualiseer word, en die Engelse leksikon is 'n geïntegreerde deel van hierdie ervaring (Ponelis, aangehaal in Feinauer, 2001:165). Die plek waarin die bronteks ontvang word, is dus redelik bekend aan die ontvangers van die doelteks, en behoort nie 'n noemenswaardige impak op die doelteksontvangers te hê nie.

#### **3.4.1.4 Die medium**

Die medium waarin die bron- en doeltekste aangebied word, verskil, alhoewel daar geen betekenisvolle verskil is tussen die bron- en doelkulture se literêre sisteme nie. Die voorblaaie van die bron- en doeltekste verskil: die Amerikaanse voorblaaie is gekies vir die Afrikaanse boeke, met die skets van Harry meer sentraal as op die Britse voorblaaie. HPE4 is 'n hardebandboek en bestaan uit 636 bladsye, gedruk in 'n 12-lettergrootte en met dubbelspasiëring. HPE5 is ook hardeband, het 766 bladsye in dieselfde lettergrootte maar met effens kleiner spasiëring as die vierde boek. Die rede hiervoor is moontlik omdat die moeilikheidsgraad, omvang en inhoud van die boeke toeneem met elke boek in die reeks, soos die karakters ouer word (J.K. Rowling's interview with Amazon.co.uk, g.d.).

HPA4 is in sagteband gedruk en bestaan uit 463 bladsye. Die lettergrootte is dieselfde as die brontekste, maar die spasiëring is aansienlik nouer. Presies dieselfde lettergrootte en spasiëring is in HPA5 gebruik, wat 628 bladsye beslaan.

Dit is opvallend dat die Afrikaanse doeltekste aansienlik korter is as die Engelse brontekste. Dit is teenstrydig met een van die universaliteite van vertaling, naamlik dat die doelteks gewoonlik langer is as die bronteks weens eksplisering. Behalwe vir enkele gevalle van eksplisering (waarvan 'n voorbeeld in afdeling 2.3.2.1 genoem is), is dele in die Afrikaanse doeltekste soms bloot weggelaat, sonder dat daar enige ooglopende rede hiervoor is. In die vertaling van 'n paragraaf in HPE5, p. 9 vind ons 'n voorbeeld van weglating. Die Engels lui:

*He kept listening, just in case there was some small clue, not recognised for what it really was by the Muggles – an unexplained disappearance, perhaps, or some strange accident . . . but the baggage-handlers' strike was followed by the news about the drought in the South-East ("I hope he's listening next door!" bellowed Uncle Vernon. "Him with his sprinklers on at three in the morning!"), then a helicopter that had almost crashed in a field in Surrey, then a famous actress's divorce from her famous husband ("As if we're interested in their sordid affairs," sniffed Aunt Petunia, who had followed the case obsessively in every magazine she could lay her bony hands on).*

Die doelteks lui egter: *Hy luister verder, ingeval daar 'n geringe leidraad is, iets wat die Moggels nie herken vir wat dit in werklikheid is nie – dalk 'n onverklaarbare verdwyning of 'n eienaardige ongeluk . . . maar die bagasiehanteerders se staking word gevolg deur nuus oor die droogte in Suidoos-Engeland ("Ek hoop hy luister langsaan!" bulder oom Vernon. "Hy en sy sproeiers drie-uur soggens!"), 'n beroemde aktrise wat van haar beroemde man skei ("Asof ons in hulle smerige sake belang stel," snuif tant Petunia, wat die saak nougeset volg in elke tydskrif waarop sy haar benerige hande kan lê)* (HPA5, p. 7).

Die sinsnede oor die helikopter word in die doelteks uitgelaat, wat meebring dat die sin 'n voegwoord kortkom tussen die twee voorbeelde van die nuusberigte. Die weglating bring ook 'n verlies aan implisiete inligting, aangesien die lang verduideliking en voorbeelde in die bronteks 'n aanduiding is van Harry se frustrasie weens die feit dat die nuus waarvoor hy wag, nie genoem word nie, en dat die gewag uitgereg word deur die verskillende onderwerpe van die nuusberigte. Die drie voorbeelde in die bronteks is dus doelbewus geplaas vir 'n emotiewe doel, wat afwesig is in die doelteks as gevolg van die skraping in die middel van die sin.

Die hoofrede vir die korter doeltekste is waarskynlik die besparing van drukkoste. Die doeltekste sou egter veel leesbaarder vir die hoofdoelgroep,

naamlik jong Afrikaanse lesers, wees indien die spasiëring dieselfde as dié van die brontekste was.

Volgens Nord sal die vergelyking tussen die profiele van die bron- en die doeltteks deur die vertaler duidelik aantoon watter bronteksinligting of linguistiese elemente onveranderd moet bly, en watter aangepas moet word volgens die vereistes van die vertaalskopos (1997b:64). Die analise sal ook help om vertaalprobleme in die bronteks te identifiseer. Dit is dus noodsaaklik dat vertalers hierdie analise uitvoer alvorens hulle die vertaaltaak begin – wat wel nie die geval was met die Afrikaanse vertalings nie.

### **3.4.2 Identifisering van die doeltteks as 'n vertaling**

'n Belangrike aspek van die voorbereidende fase in die doeltteksanalise is die identifisering (al dan nie) van die doeltteks as 'n vertaling. In die Afrikaanse doelttekste word slegs die bronouteur se naam op die voorblad genoem. Die doeltteks word wel as 'n vertaling geëien deur die woorde “Vertaal deur Janie Oosthuysen” wat op die impressumbladsy ('imprint page') onder die naam van die outeur verskyn. Die doeltteks kan dus wel as 'n vertaling herken word, alhoewel die primêre doeltteksontvangers moontlik nie die impressumbladsy sal lees vir inligting oor die outeur, uitgewery en vertaler nie. In die inligting oor kopiereg, uitgewers en tipografie word ook genoem dat die bronteks oorspronklik in Groot Brittanje deur Bloomsbury uitgegee is, en die woorde “Afrikaanse vertaling deur Janie Oosthuysen” is ook daar geplaas.

Volgens Nord (1997b:80) is die outeur van literêre tekste gewoonlik 'n persoon wat bekend is as (of aangebied word as) 'n skrywer in die literêre konteks van die ontvangerkultuur. Hierdie kennis kan volgens haar 'n beduidende invloed op die ontvangers se verwagtinge van die teks hê. In die geval van die Afrikaanse *Harry Potter*-vertalings behoort die sekondêre doeltteksontvangers wel kennis te dra van die oorspronklike outeur se status as skrywer, en dit kan moontlik hulle verwagtinge van die Afrikaanse vertalings ook beïnvloed. Die Afrikaanse vertaler is ook 'n skrywer van kinderboeke. Hierdie kennis kan moontlik veroorsaak dat die ontvangers groot

verwagtinge oor die kwaliteit van die vertalings koester – sodoende word die vertaler se taak en lojaliteit (sien afdeling 2.2.5 ) teenoor al die rolspelers in die vertaalproses soveel sterker op die voorgrond geplaas.

### **3.4.3 Herkenning van die doeltteks as 'n 'vertaalde teks'**

Volgens Lambert en Van Gorp is ook die herkenning van die doeltteks as 'n vertaalde teks deel van die voorlopige fase in die totale analise van die doeltteks (1985:48). Volgens hierdie outeurs kan die teks as 'n vertaalde teks herken word indien daar linguistiese interferensie, neologismes, sosio-kulturele verskynsels en metatekstuele kommentaar is (Lambert & Van Gorp, 1985:48).

Die twee doeltekste word volgens hierdie kriteria beslis as vertaalde tekste herken. Die talle voorbeelde van linguistiese interferensie word in hoofstuk 4 breedvoerig bespreek. Daar verskyn ook neologismes in die Afrikaanse vertalings, byvoorbeeld *borselstert* (HPA4, p. 43) vir *bottle-brush* (HPE4, p. 56) en *kewerswart* (HPA4, p. 189) vir *beetle-black* (HPE4, p. 258). Die voorkoms van sosio-kulturele verskynsels, byvoorbeeld Britse plekname, die name van disse, ens. is reeds onder afdeling 3.4.1.2 bespreek, en kom ook weer in hoofstuk 4 aan bod. Geen metatekstuele kommentaar, byvoorbeeld 'n voorwoord of voetnote, is deur die vertaler verskaf nie, maar die teenwoordigheid van bogenoemde drie verskynsels is voldoende bewys dat die doeltteks wel as 'n vertaalde teks herken kan word.

## **3.5 Makrostrukturele fase**

Nadat die voorlopige analise afgehandel is, vind die makrostrukturele analise plaas. In hierdie fase word die algemene teksstrukture, die vertaalstrategie, asook die tydsaanduiding, karakterisering en kohesie in die doeltteks ondersoek.

### **3.5.1 Algemene teksstrukture**

Die twee doeltekste kan beskou word as algehele vertalings, aangesien die totale brontekste (behalwe vir enkele weglatings van sinne en frases) vertaal

is. Die teksverdeling van die doelt tekste is ook dieselfde as dié van die brontekste: HPE4 bestaan uit 37 hoofstukke, asook HPA4. HPE5 bestaan uit 38 hoofstukke, en so ook HPA5. Die hoofstuktitels stem ooreen met dié van die brontekste, asook die uitleg en die uitbeelding van die verskillende narratietipes. Aangesien daar nie aansienlike verskille in die literêre sisteme van Brittanje en Suid-Afrika is nie, is die vertaler se besluit om by die vorm van die bronteks te hou, beslis geslaagd.

### **3.5.2 Vertaalstrategieë**

Na afloop van die bronteksanalise en 'n ondersoek na die funksie van die doelt eks in die doelkultuur, moet die vertaler 'n besluit maak oor die vertaalstrategie wat gebruik gaan word. Dit is deel van die makrostrukturele analise van die doelt tekste om te bepaal watter strategieë (indien enige) die vertaler gebruik het, hetsy doelbewus of instinktief. Selfs al maak die vertaler die keuse van geskikte vertaalstrategie, is dit steeds volgens Rabassa "a kind of acquired instinct" (1989:7).

Die rol van norme kom sterk na vore tydens die keuse van 'n gepaste vertaalstrategie. Chesterman definieer vertaalstrategieë as die maniere waarop vertalers poog om aan norme te konformeer (1997:88). Volgens hom is dit vertalers se bewustheid van norme, en hulle begeerte om hulle daarvolgens te skik (of om hulle nie daarvolgens te skik nie) wat die motivering is vir vertaalbesluite. 'n Vertaler kan ook natuurlik geen kennis dra van enige norme nie, wat dan ook die afwesigheid van vertaalbesluite kan verklaar. (Chesterman, 1998:215.) Die Afrikaanse vertaler van die *Harry Potter*-boeke se gebrek aan vertaalopleiding kan moontlik 'n verklaring wees vir die afwesigheid van weldeurdagte vertaalstrategieë en 'n moontlike onbewustheid van vertaalnorme. Die vertaler erken self dat sy geen doelbewuste strategie gebruik het nie (Oosthuysen, 2003:b).

Hermans (1996:28) beklemtoon ook dat besluitneming in vertaling deur norme gereguleer word:

I take it for granted . . . that translating requires constant decision-making by the translator on a number of levels, and over a period of time, since texts are made up of discrete units. This process of decision-making is in large measure, necessarily and beneficially, governed by norms. If it were not, translators faced with a source text, however short or simple, would either be unable to opt for one solution rather than another and throw up their hands in despair, or make entirely random decisions like a computer gone haywire.

Dit wil juis voorkom of die Afrikaanse vertaler lukraak besluite geneem het (sien hoofstuk 4, waar talle voorbeelde wat dui op lukraak keuses en gebrekkige besluitnemingsprosesse uitgewys word). Die vertaler se gebrek aan vertaalopleiding en gevolglike normlose vertaaloptrede het veroorsaak dat sy nie die onderskeie vertaalstrategieë teen mekaar kon opweeg ten einde die mees geskikte een te kies nie.

Hermans merk egter op dat die proses van besluitneming, en dus ook die werking van norme in hierdie proses, in die vertaler se kop plaasvind – teoretici en kritici het dus nie direkte toegang daartoe nie. Daar kan slegs daarvoor gespekuleer word, prosedures soos ‘think-aloud protocols’ toegepas word en retrospektiewe afleidings uit ’n vergelyking tussen doel- en bronteks gemaak word. (Hermans, 1996:28.) Dit is dié grondslag waarop hierdie navorsing berus – alhoewel die doel- en bronteks nie heeltemal met mekaar vergelyk word nie, word die onnatuurlike taalgebruik wat deur interferensie veroorsaak is met die oorspronklike bewoording vergelyk, wat help om afleidings oor die vertaler se denkproses te maak.

Wills stel dit dat daar wisselwerking is tussen die vertaler en sy/haar besluitnemingsgedrag wat deur die vertaler se individuele eienskappe bepaal word. Die gevolg is dat talle vertalings deur persoonlike, sosio-kulturele en intellektuele ingesteldhede beïnvloed word. Dit maak dit moeilik vir vertalers

om willekeurige subjektiewe besluitneming te vermy en metodologiese beskouings te ontwikkel ten einde objektiewe besluite (so ver moontlik) te kan neem. (Wills, 1994:139.) Soos duidelik te bespeur in die Afrikaanse vertaler se lukraak hantering van eiename op grond van haar persoonlike gevoelens jeens die onderskeie karakters, haar hantering van die karakterisering van sommige karakters (sien afdeling 3.5.4), en haar niemetodiese vertaalstrategie, het haar persoonlike, sosio-kulturele en intellektuele ingesteldhede wel gelei tot subjektiewe besluitneming en onvoldoende hantering van vertaalprobleme.

Volgens Chesterman kan die inisieerder van die vertaling 'n beduidende invloed op die vertaler se vertaalbesluite hê. Die faktore wat hier 'n rol speel, is of die inisieerder iemand in die brontekst is, wat sal beteken dat die vertaling aan die doeltekst opgelê word, en of dit iemand in die doeltekst is wat die vertaling versoek, of iemand heeltemal anders (Dollerup, 1997, in Chesterman, 1998:216). Die inisieerder en opdraggewers het wel 'n beduidende rol gespeel in die produksie van die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke. Soos in afdeling 3.3 genoem, het die Britse uitgewers baie min leiding verskaf ten opsigte van die vertalings (nie net die Afrikaanse vertalings nie), en was die Suid-Afrikaanse uitgewer se vertaalopdrag beperk tot 'n blote instruksie om die brontekst te vertaal. Die tydsdruk wat (veral met die vertaling van HPA5) op die vertaler geplaas is, tesame met die afwesigheid van teoretiese vertaalkennis, het moontlik daartoe gelei dat die besluitnemingsproses en gevolglike keuse van 'n gepaste strategie agterweë gebly het.

Een van die belangrikste vertaalstrategieë behels die keuse wat gemaak moet word tussen verinheemings en veruithemings. Die keuse tussen hierdie twee metodes word gemaak op grond van die funksie wat die doeltekst in die doeltekst moet speel. Hierdie strategieë word vervolgens bespreek.

### 3.5.2.1 Verinheemsing versus veruithheemsing

Volgens Venuti kies vertalers doelbewus brontekste wat makliker vloeiend vertaal kan word (1995:17). Hierdie stelling word gemaak ooreenkomstig sy teorie oor die vertaalstrategieë *verinheemsing* ('domestication') en *veruithheemsing* ('foreignisation'), wat te make het met die vertaler se sigbaarheid in 'n vertaling. Venuti kritiseer vertalings waarin die vertaler 'onsigbaar' is en waarin die vertaling soos die oorspronklike teks lees. Volgens Venuti is hierdie onsigbaarheid duidelik te bespeur in resensies oor vertalings waarin dit nie gemeld word dat dit 'n vertaling is nie, en/of waarin die vertaler se naam nie genoem word nie.

Venuti se verinheemsing behels dat die vertaalde teks herkenbaarder en bekender vir die doeltekslesers gemaak word deur die vreemde teks nader aan die leser te bring. Venuti verwys na hierdie strategie as "an ethnocentric reduction of the foreign text to target-language cultural values" (1995:20). Hy gebruik Nida se funksionele ekwivalensie as 'n voorbeeld van verinheemsing, waarin die boodskap van die bronteks die belangrikste element is. Verskille in die onderskeie bron- en doelkulture word geëlimineer en die doellessers ontvang die boodskap in hulle eie kultuur en verwysingsraamwerk. (Venuti, 1995:21-23.) Verinheemsing verwys na die produksie van 'n doelteks wat onmiddellik vir die doeltaalleser relevant is, net soos die bronteks onmiddellik vir die brontaalleser relevant was (of soos wat daar aangeneem word dit onmiddellik relevant was) (House, 1981:195). Deur hierdie strategie word die oorsprong van die vertaalde teks sorgvuldig versteek.

House se term vir Venuti se verinheemsing is 'covert', en volgens haar werk hierdie strategie goed met tekste waarvan die relevansie nie afhanklik is van die brontaal en die bronkultuur nie. Volgens House word 'n bronteks en dié se koverte doelteks met ekwivalente doelstellings geproduseer: "[T]hey are based on contemporary, equivalent needs of a comparable audience in the source and target language communities. In the case of covert TT's, it is thus both possible and desirable to keep the function of ST equivalent in TT" (House, 1981:195). Deur die gebruik van 'n 'kulturele filter', wat deur die



vertaler tussen die bron- en die doeltteks geplaas word, word 'n kulturele model geskep wat ekwivalent is aan die kulturele model van die bronteks – die vertaler beskou die bronteks as't ware deur die bril van 'n doelkultuurontvanger (House, 1981:196-197).

Venuti se 'verinheemsing' kan vergelyk word met Nord se *instrumentele vertaling*: "the translator is expected to make the participants believe they are communicating directly on some kind of common ground . . . forgetting that the translation is a translation" (Nord, 2001:187). Die resultaat van 'n instrumentele vertaling is 'n teks wat moontlik dieselfde reeks funksies kan vervul as die oorspronklike teks. Nord verwys na *gelykfunksionele* (equifunctional) vertalings, met ander woorde wanneer die doeltteksfunksie dieselfde is as die bronteksfunksie, byvoorbeeld in tegniese tekste; *heterofunksionele* vertalings, indien daar 'n verskil is tussen die funksies van die bron- en die doeltteks, byvoorbeeld die vertaling van Jonathan Swift se *Gulliver's Travels* as 'n kinderboek; en *homoloë* vertalings, wat geskep word wanneer die (literêre) status van 'n doeltteks binne die doelkultuurtekscorpus ooreenstem met die (literêre) status van die oorspronklike in die bronkultuurtekscorpus, byvoorbeeld die vertaling van die Griekse heksameter met rymlose of enige ander poësievorm wat so algemeen was soos die heksameter in antieke Griekse poësie (Nord, 1997b:50-52).

Veruithemmsing is die strategie waarvolgens die doeltteksleser aan die vreemde kultuur van die bronteks blootgestel word deur die behoud van kulturele en linguistiese verskille in die doeltteks – Venuti noem dit 'resistancy' (1995:24). Met veruithemmsing word die vertaler se teenwoordigheid duidelik gemaak deur die feit dat die teks nie vloeiend is nie, en sodoende word die uitheemse identiteit van die bronteks beklemtoon. Volgens Venuti is die vertaler se taak hier "to stage an alien reading experience"<sup>11</sup> deur van die

---

<sup>11</sup> Venuti se terme 'verinheemsing' en 'veruithemmsing' word hoofsaaklik as deel van 'n politieke en finansiële agenda gebruik. Hy gebruik dit om Anglo-Amerikaanse dominansie op vertaaltradisies en -strategieë, asook lae vergoeding aan vertalers, te kritiseer, en raai vertalers aan om doelbewus teen die verwagtinge van die doelkultuur op te tree deur tekste vir vertaling te kies wat deur die literêre kanon en dominante kulturele waardes van die ontvangerkultuur uitgesluit word (1995). In hierdie studie word hierdie agendas grootliks buite rekening gelaat, en word slegs die basiese uitgangspunte en definisies van verin- en veruithemmsing aangewend, soos dit ooreenkom met House en Nord se koverte, overte, instrumentele en dokumentêre vertalings.

heersende norme in die doelkultuur af te wyk (1995:20). Die strategie word toegepas deur die gebruik van byvoorbeeld argaïese woorde en konstruksies wat nie met die doeltaal se register ooreenstem nie.

House noem dit 'overt' vertalings en volgens haar is die voorvereistes vir hierdie tipe vertaling die volgende: "[because] a direct match of the original function of ST is not possible either because of ST's being tied to a specific (non-repeatable) historic event in the source language community or because of the unique status (as a fictional text) that a given ST has in the source culture". House bespreek die problematiek wat hierdie tipe vertaalstrategie navore bring, veral as die bronteks kultuurunieke geografiese dialekte bevat (sien afdeling 3.5.4 vir 'n praktiese bespreking van die vertaling van aksente, en afdeling 4.4.1 vir die vertaling van sosiolekte in die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke). House noem dat die funksie wat die bronteks vir die bronteksontvangers het (in die geval van overte vertalings) nie ekwivalent aan die funksie van die doelteks kan wees nie, weens die unieke aard van intralinguïstiese verskille in die onderskeie kulture. (House, 1981:189-192). "It is this dialectical relationship between preservation and alteration which makes the finding of translation equivalence difficult in cases of overt translation" (House, 1981:192).

Nord se *dokumentêre vertaling* stem baie ooreen met die konsep 'veruitheemsing': "the [cultural] gap is explicitly pointed out, making the participants aware that they are not communicating directly but via a mediator" (Nord, 2001:187). Nord onderskei tussen vier tipes dokumentêre vertalings. *Interliniêre* vertalings fokus op die morfologiese, leksikale of sintaktiese eienskappe van die brontaalstelsel soos dit in die bronteks voorkom, soos in die geval van taalensiklopedieë. 'n Vertaling wat die woorde van die oorspronklike herproduseer deur die sintaktiese strukture en idiomatiese woordeskatgebruik by die norme van die doeltaal aan te pas, is 'n *letterlike* of *grammatiese* vertaling, byvoorbeeld vir die vertaling van politieke toesprake in koerantberigte. *Filologiese* vertalings herproduseer die bronteks redelik letterlik, maar voeg verklarings by oor die bronkultuur in

voetnote of woordelyste, byvoorbeeld in Bybelvertaling. Indien die vertaling van 'n fiksionele teks die bronkultuuromgewing onveranderd laat, kan dit moontlik 'n gevoel van eksotiese vreemdheid of kulturele afstand skep. Hierdie vertalings is *eksotiserend*, en verander die kommunikatiewe funksie van die bronteks – wat volgens Nord 'n onvermydelike gevolg is van die vertaling van letterkunde. (Nord, 1997b:47-50.)

Die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter* kan gesien word as voorbeelde van eksotiserende dokumentêre vertalings, dus is die vertaalstrategie 'veruitheemsing' hoofsaaklik toegepas (hetsy doelbewus of onbewus). Die vreemde kulturele merkers is oorgedra in die Afrikaanse vertaling, wat veroorsaak dat daar kulturele afstand tussen die doeltaallesers en die bronteks is. Soos reeds genoem is hierdie strategie egter nie konsekwent toegepas nie. Die inkonsekwente toepassing van 'n vertaalstrategie lei tot 'n inkoherente, onnatuurlike teks deurspek met 'translationese'. (Sien hoofstuk 4 vir voorbeelde hiervan.)

Die navorser beveel as strategie vir die vertaling van die *Harry Potter*-boeke aan dat 'n kompromis tussen verinheemsing en veruitheemsing gemaak word deur eienskappe te kies wat gemeenskaplik is aan die bron- en die doelkultuur. Dit sou wel kon lei tot 'n doelteks wat toegankliker is vir die primêre doellesers, en wat minder vervreemdende kulturele elemente bevat, terwyl dit steeds die informatiewe funksie vervul, soos die strategie veralgemening wat vir die vertaling van Britse disse aanbeveel word in afdeling 3.4.1.2).

Die keuse tussen verinheemsing en veruitheemsing geskied hoofsaaklik op grond van konformering aan 'n spesifieke inisiële norm (sien afdeling 2.3.2). Indien die vertaler besluit om 'n brongeoriënteerde vertaling te skep, sal veruitheemsing heel moontlik die aangewese strategie wees. 'n Doelgeoriënteerde vertaling sal geskep word deur die strategie van verinheemsing toe te pas.

### 3.5.3 Tydsaanduiding

Die bronteks is in die verlede tyd geskryf, en die vertaler het die korrekte keuse gemaak deur die doelteks in die historiese presens te skryf. In Afrikaans word die historiese presens in vertellings gebruik omdat die leser wel bewus is dat dit 'n uitbeelding is van gebeurtenisse wat in die verlede plaasvind, ondanks die gebruik van presensvorme. Die historiese presens is "’n middel waardeur die betrokke handeling, gebeurtenisse of toestande aanskoulik of dramaties voorgestel kan word asof hulle nou voor ons oë staan of plaasvind" (De Villiers, 1968:61). Die belangrikste funksie van hierdie tydvorm is dat dit 'n tydloosheid uitdruk – dit gee die indruk dat dit die teenwoordige tyd aandui, maar die konteks of die logiese oorweging van die inhoud oortuig wel dat dit 'n vertelling is van handeling wat reeds plaasgevind het (De Villiers, 1968:62).

In Afrikaanse fiksie word die historiese presens en die perfektum dikwels afwisselend gebruik, soos duidelik te bespeur in die volgende aanhaling uit HPA4, p. 175: *Soos Harry daar sit, is hy daarvan bewus dat elke kop in die Groot Saal na hom gedraai het. Hy is dronkgeslaan. Hy voel skoon lam. Dit moet ’n droom wees. Hy het nie reg gehoor nie.*

In kontras hiermee word die primêre Engelse narratief in die verlede tyd geskryf, met progressiewe werkwoorde wat handeling aandui wat op dieselfde tyd as ander handeling plaasgevind het. Die Afrikaanse paragraaf hier bo aangehaal, word as volg in HPE4, p. 239 aangebied: *Harry sat there, aware that every head in the Great Hall had turned to look at him. He was stunned. He felt numb. He was surely dreaming. He had not heard correctly.*

### 3.5.4. Karakterisering

'n Belangrike onderdeel van die makrostrukturele analise is die karakterisering in die bron- en doeltekste. Die keuse wat die vertaler gemaak het ten opsigte van verinheemsing en veruithemingsing speel hier 'n belangrike rol: in die geval van die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke is veruithemingsing die vernaamste strategie, met die gevolg dat die Britse karakterisering ook in die doelteks oorgedra is. Soos reeds genoem, is dit egter belangrik dat die

doeltekste as 'n onafhanklike, funksionele teks in die doelkultuur kan bestaan, en dat die voorgenome funksie van die teks vooropgestel word. Die kommunikatiewe doelstellings behoort die vertaler sodanig te lei dat die karakterisering geloofwaardig is, en dat die Afrikaanse jeug hulle met die karakters kan vereenselwig.

In die twee doeltekste onder bespreking is dit soms nie die geval nie. In HPE4 word Madame Maxine (anders as die Engelse weergawe, waarin haar naam Maxime is) se afkoms nie eksplisiet gegee nie, maar die brontekstlesers kan wel aflei dat sy Frans is danksy die uitbeelding van haar uitspraak in die Engelse teks: "*I 'ope I find you well?*"; "*But ze 'orses*"; en "*My steeds require – er – forceful 'andling*" (p. 215). Die Afrikaanse weergawe hiervan is minder suksesvol, hoofsaaklik omdat dit onwaarskynlik is dat Franse mense Afrikaans sal praat (of ten minste baie raar is), en omdat die vertaler se uitbeelding van die aksent inkonsekwent is en onnatuurlik klink. Die vertaler het besluit om die "h"- en "g"-klanke (inkonsekwent) weg te laat, waar die Engels die "h" en die "th" weglaat, om die bekende manier waarop die Franse Engels praat uit te beeld. Die resultaat in HPA4 is 'n onnatuurlike uitspraak en dialoog wat moeilik is om te lees, en waarmee die Afrikaanse gehoor hulle nie sal kan vereenselwig nie: "*Ek 'oop jy is wel?*"; en "*Het Karkaroff al 'earriveer?*" versus die inkonsekwente "*My rosse benodig – e – krag by die hantering. [. . .] Hulle is **geweldig sterk***" (p. 158). Alhoewel die karakterisering aanvanklik implisiet in die brontekste voorkom, kan die nodige inligting wel afgelei word. Hierdie inligting is ongelukkig vir die Afrikaanssprekende leser ontoeganklik, en die uitbeelding van die Franse uitspraak in die Afrikaanse doeltekste maak dit boonop moeilik om voor te lees vir 'n jong leser (sien afdeling 3.4.1.2).

Nord waarsku dat vooronderstellings in die brontekste (soos die voorbeeld hierbo genoem waar die Franse herkoms uit die brontekste afgelei kan word, maar nie uit die doeltekste nie) tot ernstige vertaalprobleme lei. "The cultural gap between the amount of information presupposed with respect to the source-text receivers and the actual cultural and world knowledge of the target-text addressees can sometimes be abridged by additional information

or adaptations introduced by the translator" (Nord, 1997b:86). Die Afrikaanse vertaler kon byvoorbeeld die leser eksplisiet meedeel dat Madame Maxine Frans is, omdat dit nie in die doeltteks van die aksent afgelei kan word nie.

'n Verdere voorbeeld van die vertaler se mislukte poging om 'n Franse aksent in Afrikaans uit te beeld, is met die uitbeelding van die Franse uitspraak van die Engelse w-klank. Die Engelse *well*, *we* en *winter* word in die bronteks *vell*, *ve* en *vinter* geskryf – 'n fonetiese uitbeelding van die Franse uitspraak (HPE4, p. 363). Die Afrikaanse doeltteks lui egter *vhel*, *vhinter* en *hoevhel* (HPA4, p. 264) – 'n fonetiese uitbeelding wat totaal oorbodig is aangesien die vh-uitspraak dieselfde klink as die w-klank, en die woorde dus soos normale Afrikaans klink wanneer dit hardop gelees word.

Alhoewel die vertaler van veruithemings gebruik maak ten einde geografiese en ander kulturele merkers te vertaal (sien afdeling 3.4.1.2, asook afdeling 4.2.1 en 4.2.2), is verinheimings toegepas vir die meeste aksente. Hagrid se aksent is 'n voorbeeld hiervan. Vergelyk Hagrid se woorde in die bronteks met dié in die doeltteks: "*You jus' wait. Yer going ter see some stuff yeh've never seen before. Firs' task . . . ah, but I'm not supposed ter say*" versus "*Wag net. Julle gaan goed sien wat julle nog nooit tevore gesien het nie. Eerste taak . . . h'm, maar ek's nie veronderstel om te sê nie*". Hagrid se kenmerkende "West Country"-aksent, wat 'n belangrike deel vorm van sy karakter en persoonlikheid, is verlore in die vertaling.

Op dieselfde wyse gebruik die bronteksouteur die besondere register en taalgebruik van die elwe doelbewus om hulle laer sosiale status uit te beeld. Ook hierdie karakterisering is nie in die doeltekste teenwoordig nie. In HPA4 word Knipogies se register dieselfde as al die ander karakters in die boek, en dus gaan die belangrike kulturele betekenis daarvan verlore: "*House-elves is not paid, sir! . . . I says to Dobby, I says, go find yourself a nice family and settle down, Dobby. He is getting up to all sorts of high jinks, sir, what is becoming to a house-elf. . . . House-elves does what they is told. I is not liking heights at all . . .*" (HPE4, pp. 89-90) versus "*Huiselwe word nie betaal nie,*

*meneer! . . . Ek sê vir Dobbi, ek sê, gaan soek vir jou gawe mense en bedaar. Hy haal allerhande streke uit, meneer, wat nie betaamlik vir 'n huiself is nie. . . . Huiselwe doen wat vir hulle gesê word. Ek is bang vir hoogtes . . .*" (HPA4, p. 67). House beveel in die geval van dialekte aan dat daar gepoog word om 'n tweedevlak- funksionele ekwivalent te verkry deur 'n 'ekwivalente' geografiese dialek vir die doeltteks te kies, "i.e. a dialect equivalent in 'human or social geography'" (House, 1981:192).

Teenstrydig met die strategie van verinheemsing wat toegepas is by die vertaling van Hagrid en die elwe se onderskeie registers, het die vertaler sekere grammatikale vorme wat uniek is aan die Britte behou, wat lei tot 'n woordorde wat onnatuurlik en ongewoon is in die doeltekste. Die Britse woordherhaling en tipiese woordgebruik, byvoorbeeld die toevoeging van retoriese vrae aan die einde van sinne wat geen inherente semantiese betekenis dra nie, is vertaal in onnatuurlike 'translationese' (sien afdeling 2.3.2.1.2). Voorbeelde hiervan is "*That'll change the world, that report will*" (HPE4, p. 53); "*They saved my life, those cakes*" (HPE4, p. 54); en "*Well, they're Apparating, aren't they?*" (HPE4, p. 62) wat vertaal is as "*Dit sal die wêreld verander, daardie verslag*" (HPA4, p. 41); "*Hulle't my lewe gered, daardie koekies*" (HPA4, p. 42); en "*Wel, hulle appareer mos, dan nie?*" (HPA4, p. 47) – woordordes en -gebruike wat nie algemeen bekend is aan die doelkultuurgroep nie.

'n Verdere voorbeeld van Britse karakterisering wat die vertaler behou het deur veruithemmsing en wat onvanpas in die doelkultuur is, is die manier waarop die skoolkinders in *Harry Potter* met volwassenes kommunikeer. In HPE4 klink Harry se woorde aan Dumbledore dalk gepas vir 'n Britse kultuurgroep ("*You haven't got a clue . . . you don't know*" (p. 726) en "*You don't know how I feel! You – standing there – you*" (p. 727)), maar die Afrikaanse vertaling hiervan is 'n afwyking van die manier waarop die gemiddelde Afrikaanse skoolseun met sy skoolhoof sal praat: "*Wat weet jy? Jy weet niks*" (p. 595) en "*Jy weet nie hoe ek voel nie! Jy – staan daar – jou*" (p. 596). Die manier waarop die Afrikaanse Harry die skoolhoof as 'jy' en 'jou'

aanspreek is 'n tipiese vertaalfout, en is teenstrydig met die meer konserwatiewe aanspreekgewoontes van die Afrikaanse doelgroep. Harry se karakter word hierdeur foutief uitgebeeld omdat dit hom (in die doelkultuurkonteks) na 'n rebelse en opstandige tiener laat lyk – wat wel nie deel vorm van sy karakter in die bronteks nie.

### 3.5.5 Kohesie in die doelteks

Baker definieer kohesie as die netwerk van leksikale, grammatikale en ander verhoudings tussen onderskeie dele van 'n teks. Hierdie verhoudings of skakels organiseer die teks, deur byvoorbeeld van die leser te vereis om woorde en uitdrukkings deur verwysing na ander woorde en uitdrukkings in die omliggende sinne en paragrawe te interpreteer. Weens oorhaastige en ondeurdagde vertaalwerk het die Afrikaanse vertaler egter telkens nagelaat om seker te maak dat kohesiemerkers wel as skakels optree ten einde begrip en interpretasie deur die leser te verseker en te bevorder. Die belangrikheid van kohesie word deur Callow beklemtoon: “Each language has its own patterns to convey the interrelationships of persons and events; in no language may these patterns be ignored, if the translation is to be understood by its readers” (1974, aangehaal in Baker, 1992:180). Voorbeelde van kohesiemerkers wat foutief vertaal of weggelaat is, en dus begrip van die teks belemmer, sluit in:

- *Hildegard Braun los 'n klein gillettjie*. Die rede hiervoor is dat professor McGonagall hulle sopas meegedeel het dat hulle metgeselle moet nooi na die Kersbal. Die professor bespreek die bal vir 'n rukkjie, en dan, volgens die Afrikaanse vertaling, [. . .] *giggel Hildegard nog harder as tevore*. Die Engelse bronteks lees egter: *Lavender Brown let out a shrill giggle [. . .] Lavender giggled harder than ever* (HPA4, pp. 245-246 en HPE4, pp. 336-337). Die inkoherensie in die Afrikaanse teks word veroorsaak deurdat die merker 'tevore' na niks verwys nie, aangesien sy volgens die Afrikaanse teks nog nie gegiggel het nie, maar wel gegil het.
- Maloog Moodie voer 'n Ontgogelingstowerspreuk op Harry uit om hom te vermom: *Hy tik hom hard op die kop en Harry voel hoe 'n vreemde sensasie deur hom vloei, asof Moodie so pas 'n eier op sy kop gebreek*



het. Dis of koue rillings van die plek waar die towerstaf aan hom geraak het deur sy lyf hardloop (HPA5, p. 45). Op p. 50 verbreek hy weer die Ontgogelingstowerspreuk: *Hy tik Harry op die kop met sy towerstaf. Dit voel vir Harry of iets warms teen sy rug afdrup en hierdie keer weet hy die Ontgogelingstowerspreuk is verbreek.* Die klem in die bronteks lê daarop dat die sensasie die tweede keer anders is as die vorige keer, en dat dit die rede is waarom Harry weet dat die spreuk nou verbreek word. Die bronteks lui: *Harry felt as though something hot was trickling down his back this time and knew that the Disillusionment Charm must have lifted* (HPE5, p. 59). Die Afrikaanse doeltteks sou meer kohesief en minder verwarrend wees indien dit as volg vertaal is: 'Dit voel vir Harry of iets warms hierdie keer teen sy rug afdrup en hy besef dat die Ontgogelingstowerspreuk verbreek is'.

- Op p. 195 van HPA5 maak Parvati en Hildegard 'n geluid nadat die hoop stokkies, wat inderwaarheid Takkruiers is, opspring. Die Afrikaanse vertaling lui: *"Ooooo!" adem Parvati en Hildegard.* Die onderwyser reageer hierop met *"Moenie skree nie, meisies!"* – wat dui op 'n kohesiebreuk aangesien hulle volgens die Afrikaanse teks bloot geadem het (die woord 'adem' is verouderd en onvanpas). Die Engelse bronteks lui: *"Ooooooh!" said Parvati and Lavender [ . . . ] "Kindly keep your voices down, girls!"* (HPE5, p. 233).
- Harry, Ron en Hermien smee Hagrid om vir hulle van sy reis saam met Madame Maxine te vertel. Ron vra *"Tell us about being attacked by the giants and Harry can tell you about being attacked by the Dementors –"*. Dan verstik Hagrid in sy tee: *"Whadda yeh mean, attacked by Dementors?"* (HPE5, p. 375). Die Afrikaanse weergawe lui: *"Vertel ons hoe die reuse jou aangeval het, dan kan Harry vir jou vertel hoe die Dementors hom –"* [ . . . ] *"Wat bedoel jy, aangeval deur Dementors?"* (HPA5, p. 312). Die vertaler het in haar poging om Ron se vraag te onderbreek, uitgelaat dat Harry wel deur die Dementors aangeval is, en vertaal dan Hagrid se sin direk van die Engels – met die gevolg dat die leser wonder hoe Hagrid weet dat Harry juis aangeval is deur die Dementors.

### **3.6 Samevatting**

Die skopos in die doeltteks is in hierdie hoofstuk ondersoek, waarna 'n voorlopige en 'n makrostrukturele analise van die bron- en doeltekste gevolg het. Hierdie analise bring die belangrikheid van die vertaalopdrag, die skopos en funksie van die doeltteks en weldeurdagde vertaalstrategieë aan die lig.

Die aanname word gemaak dat die vertaler hoofsaaklik van veruitheemsing as strategie gebruik gemaak het (hetsy bewus of onbewus) en die aanbeveling is dat 'n kompromis tussen verin- en veruitheemsing 'n meer effektiewe strategie sou wees ten einde 'n funksionalistiese doeltteks te skep wat betekenisvol sal wees vir die doelttekslesers en aan hulle verwagtinge en wêreldkennis sal voldoen en konformeer. In hoofstuk 4 volg die mikrostrukturele analise van die doeltteks, waarin die voorbeelde van interferensie dien om bogenoemde standpunte te ondersteun.

## **Hoofstuk 4: Mikrostrukturele analise van die Afrikaanse *Harry Potter***

### **4.1 Inleiding**

In hoofstuk 4, die mikrostrukturele fase, word Nord se vier tipes vertaalprobleme, naamlik pragmatiese (afdeling 4.2), interkulturele (afdeling 4.3), interlinguistiese (afdeling 4.4) en teks-spesifieke vertaalprobleme (afdeling 4.5) (Nord, 1997b), gebruik om voorbeelde van interferensie in die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter* te kategoriseer. Voorbeelde word uit die Afrikaanse vertalings gegee en met die oorspronklike bewoording vergelyk. Voorstelle vir moontlike verbetering word ook gegee. Hierdie voorbeelde van interferensie dien as bewyse vir die aannames oor die vertaler se norme (wat in hoofstuk 5 bespreek word) en die aanbeveling van 'n kompromis tussen verin- en veruitheemsing as vertaalstrategie wat in hierdie studie gemaak word.

### **4.2 Pragmatiese vertaalprobleme**

Nord skryf pragmatiese vertaalprobleme toe aan die kontras tussen die brontekssituasie en die kommunikatiewe situasie van die doelteks. Sy noem as voorbeelde van hierdie tipe probleme kultuurgebonde terme (afdeling 4.2.1), met ander woorde verskynsels wat net in een van die kulture voorkom (gewoonlik die bronkultuur), verwysings na tyd en plek (afdeling 4.2.2), asook eiename (afdeling 4.2.3). (Nord, 1997a:59.) Hierdie subafdelings word vervolgens bespreek, en met voorbeelde toegelig.

#### **4.2.1 Kultuurgebonde terme**

Nord noem terme wat in hierdie kategorie val 'realia', wat verwys na geografiese, etnografiese, volks-, sosio-historiese en alledaagse verskynsels. Die behoud of verandering van hierdie terme in die vertaling hang gewoonlik hoofsaaklik af van die skopos van die doelteks. Nord stel verskeie strategieë voor ten einde hierdie vertaalprobleem te hanteer, onder andere deur die gebruik van leenwoorde, deur die vervanging van die woord in die bronteks

met die ooreenkomstige woord in die doelkultuur, en die verskaffing van verklarings. Volgens Nord is 'n kombinasie van opsies gewoonlik die veiligste keuse (dus byvoorbeeld die gebruik van 'n leenwoord met 'n verklaring daarby) – die keuse wat gemaak word hang egter af van die oorhoofse vertaalstrategie wat gevolg is, naamlik of die doelteks verinheems of veruithheems is, en ook van die funksie van die doelteks en die aard van die doeltekslesers. (Nord, 1997b:65-66.) Indien die vertaler verinheemsing as strategie kies, sal die resultaat heel moontlik ekwivalente in die doelkultuur wees, terwyl leenwoorde (met of sonder verduidelikings) gebruik sal word indien die gekose strategie veruithheemsing was (sien afdeling 3.5.2). In hierdie studie word 'n kompromis tussen verin- en veruithheemsing aanbeveel (sien afdeling 3.5.2.1). Die voorstelle wat in hierdie hoofstuk gegee word as oplossings vir die vertaalprobleme in die tekste onder bespreking, is dus gebaseer op genoemde kompromis.

In HPE4 vind ons die volgende voorbeelde van kultuurgebonde terme:

Die woorde *villagers* (p. 7), *village* (p. 7), *village pub* (p. 8) en *wayside inns* (p. 16) blyk 'n pragmatiese vertaalprobleem te skep, aangesien die vertalings daarvan in HPA4, naamlik *inwoners* (p. 5), *dorp* (p. 5), *dorpskroeg* (p.5) en *kleinerige herberge* (p. 11) nie dieselfde konnotasie het en beelde oproep van 'n tipiese Engelse 'village', 'village pub' en 'inn' nie. Die Suid-Afrikaanse 'dorp' en 'dorpskroeg' is pragmaties nie ekwivalent aan hierdie terme in die bronteks nie, en die term 'herberg' is moontlik nie bekend genoeg aan die doellesersgroep nie en sou dus verklarings verg. (Die term *wayside* beteken inderwaarheid langs die pad of teen die kant van die pad.)

*Pasties* (HPE4, p. 30) en *pumpkin pasties* (HPE5, p. 762) is Britse kossoorte wat nie aan die gemiddelde Afrikaanse tiener bekend sal wees nie. *Pasties* word telkens verkeerd as *pasteitjies* vertaal (HPA4, p. 23), terwyl dit inderwaarheid *tertjies* is – 'n eerste voorbeeld van interferensie. Die korrekte vertaling sou dus 'pampoentertjies' wees. Die vertaling van *treacle* (HPE4, p. 63) as *melassestroop* (HPA4, p. 48), *treacle tart* (HPE4, p. 162) as *strooptert* (HPA4, p. 119), *spotted dick* (HPE4, p. 162) as *korintepoeding* (HPA4, p.

119), *black pudding* (HPE4, p. 221) as *bloedwors* (HPA4, p. 163), die behoud van *blancmange* (HPE4, p. 223 en HPA4, p. 164) en die vertaling van *rhubarb crumble* (HPE5, p. 82) as *rabarberkrummelkoek* (HPA5, p. 69) is reeds in afdeling 3.4.1.2 bespreek, en word ook as pragmatiese vertaalprobleme gekategoriseer.

Ander kultuurvreemde terme wat in die doelteks voorkom, sluit in die vertaling van *landing* (HPE4, p. 11) as *trapportaal* (HPA4, p. 8), *tweed suit* (HPE4, p. 70) as *tweedpak* (HPA4, p. 53), *galoshes* (HPE4, p. 70) as *oorskoene* (HPA4, p. 53), *doublet* (HPE4, p. 154) as *wambuis* (HPA4, p. 113) en *tobogganing* (HPE5, p. 390) met *ry toboggan* (HPA5, p. 325). Hierdie kultuuritems is nie bekend aan die gemiddelde jong Afrikaanse lesers nie en lei daartoe dat hulle dit moontlik as vervreemdende elemente kan ervaar wat hulle nie met hulle eie ervaringsveld kan vergelyk nie (sien afdeling 3.3, waar dit gestel word dat die vertaler die doelteksprofiel met die inligting wat in die bronteks gebied word, moet vergelyk ten einde die doellesers in staat te stel om die bronteksinligting met hulle eie situasies en verwagtinge, asook hulle bestaande wêreldkennis, te kan koördineer). Weereens word beklemtoon dat 'n kompromis tussen verin- en veruithemings die aangewese vertaalstrategie sou wees. 'Tweed suit' kon moontlik as 'wolpak' vertaal word, 'galoshes' as 'rubberskoene', 'doublet' as 'onderkleed' en 'tobogganing' as 'om slee te ry'.

Die term *football* (HPE4, p. 70) is vertaal as *voetbal* (HPA4, p. 53), terwyl dit in Suid-Afrika beter bekend is as sokker. Die interferensie in hierdie geval veroorsaak verwarring en, alhoewel dit aanvaar word dat veruithemings die vertaler se vernaamste strategie was tydens die produksie van die Afrikaanse doeltekste, is dit tog wel belangrik dat die jong doellesers hulle met die teks kan identifiseer. 'n Verdere voorbeeld hiervan is die verwysing na Madame Maxine se skoene as *the size of a child's sled* (HPE4, p. 214) wat direk vertaal is na 'n skoen so groot soos 'n kind se slee – 'n vergelyking waarmee die doelkultuur nie vertrou is nie. Alhoewel dit aanbeveel word dat 'tobogganing' as 'om slee te ry' vertaal word, word dié vergelyking met 'n kind se slee nie aanbeveel nie. Aangesien die doeltekssituasie dieselfde is as die bronteks

s'n, dus in Engeland waar dit wel in die winter sneeu, sou dit aanvaarbaar wees om na slee-ry te verwys – hierdie aktiwiteit is wel bekend aan die doeltekslesers. Wat wel nie bekend aan hulle sal wees nie, is fyner detail oor die aktiwiteit, byvoorbeeld die grootte van sleë vir volwassenes en kinders. Die doeltekslesers sou weliswaar kon aflei dat Madame Maxine se voete groot is, maar sal moontlik nie 'n realistiese beeld van die grootte van die kinderslee kan oproep nie.

Britse sosiale verskynsels sal moontlik ook vreemd wees vir die gemiddelde Afrikaanse leser. Die verwysing na *Christmas tea* (HPE4, p. 357) is wel alledaags in die bronkultuur, maar die doelkultuur is nie vertrouwd met hierdie instelling om in die namiddag tee en substansiële verversings te geniet nie. Die vertaling as *Kerstee* (HPA4, p. 261) is dus vervreemdend en ongewoon.

#### **4.2.2 Verwysings na tyd en plek**

Volgens Nord is die verwysings na tyd en plek in die bronteks aanduidings van die toestande waarin die bronteks geproduseer is en ontvang word (Nord, 1997b:65). Daar is talle plekverwysings in die brontekste onder bespreking, en die vertaler het hoofsaaklik hierdie situasie behou deur ook die Afrikaanse doelteks in Brittanje te laat afspeel. Hierdeur besef die doeltaallesers dat die teks in 'n vreemde omgewing afspeel, en word hulle geforseer om byvoorbeeld saam met Harry en sy vriende spyt te wees dat Brittanje nie in die Kwiddiek-Wêreldbekertoernooi kan deelneem nie ("*Ek wens darem Engeland het ingekom*" (HPA4, p. 45)). Die behoud van Britse plekname is egter inkonsekwent in die doelteks. Eg Britse plekname, byvoorbeeld *Ottery St Catchpole* (HPE4, p. 66), *King's Cross* (HPE4, p. 635), *Bethnal Green* (HPE4, p. 123) en *Elephant and Castle* (HPE4, p. 123) is net so in die doelteks behou, terwyl ander verinheems is, byvoorbeeld *Privet Drive* (HPE4, p. 22) wat *Ligusterlaan* geword het (HPA4, p. 16) en *Stoatshead Hill* (HPE4, p. 66) en *Grimmauld Place* (HPE5, p. 58) wat gedeeltelik verinheems is en *Stoatsheadheuwel* (HPA4, p. 50) en *Grimmauldplein* (HPA5, p. 49) geword het. Die bekende Britse *High Street* (HPE, p. 492), die naam vir die hoofstraat in alle Britse voorstedelike areas, het verkeerdelik *Hoogstraat* geword in die

doelteks (HPA5, p. 408), terwyl dit eerder 'Hoofstraat' moes wees. Indien die vertaler meer vertrouwd was met die bronkultuur, sou foute soos dié nie voorgekom het nie.

Die verwysing na tyd is veruithoems sonder enige verduidelikings aan jong lesers. In HPA4 verskyn die volgende op p. 131: "*Ek dink ek is reg, skat, as ek sê dat jy in die hartjie van die winter gebore is?*" "Nee," sê Harry, "*ek is in Julie gebore*". Vir die hoofdoelgroep kan hierdie tydsverwysing moontlik verwarrend wees, aangesien Julie die middel van die winter is in Suid-Afrika. 'n Verdere voorbeeld hiervan is die verwysing na sneeu tydens Kerstyd – in HPA4 word die tipies Britse omstandighede tydens Kersfees sonder verduideliking oorvertaal: *Omdat die bal 'n feesmaal insluit, is daar nie vandag 'n Kerstee nie, dus laat vaar die res hul sneeugeveg teen sewe-uur toe dit te donker is om behoorlik te mik* (p. 261). Nie net kan sneeugevegte tydens Kersfees moontlik vreemd wees vir jong lesers nie, maar ook dat dit op Kersdag so vroeg donker word, terwyl daar in Suid-Afrika teen sewe-uur in die aand nog heelwat lig is.

#### 4.2.3 Eiename

Engelse eiename wat tipies is van die Britse kultuur (sommige fiktief) is inkonsekwent vertaal. Die name van die Kwiddiekspanne, die *Wimbourne Wasps* (HPE4, p. 114) en die *Chudley Cannons* (HPE4, p. 134) is in die vertalings behou. Die behoud van die *Cannons*-naam het egter op p. 249 van HPA4 agterweë gebly, waar die boek wat Harry lees, getiteld *Flying with the Cannons* (HPE4, p. 342), in die doelteks *Vlieg soos uit 'n Kanon* word, in plaas van 'Vlieg saam met die Cannons'. *Odgens Old Firewhisky* (HPE4, p. 131) is gedeeltelik behou as *Odgens se Ou Vuurwhisky* (HPA4, p. 96), terwyl die *Hog's Head* (HPE5, p. 295), 'n tipiese naam vir 'n Britse 'pub', *Die Swynenes* geword het (HPA5, p. 246), en *Purge & Dowse Ltd* (HPE5, p. 427), 'n tipiese naam vir 'n Britse afdelingswinkel, *Wiggel & Wys Bpk* word in die doelteks (HPA5, p. 355). Die tipiese Britse koerant, die *Daily Prophet* (HPE4, p. 29) (geskoei op die Britse *Daily Mail*) word direk vertaal as die *Daaglikse Profeet* (HPA4, p. 22), 'n naam wat tipies is in die Britse maar vreemd in die

plaaslike kultuur is omdat daar nie soortgelyke koerantname in Suid-Afrika is nie.

Die vertaling van persoonsname vind inkonsekwent plaas. *Buckbeak*, die Hippogrief, se naam is juis so gekies omdat die dier half bok, half voël is (HPE4, p. 26). Die vertaling daarvan as *Bokbok* (HPA4, p. 19) klink wel foneties ooreenstemmend aan die naam in die bronteks, maar weerspieël nie die aard van die magiese wese nie. Ook die name van die Bulgaarse Kwiddiekspan is inkonsekwent vertaal. Die name in die bronteks lees *Dimitrov*, *Vulchanov* en *Volkov* (HPE4, p. 95) terwyl die name van die eerste twee spelers in die doelteks *Dimitroff* en *Vuchanof* geword het, terwyl die laaste speler *Volkov* gebly het (HPA4, p. 71).

Die inkonsekwente manier waarop die vertaler die vertaling van eiename benader het, waarskynlik omdat sy nie vanaf die vertaling van die eerste boek in die *Harry Potter*-reeks 'n databasis vir die vertaalde eiename opgestel het nie (Oosthuysen, 2003b), is duidelik te bespeur in die vertaling van die eienaam *Mrs Skower* (HPE4, p. 267), wat *Mev. Schrop* is in HPA4, p. 66, en *Mev. Schuur* word op p. 195 van dieselfde boek. Ook die titel van haar skoonmaakmiddel is inkonsekwent vertaal: In HPE4 verskyn die titel *Mrs Skower's All-Purpose Magical Mess-Remover* op pp. 88 en 267 en in HPA4 word dit as *Mev. Schrop se veeldoelige Towerskoonmaker* (p. 66), en as *Mev. Schuur se Veeldoelige Magiese Skoonmaakmiddels* (p. 195) vertaal.

Sekere eiename is wel in Afrikaans vertaal, terwyl ander in die oorspronklike behou is. Volgens die vertaler is die 'strategie' wat sy gevolg het, om die 'goeie' karakters se name te vertaal (behalwe Harry en Ron s'n wat weens hulle internasionale bekendheid nie vertaal kon word nie) en die 'slegte' karakters s'n in die oorspronklike te behou – beslis nie 'n weldeurdagte strategie nie. Die wete dat daar wel films gemaak gaan word op grond van die boeke, het die vertaler aangespoor om die eiename wat sy wel vertaal het so na moontlik aan die Engels te hou, sodat die karakters in die films herken kan word. Sy kritiseer byvoorbeeld die Nederlandse vertaler se vertaling van



*Dumbledore* as *Perkamentus*, aangesien sy naam nie in die films herken sal word deur Nederlandse lesers nie. (Oosthuysen, 2003b.) Hierdie uitspraak is egter teenstrydig met haar eie vertaling van *Fudge* as *Broddelwerk* – alhoewel daar wel 'n bepaalde semantiese ooreenstemming tussen die twee name is, klink hulle net so verskillend van mekaar as 'Dumbledore' en 'Perkamentus'.

Die inkonsekwente vertaalstrategie is veral steurend wanneer die name van karakters in dieselfde paragrawe of subafdelings gebruik word. In HPE5 is daar op p. 49 'n verwysing na *Kingsley Shacklebolt*, *Elphias Doge* en *Dedalus Diggle* in dieselfde sin, met *Emmeline Vance*, *Sturgis Podmore* en *Hestia Jones* in 'n paragraaf net daarna. Die Afrikaanse vertalings het lukraak plaasgevind sonder enige vertaalstrategie, soos duidelik in HPA5 op p. 41, waar die name *Kingsley Shacklebolt*, *Elphias Doge*, *Emmeline Vance* en *Sturgis Podmore* dieselfde gebly het, maar die ander twee karakters verander is na *Dedalus Diggel* en *Hestia Jansen*. Die besluit om *Dumbledore* se naam na *Dompeldorius* te verander is voorts teenstrydig met die behoud van sy ander, eg Britse name, naamlik *Albus Percival Wulfric Brian*.

Weens interferensie is die naam van die gif waarmee mevrou Weasley en die kinders van die Doxies ontslae probeer raak, foutief vertaal. Die vertaling wat vir *Doxycide* (HPE5, p. 95) gegee word, is *Doxiesied* (HPA5, p. 81), terwyl dit inderwaarheid 'Doxiegif' moes wees.

### **4.3 Interkulturele vertaalprobleme**

Nord beskryf interkulturele vertaalprobleme as die resultaat van verskille in die konvensies (oftewel norme) tussen die twee betrokke kulture. Kulturele filtering is dus hier van toepassing. Volgens Nord is 'getrouheid' en 'ekwivalensie' soms juis onversoenbaar wanneer die bron- en die doelkulture redelik naby aan mekaar is (soos wel die geval is met die Britse en Suid-Afrikaanse kulture, sien afdeling 3.4.1.4). Hoe kleiner die kulturele afstand, hoe meer is die vertaler geneig om deur kulturele "false friends" uitgevang te word, aangesien alles in die bronteks so bekend lyk – sonder dat dit identies is. Nord noem as voorbeelde van interkulturele vertaalprobleme

aanspreekvorme en groetformules (afdeling 4.3.1); afmetings (afdeling 4.3.2); en tekstipologiese konvensies. (Nord, 1997b:66.) Uitroepe (afdeling 4.3.3) is ook by hierdie kategorie gevoeg as 'n voorbeeld van interkulturele vertaalprobleme.

#### 4.3.1 Aanspreekvorme en groetformules

Die vertaler gebruik telkens aanspreekvorme wat onnatuurlik in die doeltaal klink, aangesien dit direk uit die bronteks vertaal is. 'n Voorbeeld hiervan is die vertaling van *son* in die volgende sin waar Amos Diggory vir mnr Weasley roep in HPE4, p. 67: *Over here, Arthur! Over here, son, we've got it!*. Aangesien Amos en mnr Weasley albei volwassenes is, is dit onwaarskynlik dat hy 'son' letterlik bedoel, maar eerder dat dit 'n gemoedelike aanspreekvorm is. Die vertaling hiervan in HPA4, p. 50 as *Hier, Arthur! Hier, seun, ons het dit!* klink onnatuurlik en onwaarskynlik. Ook die vertaling van die woord 'boy' vind onnatuurlik plaas. In HPE5, p. 11, skel oom Vernon vir Harry uit: *"What the devil do you mean by it, boy?"* en *"Don't you be clever with me, boy!"*. Die vertaling daarvan in HPA5, p. 8, lui: *"Wat de duiwel dink jy doen jy, seun?"* en *"Moet jou nie slim hou nie, seun!"*. Alhoewel dit leksikale ekwivalente is, is die semantiese betekenis nie ooreenstemmend nie, en klink dit onnatuurlik in die doelttekssituasie. 'n Meer natuurlike opsie sou wees: 'Moet jou nie slim hou nie, mannetjie!' of 'Moet jou nie slim hou nie, meneertjie!'.

Die gebruik van die informele aanspreekvorm 'you' in Engels blyk problematies te wees in die Afrikaanse vertalings. In HPA5, p. 20, spreek Harry vir tant Freya aan as *"Tannie"* en ook *"U – u is 'n heks?"*. Direk daarna, op p. 21, verander dit egter na *"Hoekom het tannie nog nooit vir my gesê jy's 'n Sisser nie?"* – die aanspreekvorm 'Tannie' verloor die nodige hoofletter, en die aanspreekvorm 'u' verval skielik na die informele 'jy'. Die aanspreek van volwassenes as 'jy' en 'jou', soos ook in HPA5, p. 120, waar Harry vir Lucius Malfoy vra *"Wat doen jy in elk geval hier?"*, is reeds in afdeling 3.5.4 bespreek.

Die verhewe manier waarop Draco Malfoy na sy pa verwys in HPE5, p. 235, word onnatuurlik vertaal in HPA5, p. 196: “*Father was talking to the Minister just a couple of days ago*” word “*Vader het ’n paar dae gelede met die Minister gepraat*” – ’n verhewe aanspreekvorm wat waarskynlik nie deur ’n jong Afrikaanse seun gebruik sal word nie. ‘My pa’ sou moontlik natuurliker klink.

#### 4.3.2 Afmetings

Afmetings in die bronteks moet versigtig benader word, aangesien die gebruik van Britse vorme ongewoon in die doelteks kan klink. Wanneer Harry in HPE4, p. 86, drie omnikykers koop, volg die Afrikaanse doelteks die bronteks direk na in die vertaling van *Three pairs* as *Drie paar*. Die korrekte Britse formulering is wel ‘a pair of binoculars’, maar in Afrikaans is dit bloot ‘n verkyker’, sonder die verwysing na ‘paar’.

’n Verdere voorbeeld van interferensie by die vertaling van afmetings is die vertaling van *Over a hundred* (HPE4, p. 161) as *Oor ’n honderd* in HPA4, p. 118, in stede van ‘Meer as ’n honderd’. *Every inch of his body* (HPE5, p. 409) wat *elke duim van sy liggaam* in HPA5, p. 340, lees, is ’n maatvorm wat nie meer in Suid-Afrika in gebruik is nie. Dit is teenstrydig met die gebruik van *honderde kilometers*<sup>12</sup> (HPA5, p. 422) vir *hundreds of miles* (HPE5, p. 509), aangesien myle ook, nes duime, voorheen in Suid-Afrika gebruik is, maar tans nie meer nie.

#### 4.3.3 Uitroepe

Enkele uitroepe in die doelteks klink onnatuurlik in die doeltekssituasie, veral indien in ag geneem word dat die teks ook hardop gelees word (deur die hooftekenlesers of deur hulle ouers), en dus ’n geloofwaardige dialoog moet hê. In HPE4, p. 94, vererg Hermien haar vir Harry en Ron wat hulle aan die Veela vergaap, en roep verontwaardig uit “*Honestly!*” nadat sy vir Harry in sy stoel teruggepluk het. Die direkte vertaling daarvan in HPA4, p. 70, as

---

<sup>12</sup> Alhoewel die vertaler korrek was in die gebruik van ‘kilometer’ in stede van ‘myl’, is die meervoudvorm ook ’n voorbeeld van interferensie, aangesien die korrekte gebruik van die afmeting ‘honderde kilometer’ is, en ‘kilometers’ onder invloed van Engels staan.

“Regtig!” is ’n voorbeeld van onnatuurlike vertaling, aangesien ’n ontstoke en effens jaloerse jong meisie eerder ‘Asseblief!’ of ‘Hemel tog!’ sou uitroep. ’n Positiewe opmerking is wel dat die vertaler die sensitiwiteit van die doellesers in aanmerking gehou het tydens die vertaling van lasterlike uitroepe. “Good Lord” in HPE5, p. 27, is vertaal as “Grote genade” in HPA5, p. 23, iets wat gepas is by die meer konserwatiewe Afrikaanse teikengroep.

#### 4.4 Interlinguistiese vertaalprobleme

Volgens Nord is interlinguistiese vertaalprobleme die resultaat van strukturele verskille in die woordeskat en sintaksis van die twee betrokke tale. Sy beveel aan dat die volgende vraag gevra word om te bepaal of die vertaling aan funksionalistiese maatstawwe voldoen: Toon die doelteks ’n linguistiese struktuur wat gepas is vir die beoogde doel van die teks vir die ontvangers in die doelkultuur? (Nord, 1997b:66.) In die geval van die Afrikaanse vertalings van Harry Potter is die linguistiese struktuur nie gepas nie, aangesien die direkte en foutiewe vertalings tot onnatuurlike taalgebruik en linguistiese strukture lei. ’n Groot aantal subgroeperings is in hierdie studie onder die kategorie interlinguistiese vertaalprobleme gekategoriseer.

##### 4.4.1 Sosiolekte

Die dialoog in die brontaal weerspeel die sosiolek wat eie is aan algemene Britse taalgebruik. Woordherhaling en -gebruik, soos die byvoeging van retoriese vrae met geen inherente betekenis aan die einde van sinne nie, is telkens direk vertaal in taalgebruik wat onnatuurlik en ongewoon in die doeltaal is. Voorbeelde hiervan sluit in:

- “I had your fireplace connected to the Floo Network, you see” is vertaal as “Ek het jul vuurherd aan die Floo-netwerk laat koppel, sien julle” (HPE4, p. 44 en HPA4, p. 33).
- “Well, nobody knows, do they?” word “Wel, niemand weet nie, of hoe?” in die doelteks (HPE4, p. 147 en HPA4, p. 108).
- “An’ agains’ the Horntail an’ all” se vertaling lui “En teen die Horingstert en alles” (HPE4, p. 312 en HPA4, p. 228).

- “*Yeah, well, Percy wouldn’t want to work for anyone with a sense of humour, would he?”* is vertaal as “*Ja, wel, Percy sal nie vir iemand met ’n sin vir humor wil werk nie, sal hy?”* (HPE4, p. 335 en HPA4, p. 244).
- “*Very kind ter me, he was . . . ,”* word “*Was baie goed vir my, hy was . . . .”* in die doelteks (HPE4, p. 372 en HPA4, p. 271).
- “. . . *followed her around and reminded her, I did, I remember at her brother’s wedding –*” is vertaal as “. . . *het haar oral gevolg en haar herinner, ek het, ek onthou by haar broer se troue –*” (HPE4, p. 404 en HPA4, p. 294).

Verdere voorbeelde van interferensie in die sosiolek-kategorie verskyn in Bylaag A.

#### 4.4.2 Dialoog

Die Afrikaanse vertaling van dialoog in Harry Potter toon telkens spore van interferensie weens ’n direkte navolging van die Engelse linguistiese patrone. Veral in gevalle waar woorde in die dialoog van die bronteks uitgelaat word, het die vertaler nagelaat om die linguistiese struktuur van Afrikaans voor oë te hou. Voorbeelde hiervan sluit in:

- “*Ban us?*” [. . .] “*From playing . . . ever again?*” word “*Verbied?*” [. . .] “*Van ooit weer . . . speel?*” in plaas van “*Verbied?*” [. . .] “*Om ooit weer te speel?*” (HPE5, p. 369 en HPA5, p. 307).
- In die Engelse sin “*I need . . . see . . . Dumbledore . . .*” (HPE4, 481) word mnr Crouch se woorde uitgelaat omdat hy te swak is om te praat. Dit volgorde van die woorde is egter steeds in die normale struktuur, aangesien bloot die ‘to’ in die sin uitgelaat is, dus sou hy “*I need to see Dumbledore*” gesê het as hy daartoe in staat was. Die Afrikaanse vertaling is egter direk op die Engels geskoei, wat lei tot ’n onnatuurlike woordvolgorde. “*Ek moet . . . sien . . . Dompeldorius*” (HPA4, p. 350) moes inderwaarheid “*Ek moet . . . Dompeldorius . . . sien*” oftewel “*Ek . . . Dompeldorius . . . sien*” indien die vertaler wel ook ’n woord wou uitlaat, ten einde steeds die normale woordvolgorde te behou wat mnr Crouch sou probeer uiter het. Dieselfde geld vir “*Must . . . tell . . . Dumbledore . . .*”

(HPE4, p. 482) wat in die direkte Afrikaanse vertaling “*Moet vertel . . . Dompeldorius . . .*” (HPA4, p. 350) geword het in plaas van “*Moet . . . Dompeldorius . . . vertel*” wat die korrekte linguistiese struktuur sou weergee. ’n Verdere voorbeeld is die vertaling van die senuweeagtige tant Freya se dialoog by die verhoor in HPE5, waar sy bewerig sê: “. . . *and I remembered . . . dreadful things . . .*” (p. 132). In die Afrikaanse doeltteks word dit egter “. . . *en ek het onthou . . . vreeslike dinge . . .*” (HPA5, p. 113) in plaas van “. . . *en ek het . . . vreeslike dinge onthou . . .*”.

’n Voorbeeld van foutiewe vertaling van dialoog, wat plaasgevind het omdat die vertaler nie die doelkultuur voor oë gehou het tydens die vertaling nie, is die volgende:

- Mundungus, wat in HPE5, p. 77 uit sy slaap wakker gemaak word, se vaak gemompel “*Some’n say m’name? [. . .] I ‘gree with Sirius*” en “*Blimey, so ‘e ‘as. Yeah . . . you all right, ‘Arry?*” word in HPA5, p. 65 vertaal as “*Hê ieman’ my naam gesjê? [. . .] Ek sjtem saam met Sirius*” en “*Jislaaik, hy isj. Ja . . . isj jy oukei, Harry?*”. Die uitbeelding van sy uitspraak in die Afrikaans is in die eerste plek inkonsekwent, aangesien die sj-klank nie al die s’e vervang nie, en in die tweede plek is hierdie sj-klanke eerder die tipiese uitbeelding in die brontekst van ’n dronk persoon se uitspraak as iemand wat bloot deur die slaap is.

#### 4.4.3 Informele spreektaal in die brontekst

Aangesien die brontekst vir jeuglesers geskep is, is die taalgebruik hoofsaaklik geskoei op algemene, informele Britse spreektaal, wat eie is aan die Britse kultuur. Die vertaler het egter telkens, weens interferensie, hierdie informele bewoording en spreektaal eie aan die brontekst direk vertaal, met onnatuurlike spreektaal en ‘translationese’ in die doeltteks as gevolg. Voorbeelde hiervan is as volg:

- *He had almost said ‘Hogwarts Express’, and that was a sure way to get his uncle’s temper up* is vertaal as *Hy het so amper ‘Hogwarts Express’ gesê, en dit is ’n seker manier om sy oom die hoenders in te maak* in die

doelteks, in plaas van 'Hy het so amper 'Hogwarts Express' gesê, en dit sou beslis sy oom die hoenders in maak' (HPE4, p. 34 en HPA4, p. 25).

- “*Arthur tried to borrow Ministry cars for us [ . . . ] But there weren't any to spare*” word “*Arthur het probeer om vir ons motors by die Ministerie te leen [ . . . ] Daar was egter niks om te spaar nie*” in stede van “Daar was ongelukkig nie 'n ekstra een beskikbaar nie” of “Hulle kon egter nie een afstaan nie” (HPE4, p. 144 en HPA4, p. 105).
- “[. . .] *and it's very important for us to have spies inside the Ministry, because you can bet Voldemort will have them*” is vertaal as “[. . .] *en dis baie belangrik dat ons spioene binne die Ministerie het, want  jy kan wed Woldemort het*” in stede van “want ek verseker jou Woldemort het” of “jy kan seker wees Woldemort het” (HPE5, p. 90 en HPA5, p. 76).
- “*Oh . . . hello, Harry,*” said a nervous voice. “*Um . . . bad time?*” word “*O . . . hallo Harry,*” sê 'n verbouereerde stem. “*Hm . . . slegte tyd?*” in stede van “Hm . . . nie 'n goeie tyd nie?” (HPE5, p. 170 en HPA5, p. 144).
- “*I know, mate [ . . . ] she's bang out of order*” word vertaal as “*Ek weet, pêl [ . . . ]. Sy's buite orde*” in plaas van “Sy's buite beheer” of “Sy's heeltemal verkeerd” (HPE5, p. 285 en HPA5, p. 238).
- “*Hmm . . . I could do with a new quill*” word “*Hm . . . ek kan 'n nuwe veerpen gebruik*” in plaas van “ek het 'n nuwe veerpen nodig” (HPE5, p. 310 en HPA5, p. 258).
- “*I think he's really frustrated at how little he can do where he is . . . so I think he's keen to kind of . . . egg us on*” word “*Ek dink hy's baie gefrustreerd omdat hy so min kan doen daar waar hy nou is . . . Ek dink dus hy por ons soort van gretig aan*” in plaas van “daarom is hy so gretig om ons . . . soort van aan te por” (HPE5, p. 335 en HPA5, p. 280).
- Na 'n relaas van Mania Goedlief oor haar pa se bisarre idees, maak Cho haar mond oop om iets te vra. Harry maak haar stil met “*Don't ask*” in HPE5, p. 350. Dit word vertaal as “*Moenie haar uitvra nie*” (HPA5, p. 292) in plaas van die meer natuurlike “Moenie vra nie” of “Moet liever nie vra nie”.

- “. . . and you must be Hermione Granger?” word “En jy moet Hermien la Grange wees?” in stede van “En jy is seker Hermien la Grange?” (HPE5, p. 453 en HPA5, p. 376).
- *Algernon Rookwood, [. . .] convicted of leaking Ministry of Magic secrets to He Who Must Not Be Named* word *Algernon Rookwood, [. . .] skuldig bevind op aanklag dat hy geheime van die Ministerie vir Towerkuns aan Hy-Wat-Nie-Genoem-Mag-Word-Nie gelek het* in plaas van ‘dat hy geheime van die Ministerie vir Towerkuns aan Hy-Wat-Nie-Genoem-Mag-Word-Nie uitgelap het’ of ‘geheime . . . laat uitlek het’ (HPE5, p. 480 en HPA5, p. 398).
- “*Well, I always thought he was a bit of an idiot*” word vertaal as “*Wel, ek het nog altyd gedink hy’s so iets van ’n idioot*” in plaas van “ek het nog altyd gedink hy is ietwat van ’n idioot” (HPE5, p. 763 en HPA5, p. 625).

Verdere voorbeelde van interferensie in die vertaling van informele spreektaal is in Bylaag A gelys.

#### 4.4.4 Brontaaluitdrukkings

Onder hierdie afdeling is uitdrukkings wat eie aan die bronkultuur is, gegroepeer. Hierdie uitdrukkings is meestal direk vertaal in onnatuurlike doeltaaluitdrukkings, wat as leenvertalings (“calques”) beskryf kan word. Volgens Vinay en Darbelnet is leenvertalings “a special kind of borrowing whereby a language borrows an expression form of another, but then translates literally each of its elements” (1995:85). Voorbeelde sluit in:

- “*Harry Potter is as good as mine*” is vertaal as “*Harry Potter is so goed soos myne*” in plaas van “Harry Potter is so te sê myne” (HPE4, p. 16 en HPA4, p. 12).
- “*Every time Muggles have got anywhere near here all year, they’ve suddenly remembered urgent appointments and had to dash away again . . . Bless them*” is vertaal as “*Elke keer dat ’n Moggel hierdie jaar iewers in die omtrek was, het hy skielik van ’n dringende afspraak onthou en hom of haar uit die voete gemaak . . . rus hul siele*” (HPE4, p. 87 en HPA4, p. 65). Nie net is die verwysing na geslag in die Afrikaanse vertaling



foutief nie ('hy' en later 'hom of haar'), maar die 'rus hul siele' is 'n direkte afleiding van die Engelse 'bless their souls' – dit is 'n voorbeeld waar die invloed van Engels op die vertaler selfs sterker was as die invloed van die spesifieke bronteksbewoording. 'n Meer aanvaarbare opsie sou wees “die arme goed”.

- “*It’s just lucky I put Mr Tibbles on the case!*” is vertaal as “*Dis ’n geluk dat ek meneer Tibbie op die saak gesit het!*” in stede van “Ook maar goed ek het gesorg dat meneer Tibbie jou dophou!” (HPE5, p. 24 en HPA, p. 20).
- “*You’re on the run from the law!*” is vertaal as “*Jy’s op vlug vir die gereg?*” in plaas van “Jy vlug vir die gereg!” (HPE5, p. 38 en HPA5, p. 32).
- “*Tonks’ll be right in front of you, keep close on her tail!*” is vertaal as “*Tonks gaan reg voor jou wees, hou na aan haar stert!*” in plaas van “Tonks gaan reg voor jou vlieg, bly reg agter haar” (HPE5, p. 54 en HPA5, p. 45).
- “*Because I hated the whole lot of them: my parents, [. . .] my idiot brother, soft enough to believe them . . .*” is vertaal as “*Omdat ek die hele gespuis gehaat het: my ouers [. . .] my sotlike broer, sag genoeg om hulle te glo . . .*” in plaas van “my sotlike broer, wat dom genoeg was om hulle te glo” (HPE5, p. 104 en HPA5, p. 88).
- “*My father put every security measure known to wizardkind on it when he lived here”* is vertaal as “*My pa het elke denkbare veiligheidsmaatreël bekend aan towenaars aangebring toe hy hier gewoon het*” in plaas van “My pa het elke veiligheidsmaatreël waaraan towenaars kon dink aangebring toe hy hier gewoon het” (HPE5, p. 106 en HPA5, p. 90).
- “*After you, Harry.*” *He opened the telephone-box door* is vertaal as “*Ná jou, Harry,*” *sê hy en maak die telefoonhokkie se deur oop* in plaas van “Stap jy eerste, Harry” (HPE5, p. 115 en HPA5, p. 98).
- *He wanted to catch Dumbledore’s eye* word direk vertaal as *Hy probeer Dompeldorius se oog vang* in plaas van ‘Hy probeer Dompeldorius se aandag trek’ (HPE5, p. 128 en HPA5, p. 108).
- “*We do, in fact, have a witness to the presence of Dementors in that alleyway,*” *he said, “other than Dudley Dursley, I mean”* is vertaal as “*Ons het, om die waarheid te sê, ’n getuie vir die teenwoordigheid van twee Dementors in daardie laan,*” *sê hy, “anders as Dudley Dursley, natuurlik”* in

plaas van “Om die waarheid te sê, ons het wel ’n getuie vir die teenwoordigheid van twee Dementors in daardie laan, sê hy, buiten Dudley Dursley, bedoel ek” (HPE5, p. 130 en HPA5, p. 111).

- “*What is it this time, my fine Potty friend? Hearing voices? Seeing visions? Speaking in [ . . . ] tongues?*” word vertaal as “*Wat is dit nou weer, my liewe vriend Potter? Hoor jy stemme? Sien jy gesigte? Praat jy in – tonge?*” in plaas van “Praat jy in tale?” (HPE5, p. 222 en HPA5, p. 186).
- In *twos and threes the rest of the group took their leave, too* is vertaal as *Die res verlaat die groep in twees en drieë* in plaas van ‘Die res van die groep verlaat die kamer twee-twee en drie-drie’ (HPE5, p. 309 en HPA5, p. 257).
- Professor McGonagall word na die kasteel gedra nadat sy bedwelm is: “*I just hope Professor McGonagall’s all right,*” said Lavender tearfully [ . . . ] “*Madam Pomfrey will sort her out*” is vertaal as “*Madame Pomfrey sal haar wel regsien*” (HPE5, p. 638 en HPA5, p. 526). Aangesien die term ‘regsien’ in informele spreektaal die konnotasie het van ‘afreken’, sou ’n natuurliker opsie moontlik “*Madame Pomfrey sal haar gou weer op die been kry*” wees.

Verdere voorbeelde van die direkte vertaling van brontaaluitdrukking verskyn in Bylaag A.

#### 4.4.5 Metaforiese brontaalgebruik

In die brontaal is die letterlike uitbeelding van liggaamlike handeling en die animasie van nielewendende voorwerpe ’n algemene verskynsel. In die doeltaal is hierdie verskynsels egter vreemd en dikwels foutief. Die volgende is voorbeelde van standaardmetafore – hierdie tipe metafoor word deur Newmark beskryf as “an established metaphor which in an informal context is an efficient and concise method of covering a physical and/or mental situation both referentially and pragmatically” (1988:108):

- *And then the chair was facing Frank, and he saw what was sitting in it* word vertaal as *Toe draai die stoel na Frank en hy sien wat daarop sit in*

plaas van 'Toe is die stoel na Frank gedraai en kan hy sien wat daarop sit' (HPE4, p. 19 en HPA4, p. 14).

- *Uncle Vernon screwed up his enormous face as though trying to remember something very unpleasant* wat Oom Vernon *skroef sy tamaai gesig op* asof hy iets ergs onplesierigs probeer onthou in die doelteks is, in plaas van 'Oom Vernon trek sy tamaai gesig asof hy iets ergs onplesierigs probeer onthou' (HPE4, p. 34 en HPA4, p. 25).
- *Their faces cracked into identical, evil grins word Hul gesigte breek oop in eenderse, kwaadwillige spotlagte* in die doelteks in plaas van byvoorbeeld 'Fred en George grinnik albei boosaardig' (HPE4, p. 46 en HPA4, p. 35).
- *"A filthy great dragon keeps popping up in my head, for some reason"* word "Dis net dat 'n vieslike groot draak *vir* die een of ander rede *gedurig in my kop staan en spring*" in plaas van 'Dis net dat ek om een of ander rede die heelyd aan 'n vieslike groot draak bly dink' (HPE4, p. 301 en HPA4, p. 221).
- *As he said it, his stomach flooded with a wave of molten panic* in HPE4, p. 280, se beeldspraak is vertaal as die ongewone *Toe hy dit sê, is dit asof sy maag vol gesmelte paniek word* (HPA4, p. 204). Die Afrikaanse weergawe kon moontlik eerder as volg vertaal word: 'Toe hy dit sê, draai sy maag van die paniek'.
- *Small white lights popped in front of his eyes word Wit liggies spring voor sy oë rond* in plaas van 'Hy sien wit liggies' (HPE5, p. 21 en HPA5, p. 17).
- *[. . .] Aunt Petunia laid an anxious hand on Dudley's forehead* is vertaal as *[. . .] terwyl tant Petunia 'n bekommerde hand op Dudley se voorkop sit*. Die volgende sou moontlik meer aanvaarbaar wees: 'terwyl tant Petunia bekommerd haar hand op Dudley se voorkop sit' (HPE5, p. 33 en HPA5, p. 28).
- *Uncle Vernon and Aunt Petunia exchanged looks of utter horror* is vertaal as *Oom Vernon en tant Petunia verwissel geskokte blikke* in plaas van 'Oom Vernon en tant Petunia kyk geskok na mekaar' (HPE5, p. 32 en HPA5, p. 27).
- *"We're not discussing anything here, it's too risky," said Moody, turning his normal eye on Harry* word "Ons bespreek niks hier nie, dis te gevaarlik," sê

*Moodie en draai sy gewone oog na Harry* in plaas van 'en kyk met sy gewone oog na Harry' of 'terwyl hy met sy gewone oog na Harry kyk' (HPE5, p. 50 en HPA5, p. 42).

- *He could feel Professor Marchbank's eyes on the back of his neck* is vertaal as *Harry voel professor Maarsbank se blik teen sy agterkop* in stede van 'Harry kan voel dat professor Maarsbank na hom kyk' (HPE5, p. 635 en HPA5, p. 523).
- *Harry glared at him for a moment, then flung himself back into the chair opposite Dumbledore and waited* is vertaal as *Harry gluur na hom. Dan slinger hy hom in die stoel oorkant Dompeldorius neer en wag* in plaas van 'Harry gluur na hom. Dan val hy in die stoel oorkant Dompeldorius neer en wag' (HPE5, p. 736 en HPA5, p. 603).

Idiome moet met versigtigheid hanteer word. Volgens Baker bring die vertaling van idiome twee kernprobleme na vore, naamlik die herkenning en korrekte interpretasie van die idioom deur die vertaler, en die oordrag van die idioom se verskeie betekenisaspekte na die doeltaal (1992:65). Die kompleksiteit van hierdie tipe vertaling kom in die volgende voorbeelde van aangepaste metafore na vore. Volgens Newmark behoort aangepaste metafore verkieslik met ekwivalente aangepaste metafore vertaal te word – "if it were translated literally, it might be incomprehensible" (Newmark, 1988:111) (wat inderdaad die geval in die voorbeelde hier onder is). Ook Baker stem saam dat die idioom nie suksesvol in die doeltteks oorgedra kan word indien die doeltaalidioom nie in vorm en betekenis met die brontaalidioom ooreenstem nie (1992:69).

- *[W]e might as well be hanged for a dragon as an egg* is vertaal as *ons kan net sowel vir 'n draak as vir 'n eier gehang word* (HPE5, p. 25 en HPA5, p. 21). Die Engelse bewoording is 'n woordspel met die idioom 'Might as well be hanged for a sheep as for a lamb' en die direk vertaalde idioom is nie bekend in Afrikaans nie. Die situasie hier ter sprake, is dat tant Freya vir Harry aansê om reg te staan om sy towerstaf te gebruik nadat hy 'n Patronus opgeroep het om die Dementors van Dudley weg te kry. Volgens haar is Harry reeds in die moeilikheid, en kan nog 'n towerspreuk hom nie

nog meer in die moeilikheid kry nie. Aangesien die strawwe wat deur die Ministerie vir toordery in Moggelgebiede die rede is vir Harry se huiwering om weer te toor, kon die Afrikaanse idioom 'Doller as kop-af kan dit tog nie' moontlik wel suksesvol in die vertaling gebruik word.

- Ron is van mening dat Snape nie verander het nie, en steeds aan Woldemort se groep behoort: "*Poisonous toadstools don't change their spots,*" said Ron sagely (HPE5, p. 212). Hierdie bewoording is afkomstig van die Engelse idioom 'The leopard cannot change its spots'. Die Afrikaanse vertaling lui egter: "*Giftige paddastoele se kolle verander nie,*" sê Ron wysgerig (HPA5, p. 179). Alhoewel die idee van gif en paddastoele by die tema van die *Harry Potter*-boeke inpas, is die idioom Engels en moontlik nie bekend aan jong Afrikaanse lesers nie. Die ooreenstemmende idioom in Afrikaans is 'Jakkals verander van hare, maar nie van streke/snare nie' en 'n meer funksionalistiese vertaling sou dus moontlik kon lui: "'n Weerwolf verander van hare, maar nie van snare nie".

Meer voorbeelde van die direkte vertaling van metaforiese brontaalgebruik word in Bylaag A verskaf.

#### 4.4.6 Brontaalsinstrukture

In hierdie afdeling word voorbeelde gegee van sinstrukture wat eie is aan die brontaal en net so na die doelteks oorgedra is. Hier lei interferensie tot onnatuurlike sinskonstruksies in die doeltaal. Voorbeelde sluit in:

- *Alarmed as she was by Sirius' warnings about Karkaroff, Hermione still thought that the dragons were the more pressing problem* is vertaal as *Geskok soos sy oor Sirius se waarskuwings oor Karkaroff is, dink Hermien steeds dat die drake 'n meer dringende probleem is* in plaas van 'Al is Hermien geskok oor Sirius se waarskuwings oor Karkaroff, dink sy steeds dat die drake 'n dringender probleem is' (HPE4, p. 295 en HPA4, p. 216).
- *Asleep was the way Harry liked the Dursleys best* is in die doelteks *Vas aan die slaap is hoe Harry die meeste van die Dursleys hou* in stede van 'Harry hou die meeste van die Dursleys wanneer hulle vas aan die slaap is' (HPE5, p. 22 en HPA5, p. 17).

- “*Well – well, if he is a bit strange, it’s not his fault*” word “*Wel – wel, as hy ’n bietjie eienaardig is, is dit nie sy skuld nie*” in plaas van “[. . .] dit is nie sy skuld dat hy ’n bietjie eienaardig is nie” (HPE5, p. 72 en HPA5, p. 61).
- “*Quite astonishing, the way you continue to wriggle out of very tight holes*” word “*Uiters verrassend, die manier waarop jy daarin slaag om jou uit verknorsings te wikkel*” in die doelteks in plaas van “Dit is uiters verrassend hoe jy daarin slaag om jou uit verknorsings te wikkel” (HPE5, p. 141 en HPA5, p. 119).
- *Sprawled on the dusty old carpet in a patch of moonlight, clearly dead, was Ron* word *Uitgestrek op die stowwerige ou mat voor haar, in ’n poel maanlig, duidelik dood, lê Ron* in stede van ‘Ron lê uitgestrek op die stowwerige ou mat voor haar in ’n poel maanlig. Dit is duidelik dat hy dood is’ (HPE5, p. 159 en HPA5, p. 135).

Meer voorbeelde van onnatuurlike sinstrukture in die doelteks word in Bylaag A gelys.

#### 4.4.7 Kollokasies eie aan die brontaal

Sommige kollokasies of aangepaste kollokasies wat tipies van of eie aan die brontaal is, verskyn in die doelteks weens direkte vertaling. Hierdie vertalings getuig van oorhaastige vertaalwerk wat nie weldeurdag is nie, aangesien al die voorbeelde wel weergawes in die doeltaal het wat natuurlik en in algemene gebruik is. Vervolgens word voorbeelde in hierdie kategorie gegee:

- *the moon was still out* is vertaal as *die maan is nog uit* in plaas van ‘die maan skyn nog’ of ‘die maan is nog nie onder nie’ (HPE4, p. 65 en HPA4, p. 49).
- “*I merely thought [. . .] that if Potter was wandering around after hours again . . . it’s an unfortunate habit of his . . .*” word “*Ek het bloot gedink [. . .] dat as Potter weer na ure ronddwaal . . . dit is ’n ongelukkige gewoonte wat hy het . . .*” in stede van “dit is ’n nare gewoonte van hom” (HPE4, p. 411 en HPA4, p. 299).
- *[. . .] to Harry’s relief, Ron’s dark predictions that the house-elves would send sub-standard food up to the Gryffindor table [. . .] proved false* word

vertaal as [. . .] tot Harry se verligting word Ron se donker voorspellings dat die huis-elwe substandaard kos na die Griffindortafel gaan stuur [. . .] nie bewaarheid nie in plaas van '[. . .] tot Harry se verligting word Ron se negatiewe voorspellings dat die huis-elwe kos van 'n laer standaard as gewoonlik na die Griffindortafel gaan stuur [. . .]' (HPE4, 469 en HPA4, p. 341).

- [. . .] again, there was a collective shudder around the table at the name word [. . .] weer gaan 'n kollektiewe siddering om die tafel by die noem van die naam in plaas van 'almal om die tafel sidder toe hy die naam noem' (HPE5, p. 84 en HPA5, p. 71).
- Mrs Weasley's voice was lost amid fresh shrieks and screams from the portraits in the hall word Mevrouw Weasley se stem raak weg onder die vars krete en geskree van die portrette in die voorportaal in plaas van 'Mevrou Weasley se stem is onhoorbaar toe die portrette in die voorportaal weer van voor af begin gil en skreeu' (HPE5, p. 100 en HPA5, p. 84).
- "He's been alone too long," said Sirius, "taking mad orders from my mother's portrait and talking to himself [. . .]" word "Hy was te lank alleen," sê Sirius. "Moes te veel gek opdragte van my ma se portret neem en met homself praat [. . .]" in plaas van "Moes te veel waansinnige opdragte van my ma se portret uitvoer en heelyd met homself praat" (HPE5, p. 103 en HPA5, 87).
- "We are familiar with Clause Seven, thank you very much!" is vertaal as "Ons is bekend met klousule 7, baie dankie!" in plaas van "Ons is vertrouwd met klousule sewe, baie dankie!" (HPE5, p. 135 en HPA5, p. 115).

In Bylaag A word verdere voorbeelde van onnatuurlike kollokasies verskaf.

#### 4.4.8 Brontaalwerkwoorde en -vorme

Die volgende afdeling bied voorbeelde van werkwoorde en werkwoordvorme wat onnatuurlik voorkom in die doeltaal, sommige omdat foutiewe ekwivalente deur die vertaler gekies is, en ander omdat werkwoordstrukture eie aan die brontaal direk vertaal is. Hierdie voorbeelde van interferensie is veral steurend in die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke, aangesien soveel aksie in die boeke

plaasvind, en werkwoorde en -vorme dus 'n buitengewone groot rol speel. Die vertaler moes juis baie aandag aan hierdie vertaalprobleme gegee het, aangesien die ondeurdagde vertaalkeuses tot onvanpaste en argaïese ekwivalente gelei het.

- *She bustled out of the kitchen and they heard her climbing the stairs* word *Sy stommel uit die kombuis en hulle hoor hoe sy die trappe klim* in stede van 'Sy storm/jaag uit die kombuis' (HPE4, p. 63 en HPA4, p. 48).
- *Every time it stopped Mr Weasley cursed furiously and pummelled the number nine button* is verkeerd vertaal as *Elke keer as [die hysbak] stop, vloek meneer Weasley ergerlik en trommel op die nommer 9-knoppie* (HPE5, p. 124 en HPA5, p. 105). Die woord 'trommel' druk nie meneer Weasley se woede uit nie – dit sou moontlik eerder vertaal kon word as 'Elke keer as dit stop, vloek meneer Weasley woedend en moker die nommer 9-knoppie'.
- *Mrs Weasley yawned widely* is vertaal as *Mevrou Weasley gaap groot* in stede van 'Mevrou Weasley gee 'n groot gaap' (HPE5, p. 157 en HPA5, p. 133).
- Harry vra vir professor Umbridge hoeveel keer hy 'n sin vir sy straf moet uitskryf. In die Engelse teks is haar woorde "*Oh, as long as it takes for the message to sink in,*" said Umbridge sweetly, maar in die doelteks lui dit "*O, vir so lank as wat dit neem vir die boodskap om in te sink,*" lispel Umbridge, (HPE5, p. 240 en HPA5, p. 200). 'n Moontlike vertaling sou 'sê Umbridge met 'n soet stemmetjie' wees.
- *[. . .] and shouted so loudly that Professor McGonagall came sweeping down upon the pair of them from the staff table.* Hierdie woord kom telkens in die bronteks voor, en is elke maal as volg vertaal: *[sy] skree so hard dat professor McGonagall van die personeeltafel af na hulle toe swiep.* 'n Meer aanvaarbare vertaling sou moontlik as volg lui: '[sy] skree so hard dat professor McGonagall van die personeeltafel op hulle afgepyl kom' (HPE5, p. 284 en HPA5, p. 237).
- *the four house tables had been removed and replaced instead with many tables for one, all facing the staff-table end of the Hall [ . . . ]* is vertaal as *Die vier huistafels is weggeneem en vervang deur 'n klein tafeltjie vir elke*



*student. Almal wys na die personeeltafel voor in die Saal [ . . ] in plaas van 'Al die tafels is in die rigting van die personeeltafel voor in die Saal gedraai' (HPE5, p. 627 en HPA5, p. 517).*

Meer voorbeelde van werkwoorde en -vorme word in Bylaag A gegee.

#### 4.4.9 Gerundiums

Een van die mees basiese vertaalfoute is om die Engelse gerundium se 'ing'-uitgang met '-end(e)' in Afrikaans te vertaal. Talle van hierdie foute is gevind, waarvan slegs sommige gegee word:

- “*And if he had any decency, he'd leave here, knowing as how we knows he did it*” is vertaal as “*As hy 'n greintjie ordentlikheid gehad het, sou hy homself uit die voete gemaak het, siende dat ons almal weet dat dit hy was*” (HPE4, p. 10 en HPA4, p. 7). ‘Siende dat’ is ’n Anglisisme vir ‘knowing as’ of ‘seeing that’ – volgens die HAT beteken ‘siende’ slegs “Persoon wat kan sien” en “Wat kan sien” byvoorbeeld ‘siende blind wees’ (Odendal & Gouws, 2000, o.w. ‘siende’). ’n Korrekte vertaling sou lui ‘sou hy hom uit die voete gemaak het aangesien ons almal weet dat dit hy was’.
- *Harry felt a dull, sinking sensation in his stomach* is direk vertaal as *Daar is 'n dowwe, sinkende gevoel in Harry se maag* in plaas van ‘Daar is ’n dowwe, naar gevoel in Harry se maag’ (HPE5, p. 12 en HPA5, p. 9).
- *Her grizzled grey hair was escaping from its hairnet, a clanking string shopping bag was swinging from her wrist* (HPE5, p. 23). Ook hier is die gerundium vertaal as *Haar kroes hare het ontsnap uit haar haarnet, 'n klaterende inkopiesak van tou swaai om haar pols* (HPA5, p. 19) in stede van ‘die inhoud in haar inkopiesak rammel soos sy die sak om haar pols swaai’.
- “*He left!*” said Mrs Figg, wringing her hands word vertaal as “*Hy’s weg!*” sê tant Freya handewringend in plaas van ‘sê tant Freya terwyl sy haar hande wring’ (HPE5, p. 24 en HPA5, p. 20).

- *grinding his teeth and clenching his fists* word *Harry stap met gebalde vuiste en knersende tande* in plaas van 'Harry stap met gebalde vuiste en geknersde tande' (HPE5, p. 43 en HPA5, p. 36).
- "And yet you conjured a Patronus on the night of the second of August? [. . .] *Knowing* that you are not permitted to use magic outside the school [. . .]? [. . .] *Knowing* that you were in an area full of Muggles?". Die vertaling in die doeltteks lui: "En jy het 'n Patronus op die nag van die tweede Augustus opgetower? [. . .] *Wetend* dat jy nie toegelaat word om buite die skool te toor [. . .] nie? [. . .] *Wetend* dat jy in 'n gebied vol Moggels is?" in plaas van "Terwyl jy weet dat jy nie toegelaat word om buite die skool te toor nie" en "Terwyl jy geweet het jy was in 'n gebied vol Moggels?" (HPE5, p. 129 en HPA5, p. 109).
- "That's a bit harsh, Hermione," said Ron, *frowning* word "Dis 'n bietjie kras, Hermien," sê Ron *fronsend* in plaas van 'sê Ron met 'n frons' (HPE5, p. 144 en HPA5, p. 122).
- . . . he thought he heard a shriek behind him and twisted around dangerously, but could see no sign of *a falling body* is vertaal as *hy verbeel hom hy hoor 'n kreet agter hom en kyk angstig om. Hy sien nie 'n vallende liggaam nie* [. . .] in stede van 'hy verbeel hom hy hoor 'n gil agter hom en ruk gevaarlik om, maar sien geen liggaam wat val nie' (HPE5, p. 676 en HPA5, p. 556).

#### 4.4.10 Bywoorde in die brontaal

Die vertaling van bywoorde was eweneens problematies. Voorbeelde sluit in:

- *Frank dug his finger still more vigorously into his hear* is vertaal as *Frank draai sy vinger nog kragtiger in sy oor rond* in plaas van 'Frank grawe nog dieper/harder met sy vinger in sy oor' (HPE4, p. 13 en HPA4, p. 9). Volgens die HAT beteken 'kragtiger' slegs "Wat krag besit", "Wat geestelike krag besit", "Wat 'n groot uitwerking kan hê" of "Uitroep om verbasing uit te druk" (Odendal & Gouws, 2000, o.w. 'kragtig').
- "Wormtail, Wormtail," said the cold voice *silkiy* word "*Wurmstert, Wurmstert,*" sê die koue stem *syerig* in stede van 'sê die koue stem stroperig' (HPE4, p. 16 en HPA4, p. 11).

- *He walked on, hardly aware of the route he was taking* word *Hy stap aan sonder dat hy mooi weet watter koers hy inslaan* in stede van 'Hy stap verder' (HPE5, p. 12 en HPA5, p. 9).
- *"I hope Dumbledore murders him!" said Mrs Figg furiously* is vertaal as *"Ek hoop Dompeldorius vermoor hom!" sê tant Freya met gevoel* in stede van 'sê tant Freya woedend' (HPE5, p. 27 en HPA5, p. 22).
- *"She doesn't trust us at all, you know," said Ron regretfully* word *"Sy vertrou ons glad nie, weet jy," sê Ron vol spyt* in plaas van 'sê Ron berouvol' (HPE5, p. 94 en HPA5, p. 80).
- *"No, I just think he's been very lonely for a long time," said Hermione simply* word *"Nee, ek dink net hy was vir 'n lang tyd baie alleen," sê Hermien eenvoudig* in plaas van 'is Hermien se eenvoudige antwoord' (HPE5, p. 145 en HPA5, p. 123).
- *"You are trying to block your mind, aren't you?" said Hermione, looking beadily at Harry* word vertaal met *"Jy oefen nog om jou gedagtes skoon te maak, of hoe?" sê Hermien en kyk met kraaloë na Harry* in stede van 'sê Hermien terwyl sy ondersoekend na Harry kyk' (HPE5, p. 601 en HPA5, p. 496).

Verdere voorbeelde van bywoorde verskyn in Bylaag A.

#### 4.4.11 Voorsetsels in die brontaal

Die volgende voorbeelde bestaan uit sinsnedes waarin voorsetsels voorkom wat tot linguistiese strukture in die brontaal hoort, maar direk vertaal is:

- *"Why? Wha' 'appened?" said Harry, through a sizeable chunk of steak* is vertaal as *"Hoe'om? Wattet 'ebeer?" sê Harry deur 'n yslike hap beesvleis* in plaas van *"Hoe'om? Wattet 'ebeer?" sê Harry met 'n mond vol biefstuk'* (HPE4, p. 160 en HPA4, p. 118).
- *The students from Beauxbatons were coming through the front doors from the grounds* is verkeerd vertaal as *Die Beauxbatons-studente kom deur die voordeure van buite in* in stede van 'Die Beauxbatons-studente kom vanaf die skoolgronde by die voordeur in' (HPE4, p. 231 en HPA4, p. 169).

- [*. . .*] *and nobody, not even Sirius, seemed to feel that Harry needed to know anything more than he had heard on the night of his arrival* is vertaal as [*. . .*] *en dit lyk of niemand, nie eens Sirius, reken dat Harry meer moet weet as wat hy op die nag van sy aankoms gehoor het nie* in plaas van 'as wat hy die nag van sy aankoms gehoor het nie' (HPE5, p. 146 en HPA5, p. 124).
- [*. . .*] *channels of communication in and out of Hogwarts may be being watched* word *die kommunikasiekanale in en uit Hogwarts word heel waarskynlik dopgehou* in stede van 'die kommunikasiekanale na en vanaf Hogwarts' (HPE5, p. 319 en HPA5, p. 266).
- *There was a flash of fire and the phoenix had gone* is vertaal as *Daar is 'n straal van vuur en die feniks verdwyn*. Hierdie geval is weereens 'n tipiese vertaalfout wat nie by ervare vertalers in Afrikaans aangetref behoort te word nie. In Afrikaans kom die gebruik van samestellings meer gereeld as in Engels voor – 'n natuurlike en korrekte vertaling sou lui: 'die feniks verdwyn in 'n vuurstraal' (HPE5, p. 415 en HPA5, p. 345).
- Nog 'n voorbeeld waar 'n samestelling in die Afrikaanse teks meer natuurlik en korrek sou wees, is die volgende: *But at that precise moment there was an explosion of sound from downstairs* is vertaal as *Maar op daardie presiese oomblik is daar 'n ontploffing van klank daar onder* in stede van 'is daar 'n klankontploffing daar onder' (HPE5, p. 99 en HPA5, p. 84).

#### 4.4.12 Wederkerige voornaamwoorde in die brontaal

Die wederkerige voornaamwoord is 'n konstruksie wat algemeen in die brontaal gebruik word. Volgens Spies en Combrink is die gebruik hiervan Anglisisties en oorbodig, behalwe in gevalle waar dit moontlik verwarring kan veroorsaak. 'n Voorbeeld hiervan is 'hy praat met homself', "aangesien 'n mens normaal met ander praat" (1994, o.w. 'self'). Dit is wel die geval by die eerste drie voorbeelde wat in hierdie afdeling gelys word, terwyl die ander twee voorbeelde volgens hierdie reël nie foutief is nie, maar steeds tot onnatuurlike taalgebruik in die doeltaal lei.

- “[. . .] and they will be joining myself, Professor Karkaroff and Madame Maxime on the panel” word “[. . .] en hulle sal saam met myself, professor Karkaroff en Madame Maxime op die paneel dien” in die doeltteks in stede van “en hulle sal saam met my, professor Karkaroff en Madame Maxime op die paneel dien” (HPE4, p. 224 en HPA4, p. 164).
- *Viktor Krum and his fellow Durmstrang students had settled themselves* is vertaal as *Viktor Krum en sy Durmstrang-medestudente maak hulself reeds [. . .] tuis* in plaas van ‘Viktor Krum en sy Durmstrang-medestudente maak hulle reeds tuis’ (HPE4, p. 220 en HPA4, p. 161). Die gebruik van ‘hulself’ in stede van ‘hulleself’ verleen ook aan die sin in ’n formeler register (sien afdeling 4.5.2 waar voorbeelde onder die afdeling ‘register’ bespreek word).
- “*Potter, you must get a grip on yourself!*” word “*Potter, jy moet jouself regruk!*” in stede van “Potter, jy moet jou regruk!” (HPE5, p. 285 en HPA5, p. 238).
- *They let themselves out of the cabin and shut the door behind them* is vertaal as *Hulle laat hulself uit die hut en maak die deur agter hulle toe* in plaas van ‘Hulle verlaat die hut en maak die deur agter hulle toe’ (HPE4, p. 235 en HPA4, p. 172).

#### 4.4.13 Nominalisering

Verskeie voorbeelde van nominalisering in die doeltteks lei tot onnatuurlike taalgebruik omdat die vertaler so krampagtig aan die bronteks vasklou. Die formaliteitsvlak word ewe-eens verhoog deur die gebruik van nominale konstruksies in stede van die werkwoordvorme wat heelwat neutraler of informeler aandoen. In die tweede en derde voorbeeld hieronder vind nominalisering ook in die bronteks plaas – die vertaler moes egter eerder wegbeweeg van die bronteks deur werkwoordvorme te gebruik:

- *It had been doubly hard to return to the Dursleys knowing that he had so nearly escaped them for ever* is vertaal as *Dit was twee keer so swaar om na die Dursleys terug te gaan in die wete dat hy so amper vir altyd uit hulle lewe was* in stede van ‘om na die Durslesy terug te gaan terwyl hy weet dat hy so amper vir altyd uit hulle lewe was’ (HPE4, p. 26 en HPA4, p. 19).

- *In the middle of the table, Mrs Weasley was arguing with Bill about his earring, which seemed to be a recent acquisition* word onnatuurlik vertaal as *In die middel van die tafel argumenteer mev. Weasley met Bill oor sy ooring, wat blykbaar 'n onlangse aankoop* is in plaas van 'wat hy blykbaar onlangs aangeskaf het' (HPE4, p. 59 en HPA4, p. 45).
- *Harry heard the buzzing of the hundreds of students on the other side of the wall* is vertaal as *Harry hoor die gegons van stemme van die honderde studente aan die ander kant van die muur* in stede van 'Harry hoor hoe die stemme van die honderde studente aan die ander kant van die muur gons' (HPE4, p. 176 en HPA4, p. 241).

#### 4.4.14 Letterlike vertalings

Talle gevalle van letterlike vertaling word aangetref, wat tot erg onnatuurlike en onidiomatiese Afrikaans lei. Vervolgens word voorbeelde van hierdie tipe van interferensie gelys:

- *last night* word *laas nag* in plaas van 'gisteraand' (HPE4, p. 8 en HPA4, p. 6)
- *a small man* is vertaal as '*n klein man* in plaas van "'n mannetjie' (HPE4, p. 20 en HPA4, p. 15).
- *birthday cards* is direk vertaal as *verjaardagkaarte* in plaas van die meer algemene 'verjaardagkaartjies' (HPE4, p. 24 en HPA4, p. 18).
- *triple-decker Knight Bus* word *trippel-dekker-Ridderbus* in stede van 'driedekker-Ridderbus' (HPE4, p. 113 en HPA4, p. 83).
- *students* word *studente* in plaas van 'leerders' of 'skoliere' (HPE4, p. 153 en HPA4, p. 113).
- "*I know that you will all extend every courtesy to our foreign guests*" is vertaal as "*Ek aanvaar dat julle ons vreemde gaste met die grootste hoflikheid sal ontvang*" in plaas van 'ons buitelandse gaste' (HPE4, p. 167 en HPA4, p. 123).
- *the waiting, wide-eyed crowd* word die onnatuurlike *die wagtende, wydogige skare* in plaas van 'die skare wat wydoog wag' (HPE4, p. 214 en HPA4, p. 157).

- “*When Lupin had lived here, you were more likely to come across a specimen of some fascinating new Dark creature*” word “*Toe Lupin hier gewerk het, was daar ’n goeie kans dat jy ’n voorbeeld van die een of ander fassinerende Donker magiese kreatuur hier sou raakloop*” in die doelteks in stede van “*Toe Lupin hier gewerk het, was die kans goed dat jy in een of ander fassinerende Donker magiese wese hier sou raakloop*” (HPE4, p. 299 en HPA4, p. 219).
- Die letterlike vertaling van *As you have already received an official warning for a previous offence under Section 13 of the International Confederation of Warlocks’ Statute of Secrecy [ . . . ]* lui *Aangesien u reeds tevore ’n amptelike waarskuwing vir ’n oortreding onder Seksie 13 van die Internasionale Konfederasie van die Towenaars se Statuut van Geheimhouding ontvang het [ . . . ]* in plaas van “*n oortreding onder Artikel 13*” (HPE5, p. 30 en HPA5, p. 25).
- *paint was peeling from many of the doors and heaps of rubbish lay outside several sets of front steps* is vertaal as *die deure se verf is afgedop en hope rommel lê buite etlike stelle voorste treetjies* in plaas van ‘*lê buite etlike stoeptrappies*’ (HPE5, p. 57 en HPA5, p. 48).
- *wallpaper* word *muurpapier* in plaas van ‘*plakpapier*’ (HPE5, p. 59 en HPA5, p. 50).
- *his vision was completely obscured by a large quantity of very bushy hair* word sy *visie word deur ’n baie groot bos hare versper* in plaas van ‘*sy sig word deur ’n baie groot bos hare versper*’ (HPE5, p. 60 en HPA5, p. 51).
- *roast chicken* is foutief vertaal as *geroosterde hoender* in plaas van ‘*gebraaide hoender*’ of ‘*braaihoender*’ (HPE5, p. 144 en HPA5, p. 122).
- *Sirius was standing on a pile of human bones* word die foutiewe *Sirius staan op ’n hoop menslike beendere* in plaas van ‘*Sirius staan op ’n hoop mensbeendere*’ (HPE5, p. 173 en HPA5, p. 146).
- *man-sized vase* word *manshoë vaas* in plaas van ‘*mensgrootte vaas*’ (HPE5, p. 345 en HPA5, p. 288).
- “*Oh really, Professor McGonagall?*” said Umbridge in a *deadly voice* is vertaal as “*O, nogal, professor McGonagall?*” sê Umbridge in ’n *dodelike*

*stem* in stede van 'sê Umbridge in 'n onheilspellende stem' (HPE5, p. 525 en HPA5, p. 435).

Meer voorbeelde van letterlike vertalings verskyn in Bylaag A.

#### 4.4.15 Doeltaalwoorde wat ongebruiklik is vir die doellesersgroep

Die vertaler het telkens van woorde gebruik gemaak wat nie gepas is vir die doellesersgroep nie, hoofsaaklik omdat die woorde ongewoon of verouderd is, of bloot omdat dit nie geskik is vir die woordeskat van die teikenlesers nie. Die feit dat die vertaler van 'n sinoniemwoordeboek gebruik gemaak het (Oosthuysen, 2003b), kan moontlik verklaar waarom hierdie woorde gebruik is in stede van woorde wat gebruikliker in die doelkultuur is. Voorbeelde sluit in:

- *Caught a glimpse of* word vertaal as *Kry 'n glimp van* in plaas van 'kry 'n vinnige blik van' of 'sien hy dit skrams raak' (HPE4, p. 12 en HPA4, p. 9).
- *Krum, his red robes shining with blood from his nose, was rising gently into the air, his fist held high, a glint of gold in his hand* is egter vertaal as *Krum, wie se rooi kleed bevlek is met bloed uit sy neus, styg stadig op, sy vuus hoog in die lug en 'n glimp van goud in sy hand* in stede van 'sy vuus hoog in die lug en 'n blink, goue voorwerp in sy hand' (HPE4, pp. 102-103 en HPA4, p. 76).
- *gloomily* word as *grimmig* vertaal, in stede van 'swarmoedig' (HPE4, p. 59 en HPA4, p. 45).
- Later word *Fred and George were both scowling again* vertaal met *Fred en George lyk albei weer grimmig* in stede van 'Fred en George lyk weer nors' (HPE4, p. 68 en HPA4, p. 51).
- Dieselfde woord word weer later gebruik: "*He looks really grumpy*" word vertaal as "*Hy lyk regtig grimmig*" in stede van 'Hy lyk regtig knorrig' (HPE4, p. 77 en HPA4, p. 58).
- *wobble* is vertaal as *wiebel* in plaas van 'wiegel' (HPE4, p. 155 en HPA4, p. 113).
- *frustration* word *verydeling* in plaas van 'frustrasie' (HPE5, p. 12 en HPA5, p. 9).



- *moustache* word *moestas* in plaas van 'snor' (HPE5, p. 765 en HPA5, p. 627).

Meer voorbeelde van doeltaalwoorde wat ongebruiklik vir die doellesersgroep is, word in Bylaag A gelys.

#### 4.4.16 Foutiewe tydsaanduiding

Die vertaler gebruik feitlik deurgaans 'n foutiewe verledetydsvorm saam met 'moet', hoofsaaklik weens die invloed van die Engelse linguistiese struktuur. Voorbeelde sluit in:

- *Ten minutes later, Harry heard the crowd erupt into applause once more . . . Fleur must have been successful, too* word *Tien minute later hoor Harry hoe die skare opnuut losbars met applous . . . Fleur moet geslaag het* in stede van 'Fleur moes geslaag het' (HPE4, p. 308 en HPA4, p. 225).
- *At the moment, [the house tables] were clear of food, dinner having finished, but he supposed that an hour ago they had been laden with dishes that were sent up through the ceiling to their counterparts above* is vertaal as *Op hierdie oomblik is daar geen kos op nie, aandete is reeds verby, maar 'n uur gelede moet hulle gekreun het onder geregte wat deur die plafon na bo gestuur is* in plaas van 'n uur gelede moes hulle gekreun het' (HPE4, p. 328 en HPA4, p. 240).
- *"It's mine – must've dropped it earlier –"* is foutief vertaal as *"Dis myne – moet dit vroeër laat val het –"* in stede van *"Dis myne – moes dit vroeër laat val –"* (HPE4, p. 410 en HPA4, p. 299).
- By sommige passiewe vorme word die foutiewe tydsaanduiding ook aangetref. *"You were expelled?"* is vertaal as *"Jy was geskors?"* in plaas van *"Jy is geskors?"* (HPE5, p. 375 en HPA5, p. 313).
- Ook die passief in *"They would have known he'd been sent to steal the weapon"* is foutief vertaal as *"Almal sou geweet het hy was gestuur om die wapen te probeer steel"* in plaas van *"Almal sou weet hy is gestuur om die wapen te probeer steel"* (HPE5, p. 518 en HPA5, p. 429).

#### 4.4.17 Inkonsekwentheid in die doeltaal

Enkele voorbeelde van inkonsekwente vertaling word vervolgens gelys:

- *national anthems* is aanvanklik vertaal as *landsliedere* in plaas van 'volksliedere' (HPE4, p. 85 en HPA4, p. 64). Dit is egter inkonsekwent vertaal, aangesien dit wel in HPA4, p. 69 as 'volksliedere' vertaal is.
- Mev Weasley se titel word inkonsekwent vertaal in HPA4 en HPA5. Vergelyk die volgende twee sinne in die doelteks: *In die middel van die tafel argumenteer mev. Weasley met Bill oor sy ooring, wat blykbaar 'n onlangse aankoop is* (HPA4, p. 45) en *Die deur agter haar gaan groter oop en mevrouw Weasley kom rug eerste in met 'n stapel pas gestrykte klede* (HPA5, p. 126).
- Die register van die bewoording van spreuke in die Afrikaanse vertaling is inkonsekwent vertaal. In HPE5, pp. 52-53, vind ons dat die towerspreuke in die bronteks in 'n hoë register verwoord is, naamlik *Scourgify* en *Locomotor trunk*. Die Afrikaanse weergawes hiervan is *reinig* en *Lokomotor trommel* (HPA5, p. 44). Indien die vertaler wel die Afrikaanse spreuke in 'n laer register wou hou, sou 'beweeg trommel' meer konsekwent wees met 'reinig'.
- *Harry touched down right behind her and dismounted on a patch of unkept grass in the middle of a small square* (HPE5, p. 57), *he kept clicking until every lamp in the square was extinguished* (HPE5, p. 57) en *[the balls of light] flew back to their bulbs and the square glowed momentarily with orange light* (HPE5, p. 59). Hierdie sinne is vertaal as *Harry vat net agter haar grond en klim stywebeen af op 'n lap onversorgde gras in die middel van 'n klein vierkant* (HPA5, p. 48) en *Hy hou aan klik tot al die lampe in die blok uit is* (HPA5, p. 48) asook *[die balle lig] vlieg terug na hul lampe en die straatblok gloei vir 'n oomblik oranje* (HPA5, p. 49). Die woord 'square' is dus nie konsekwent vertaal nie, en die vertaler kon eerder in al drie sinne 'plein' gebruik het.
- In HPE5 weerspreek Neville hom: *"And in our first year [ . . . ] he saved that Philological Stone"*. Hermien korrigeer hom met *"Philosopher's"* (p. 305). In die Afrikaanse vertaling word Neville se foutiewe uitspraak direk vertaal: *"En in ons eerste jaar [ . . . ] het hy gekeer dat Jy-Weet-Wie die filologiese*

se *steen kry*” en dan korrigeer Hermien hom met “*Towenaar s’n*” (HPA5, p. 254). Aangesien die term ‘filologiese’ en ‘towenaar’ nie ’n direkte verband het nie, is dit onverstaanbaar vir die doeltekslesers. Hermien kan nie ’n ander antwoord as ‘Towenaar’ gee nie, aangesien die woorde in die bronteks na die figuur in en titel van die eerste boek in die reeks verwys, naamlik *Harry Potter and the Philosopher’s Stone*, wat vertaal is as *Harry Potter en die Towenaar se Steen*. ’n Moontlike strategie sou wees om Neville se foutiewe benaming en Hermien se korreksie weg te laat.

- Die vertaling van die kinders se skoolklere (*robes*, HPE5, p. 148) vind deurgaans inkonsekwent plaas. Op p. 126 in HPA5 staan die volgende: *Die deur agter haar gaan groter oop en mevrou Weasley kom rug eerste in met ’n stapel pas gestrykte klede en twee sinne later Sy begin die mantels in twee stapels verdeel.*

#### 4.4.18 Sintaktiese ontsporing

Vervolgens word voorbeelde gegee van brontaalwoordordes wat direk oorgedra is na die doelteks, met onnatuurlike of foutiewe resultate as gevolg. In hierdie voorbeelde is die Engelse volgorde direk gevolg in die Afrikaanse vertalings, maar, alhoewel dit tot onnatuurlike taalgebruik lei, het dit geen of geringe semantiese implikasies vir die doelteks. Voorbeelde sluit in :

- . . . *all Harry knew was that at the moment when Voldemort’s chair had swung around, and he, Harry, had seen what was sitting in it, he had felt a spasm of horror which had awoken him* is vertaal as *Al wat Harry weet, is dat op die oomblik toe Woldemort se stoel omgeswaai het sodat hy, wat Harry is, kon sien wat daarin sit, het hy ’n golf van verskrikking ervaar wat hom laat wakker skrik het* (HPE4, p. 21 en HPA4, p. 15). Die woordorde behoort as volg te wees: ‘Al wat Harry weet, is dat hy op die oomblik toe Woldemort sy stoel omgeswaai het sodat Harry kon sien wat daarin sit, ’n golf van verskrikking ervaar het wat hom laat wakker skrik het’.
- “*Every one,*” *Mr Weasley continued, “this is Ludo Bagman”* is vertaal as “*Almal van julle,*” *gaan mnr. Weasley voort, “dit is Ludo Bagman”* in stede van ‘Julle almal’ (HPE4, p. 81 en HPA4, p. 60).

- *He remained on the ground, trembling and ashen-faced, his mouth shut very tight* word *Hy bly lê bewend op die grond, vaal in die gesig en met sy mond baie styf toe* in stede van 'Hy bly bewend op die grond lê' (HPE5, p. 25 en HPA5, p. 20).
- Die konvensionele Engelse volgorde in die volgende sin is direk oorgedra in die vertaling: *Confined to [his room] for four days in a very bad mood, Harry had not bothered tidying up after himself* is vertaal as *Vasgekluiser vir vier dae, in 'n baie slegte bui, het Harry nie die moeite gedoen om sy kamer aan die kant te hou nie* (HPE5, p. 51 en HPA5, p. 43). 'n Natuurlike volgorde in die doeltaal is: 'Harry, wat vir vier dae in 'n baie slegte bui in sy kamer vasgeskluiser was, het nie die moeite gedoen om dit aan die kant te hou nie'.
- *"You and Tonks are related?" Harry asked, surprised* word *"Jy en Tonks is familie?" sê Harry verbaas* in plaas van *"Is jy en Tonks familie?" vra Harry verbaas*' (HPE5, p. 105 en HPA5, p. 89).
- *He continued to look up at the benches where the entire Wizengamot had fallen into urgent, whispered conversations* is vertaal as *Hy bly kyk op na die banke waar die hele Towenaarshoërhof in druk fluistergesprekke gewikkel is* in plaas van 'Hy bly na die banke opkyk waar die hele Towenaarshoërhof in druk fluistergesprekke gewikkel is' (HPE5, p. 137 en HPA5, p. 117).
- *Hermione, on the other hand, successfully vanished her snail on the third attempt* is vertaal as *Hermien aan die ander kant het haar slak met die derde probeerslag laat verdwyn* in stede van 'Hermien het egter haar slak met die derde probeerslag laat verdwyn' (HPE5, p. 232 en HPA5, p. 194).
- Nadat professor Umbridge vir Hagrid meedeel dat sy inspeksie op al die onderwysers gaan doen, vra hy verbaas *"You're inspecting us?"* (HPE5, p. 387). In HPA5, p. 323 is dit vertaal as *"Jy inspekteer ons?"* in plaas van "Gaan jy ons inspekteer?".

Die volgende voorbeelde is gevalle waar die sinskonstruksie in die Afrikaanse vertalings weens interferensie ontspoor het, hoofsaaklik wat werkwoordplasing betref. Voorbeelde hiervan sluit in:

- “*If you allowed me to leave you for a short while – you know that I can disguise myself most effectively – I could be back here in as little as two days with a suitable person*” is vertaal as “*As u my sou toelaat om u vir ’n kort tydjie te verlaat – u weet dat ek myself baie doeltreffend kan vermom – ek sal binne twee dae terug wees met ’n geskikte persoon*” (HPE4, p. 13 en HPA4, p. 10). Die woordorde behoort as volg te wees: “*As u my sou toelaat om u vir ’n kort tydjie te verlaat – [. . .] – sou ek binne twee dae met ’n geskikte persoon kon terugwees*”.
- Die foutiewe sinskonstruksie in die volgende vertaalde sin het ’n betekenisverandering tot gevolg: *Harry felt happier for the rest of the weekend than he had done all term* is vertaal as *Daardie naweek voel Harry gelukkiger as ooit gedurende die kwartaal* (HPE5, p. 312 en HPA5, p. 260). Die Afrikaanse vertaling impliseer dat Harry gelukkiger voel as wat hy nog ooit, in al sy jare by Hogwarts, gevoel het, terwyl die Engelse teks die betekenis dra dat hy op hierdie spesifieke naweek die gelukkigste voel as wat hy ooit gedurende die betrokke kwartaal gevoel het. ’n Voorstel: ‘Harry voel vir die res van die naweek gelukkiger as wat hy gedurende die hele kwartaal gevoel het’.

Verdere voorbeelde van sintaktiese ontsporing word in Bylaag A gelys.

#### 4.4.19 Semantiese ontsporing

Talle foutiewe woordkeuses verskyn in die doeltteks weens interferensie. Hierdie foute getuig van oorhaastige vertaling en die gevolg is betekenisafwyking vanaf die bronteks. Voorbeelde sluit in:

- *Mr Weasley’s party kept climbing, and at last they reached the top of the staircase, and found themselves in a small box, set at the highest point of the stadium and situated exactly halfway between the golden goalposts* is vertaal as *Mnr. Weasley en sy geselskap hou aan klim tot by ’n kleinerige losie op die hoogste deel van die pawiljoen en presies op die halflyn tussen die goue doelpale* (HPE4, p. 88 en HPA4, p. 65). Aangesien Kwiddiek in die lug gespeel word, en daar geen lyne op ’n veld getrek is vir

die spel nie, sou 'n korrekte vertaling lui 'presies in die middel van die goue doelpale'.

- “. . . *Muggle neighbours heard bangs and shouting, so they went and called those what-d'you-call-'ems – please-men*” is vertaal as “. . . *die Moggels langsaan het vreeslike knalle en 'n geskree gehoor, dus het hulle daardie wat-noem-jy-hulle-nou-weer – rondawels ontbied*” (HPE4, p. 141 en HPA4, p. 103). Die Engelse woord in die bronteks is 'n foutiewe uitspraak van 'policemen', aangesien Amos Diggory, die spreker, nie vertrou is met die Moggelwoord nie. Die Afrikaanse weergawe hiervan, 'rondawels', is moontlik die vertaler se keuse om 'konstabels' te verteenwoordig, maar die keuse is oneffektief aangesien die woord 'polisiekonstabels' nie algemeen gebruik word deur Afrikaanssprekendes in die teikengroep nie. 'n Meer gebruiklike keuse sou moontlik as volg kon lui: “. . . *die Moggels langsaan het 'n harde knal en 'n geskree gehoor, en toe bel hulle daardie wat-noem-jy-hulle-nou-weer – polismanne*”.
- *star charts* word *horoskope* in stede van 'sterrekaarte' (HPE4, p. 324 en HPA4, p. 237).
- *an elaborately worked silver “W”* word 'n *opgesmukte geborduurde silwer “T”* in stede van 'noukeurig afgewerkte silwer T' (HPE5, p. 126 en HPA5, p. 107).
- Die vertaling vir *“We'd better change,” said Hermione at last, and all of them opened their trunks with difficulty and pulled on their school robes. She and Ron pinned their prefect badges carefully to their chests* lui as volg: *“Ons moet seker aantrek,” sê Hermien eindelijk. Hulle maak hul trommels met moeite oop en haal hul skoolklede uit. Sy en Ron steek hul prefekentekens sorgvuldig teen hul borskaste vas* (HPE5, p. 176 en HPA5, p. 149). In die Afrikaanse vertaling het die vertaler nagelaat om te meld dat hulle wel eers hulle mantels aantrek voordat hulle die prefekentekens vassteek. Voorts sou 'n meer natuurlike vertaling kon lui: 'Hulle maak hulle trommels met moeite oop en trek hulle skoolmantels aan. Sy en Ron steek hulle prefekentekens sorgvuldig aan die voorkant van hulle mantels vas'.

- *Harry glanced quickly at them, turned away to keep a lookout for Ron and Hermione, then did a double-take* is vertaal as *Harry kyk vlugtig na die koetse, draai weg om weer vir Ron en Hermien te soek en kry dan 'n vertraagde reaksie* (HPE5, p. 178 en HPA5, p. 150). In die Afrikaanse doelteks klink 'kry dan 'n vertraagde reaksie' vreemd en het dit semanties 'n ander betekenis as die brontaalekwivalent. 'n Moontlike oplossing hiervoor is: 'en ruk sy kop dadelik weer terug'.
- *Her tone of voice was not at all what he was used to; it was not brisk, crisp and stern* is as volg vertaal: *[Professor McGonagall] se stem klink heeltemal anders as waaraan hy gewoon is. Dis nie flink en afgemete en streng nie* (HPE5, p. 223 en HPA5, p. 187). Die samevoeging van die byvoeglike naamwoorde met uiteenlopende betekenis in die Afrikaanse vertaling is onsamehangend – 'n moontlike vertaling is 'Dis nie lewendig, skerp en streng nie'.
- *Ron departed for the Quidditch pitch and Harry, after attempting to flatten his hair while staring at his reflection in the back of a teaspoon, proceeded alone to the Entrance Hall* is vertaal as *Ron stap na die Kwiddiekveld en nadat Harry sy hare agterop 'n teelepel se weerkaatsing probeer platdruk het, sit hy af na die ingangsportaal* in stede van 'en nadat Harry probeer het om sy hare plat te maak terwyl hy na sy weerkaatsing agterop 'n teelepel kyk' (HPE5, p. 491 en HPA5, p. 407).
- *He walked a short way around the lake, sat down on its bank*. In die doelteks lees hierdie sin *Hy loop 'n ent om die meer en gaan sit op 'n bank* in stede van 'Hy loop 'n ent om die meer en gaan sit op die wal' (HPE5, p. 754 en HPA5, p. 618).

Meer voorbeelde van semantiese ontsporing word in Bylaag A gelys.

#### 4.5 Teks-spesifieke vertaalprobleme

Teks-spesifieke vertaalprobleme is 'n oorkoepelende term vir verskeie probleme wat tydens vertaling oorbrug moet word wat eie is aan die spesifieke bronteks. Volgens Nord sluit dit aspekte soos alliterasie, woordspeling, neologismes, retorika, rym en metafore in. (Nord, 1997b:66.) In

hierdie studie is ook kategorieë soos register, sarkasme en nuanse eie aan die bronkultuur, asook humor en woordspeling gevoeg.

#### 4.5.1 Register

Sommige woordkeuses wat deur die vertaler gemaak is, lei tot 'n meer formele register as wat die geval in die bronteks was. Weereens is dit noodsaaklik dat die doellesers vooropgestel word tydens die vertaling van hierdie woorde. Die vertaler kon moontlik informeler keuses gemaak het, ook ten einde stylbreuk te voorkom. Voorbeelde hiervan is as volg:

- Die vertaling vir "*Told you I wouldn't like to get on the wrong side of Frank*" lui "*Het mos vir jou gesê ek sal hom nie graag antagoniseer nie*" in plaas van "ek sal hom nie wil kwaad maak nie" (HPE4, p. 9 en HPA4, p. 6).
- [*. . .*] *whizzing excitedly around the room like a loose firework* is vertaal as [*. . .*] *wat opgewonde in die vertrek rondswaef soos 'n los vuurwerk* in plaas van 'wat opgewonde in die vertrek rondgongons soos 'n vuurwerk wat losgelaat is' (HPE4, p. 37 en HPA4, p. 27).
- *But the Skrewts, it transpired, did not hibernate, and did not appreciate being forced into pillow-lined boxes and nailed in. Hagrid was soon yelling "Don' panic, now, don' panic! [*. . .*]"* word *Dit blyk egter dat die Krewels nie hiberneer nie en ook nie in kratte vol kussings toegespyker wil wees nie. Hagrid skree spoedig, "Moenie paniekerig raak nie, moet net nie paniekerig raak nie!"* in stede van 'Kort voor lank skree Hagrid "Moenie paniekerig raak nie, moet net nie paniekerig raak nie!"' (HPE4, p. 321 en HPA4, p. 235).
- [*a screech owl*] *zoomed outside again and off across the garden* is vertaal as [*'n steenuil*] *vlieg blitssnel uit en weg oor die tuin* in stede van 'blits buitentoe' (HPE5, p. 29 en HPA5, p. 24).
- *Their relentless staring was starting to annoy him* word die meer formele *Dié gestaar begin hom ergerlik maak* in stede van 'Dié gestaar begin nou op sy senuwees werk' of 'begin hom nou vies maak' (HPE5, p. 50 en HPA5, p. 42).
- *pencilcases* word *potlooddose* in stede van 'potloodblikkies' of 'potloodhouers' (HPE5, p. 626 en HPA5, p. 516).



'n Voorbeeld van die teenoorgestelde, naamlik waar die register in die doeltteks verkeerd informeler gebruik is as in die bronteks, is as volg:

- Harry vra vir Hermien om verskoning omdat hy onbeskof was teenoor haar. Haar antwoord in die bronteks is as volg: *“That’s quite all right,” said Hermione with dignity* (HPE5, p. 201). In die Afrikaanse teks word hierdie waardige, formele antwoord van haar nie ooreenkomstig uitgebeeld nie, weens die verkeerde woordkeuse: *“Dis oukei,” sê Hermien met groot waardigheid* (HPA5, p. 169). Die woorde “Dit is heeltemal in orde” sou moontlik hierdie ‘groot waardigheid’ meer suksesvol kon verwoord.

Verdere voorbeelde van vertaling in 'n formeler register verskyn in Bylaag B.

#### 4.5.2 Sarkasme en nuanses eie aan die bronkultuur

Die Britse tong-in-die-kies nuanses en onderbeklemtoning word telkens nie suksesvol in die Afrikaanse vertalings oorgedra nie.

- *In fact, the report continued [ . . . ], the Riddles all appeared to be in perfect health – apart from the fact that they were all dead* is vertaal as *Om die waarheid te sê [ . . . ] die Dhoewels het almal heeltemal gesond gelyk – behalwe dat hulle dood was* (HPE4, p. 9 en HPA4, p. 7). Die onderliggende nuanse sou moontlik meer effektief gewees het in 'n sin soos ‘Om die waarheid te sê [ . . . ] die Dhoewels het almal heeltemal gesond gelyk – behalwe vir een klein probleempie: hulle was almal dood’ of ‘die Dhoewels het almal heeltemal gesond gelyk – dis nou, behalwe vir die feit dat hulle dood was’.
- *Dudley looked furious and sulky, and somehow seemed to be taking up even more space than usual. This was saying something, as he always took up an entire side of the square table by himself* is vertaal as *Dudley lyk vies en dikbek en om die een of ander rede is dit asof hy meer plek as gewoonlik opneem. Dit sê veel, want gewoonlik sit hy een hele kant van die vierkantige tafel vol* (HPE4, p. 29 en HPA4, p. 22). Die sarkasme sou beter uitgelig kon word deur byvoorbeeld ‘En dit sê nogal baie’ of ‘En dit wil nogal gedoen wees’.

- Die woorde van Draco se liedjie wat hy tydens die Kwiddiekwedstryd sing is doelbewus gekies. Met die woorde “*Weasley was born in a bin; He always lets the Quaffle in*” spot hy met Ron se arm huisgesin – iets waarvoor Ron gereeld deur die Malfoys gespot word. Die Afrikaanse weergawe verloor hierdie inligting, maar die rymelement word minstens behou: “*Weasley is gebore, Sonder kop of ore*” (HPE5, p. 360 en HPA5, p. 300).

#### 4.5.3 Humor en woordspeling

Die Engelse bronteks is vol humoristiese scenario's en woordspeling wat verlore geraak het in die Afrikaanse vertaling weens letterlike vertaling en interferensie. Voorbeelde hiervan sluit die volgende in:

- [. . .] *while a group of middle-aged American witches sat gossiping happily beneath a spangled banner* is vertaal as [. . .] *terwyl 'n groep middeljarige Amerikaanse hekse doodtevrede onder 'n met sterre besaaide banier sit en skinder*. Die Afrikaanse vertaling verloor die woordspel met die term 'star-spangled banner' – die benaming vir die Amerikaanse vlag en vlaglied. Hierdie verwysing sal moontlik in die vertaling weggelaat moet word, of bloot vertaal word met 'n natuurliker vorm, byvoorbeeld 'vrolik onder 'n blinkversierde banier sit en skinder' (HPE4, p. 76 en HPA4, p. 57).
- “*Good evening,*” *he said, beaming at them. “Says who?” said Harry* is vertaal as “*Goeienaand,*” *sê hy stralend vir hulle. “Sê wie,” sê Harry* (HPE4, p. 154 en HPA4, p. 113). Harry se sinspeling daarop dat dit nie 'n goeie aand vir hulle is nie, is verlore weens die samestelling in Afrikaans. 'n Vertaling wat steeds die humoristiese aanslag kon behou sou moontlik kon lui: “*Lekker aand, nê?*” *sê hy stralend vir hulle. “Sê wie, sê Harry”*.
- [. . .] *and Professor Trelawney's rambling talks on fortune-telling never held him exactly spellbound* is vertaal as [. . .] *en professor Trelawney se onsamehangende praatjies oor fortuinvertellery het hom nog nooit eintlik geboei nie* (HPE4, p. 177 en HPA4, p. 130). 'n Vertaling wat steeds die woordspeling van 'spellbound' behou het, sou moontlik kon lui: 'en

professor Trelawney se onsamehangende praatjies oor fortuinvertellery het hom nog nooit juis betower nie’.

- “Oooh, which one’s that, Professor?” “It is Uranus, my dear,” said Professor Trelawney, peering down at the chart. “Can I have a look at Uranus, too, Lavender?” said Ron. Dit is vertaal as “Oeee, watter een is dit, professor?” “Dit is Uranus, skat,” sê professor Trelawney terwyl sy na die kaart staar. “Kan ek ook Uranus sien, Hildegard?” sê Ron. Die woordspeling en humor is totaal verlore in die Afrikaanse vertaling. Aangesien die Afrikaanse uitspraak van Uranus nie lei tot enige humoristiese afleidings nie, sou die vertaler óf kon poog om ’n naam van ’n ander planeet te gebruik om humor te bewerkstellig, óf die gedeelte moes uitlaat.
- Rika Skinner probeer weer vir Harry ondervra: “I wonder if you could give me a quick word? How you felt facing that dragon? How you feel know about the fairness of the scoring?”. Harry antwoord haar “Yeah, you can have a word [. . .] Goodbye” (HPE4, p. 316). In die Afrikaanse vertaling gaan hierdie humor weereens verlore: “Ek wonder of ons ’n vinnige woordjie kan wissel?” [. . .] “Ja, ons kan ’n woordjie wissel [. . .] Tot siens” (HPA4, p. 231). Die klem op die enkele woord wat Harry vir haar belowe, is verlore deurdat daar twee woorde in die Afrikaanse vertaling gegee word. Die volgende sou moontlik meer effektief kon wees: ‘Ja, ons kan ’n woordjie wissel. Totsiens’.
- Hermione probeer agterkom hoe Rika Skinner altyd weet wat op Hogwarts aangaan. “Maybe she had you bugged,” said Harry. “Bugged?” said Ron blankly. “What . . . put fleas on her or something?” (HPE4, p. 475). Hierdie humor gaan verlore in die Afrikaanse vertaling: “Dalk het sy jou elektronies afgeluister,” sê Harry. “Afgeluister?” sê Ron verdwaas. “Wat . . . goggas of iets op haar gesit?” (HPA4, p. 345). Dit is ook inkonsekwent met die gebruik van ‘bugs’ in die Afrikaanse vertaling aan die einde van HPA4. Op p. 459 vertel Hermione vir Harry en Ron presies hoe Rika Skinner al haar inligting ingewin het, en hier lui die Afrikaans: “Bugs,” sê Hermien in haar noppies [. . .] “O, nie elektroniese bugs nie,” sê Hermien. Indien die vertaler wel besluit het om die Engelse ‘bugs’ te gebruik omdat daar nie ’n

informele ekwivalent in Afrikaans bestaan nie, moet dit konsekwent toegepas word. Die Afrikaanse vertaling op p. 345 maak nie sin nie, en 'afgeluister' moes moontlik dan eerder met 'gebug' vervang word. Indien die vertaler wel besluit het om nie die Engelse 'bug' in die Afrikaanse vertaling te gebruik nie, wat wel eerder aanbeveel word, kon sy moontlik die ekwivalent 'luistervink' gebruik het om 'n humoristiese situasie te skep.

- Fred en George het swere op hulle agterstewe nadat hulle een van hulle fopprodukte getoets het. Die Engelse teks lui: *"I can't see any boils," said Ron, staring at the twins. "No, well, you wouldn't," said Fred darkly, "they're not in a place we generally display to the public." "But they make sitting on a broom a right pain in the –"* (HPE5, p. 336). Die humoristiese sinspeling in die laaste sin gaan verlore in die Afrikaanse vertaling: *"Nee, wel, jy sal nie," sê Fred nors, "hulle is op 'n plek wat jy nie gewoonlik uitstal nie." "Maar dis aaklig om op 'n besem te sit"* (HPA5, p. 280). 'n Meer direkte vertaling sou in hierdie geval die humor kon behou, byvoorbeeld *"Maar om op 'n besem te vlieg is nou 'n regte pyn in die –"*.
- Hagrid is besig om vir Harry, Ron en Hermien te vertel van sy besoek aan die reuse se leier: *"And you just walked up to him?" said Hermione breathlessly. "Well . . . down ter him, where he was lyin' in the valley"* (HPE5, p. 378). Die Afrikaanse vertaling hiervan lui: *"En julle het net so na hom toe geloop?" sê Hermien uitasem. "Wel . . . af na hom toe waar hy in die vallei gelê het"* (HPA5, p. 315). In die Afrikaanse doelteks is die klem op 'af' verwarrend, aangesien daar nie 'n 'op' in die vorige reël is nie. Daar is dus geen woordspeling in die Afrikaanse teks betrokke nie. Aangesien daar nie in Afrikaans voorsiening gemaak word vir 'n direkte ekwivalent van 'walk up to him' nie, sou die vertaler moontlik die woordspeling moes uitlaat, en bloot *'Ja, net so, daar waar hy in die vallei gelê het'* as vertaling verskaf het.

#### 4.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n uitvoerige aantal voorbeelde verskaf van interferensie in die Afrikaanse vertalings van Harry Potter, wat tot 'translationese' en foutiewe inligting in die doelteks gelei het. Die mikrostrukturele analise van die

twee tekste bring duidelik die probleemstelling van hierdie studie na vore, naamlik dat 'n gebrek aan 'n voorafbeplande en weldeurdagde vertaalstrategie tot 'n onnatuurlike doeltteks gelei het. Die belangrikheid van lojaliteit teenoor die doelttekslesers kom ook duidelik in hoofstuk 4 na vore, aangesien die onnatuurlike doeltteks 'n beduidende invloed op die doelttekslesers se begrip en ontvangs van die teks het.

Die belangrike bydrae wat kennis van vertaalteorie tot die identifisering van vertaalprobleme en die produksie van 'n funksionalistiese doeltteks kan maak, word duidelik verwoord in die volgende aanhaling van Enkvist:

A translator should be aware not only of cognitive meanings and basic syntactic structures in his text, but also of its information dynamics. Such an awareness does not necessarily imply theoretical sophistication in linguistics, or an ability to analyze sentences into themes, rhemes, and focally marked or unmarked elements. Here too a translator must rely on intuition and Sprachgefühl. But in situations where theory may be of help, even in defining problems rather than solving them, it should not be avoided. (1978, aangehaal in Baker, 1992:119)

Hoofstuk 5 bevat die gevolgtrekking van hierdie studie, en verwoord die aannames oor die vertaler se vertaalnorme en die gebrek aan 'n vertaalstrategie.

## Hoofstuk 5: Gevolgtrekking

### 5.1 Inleiding

Die grondslag waarop hierdie studie berus, is retrospektiewe afleidings oor die norme wat aan- of afwesig was tydens die produksie van die Afrikaanse vertalings van die *Harry Potter*-boeke, asook die vertaalstrategie (of gebrek daaraan) wat toegepas is (al dan nie). Hierdie afleidings is gemaak deur 'n vergelykende studie van die doeltteks en die bronteks op grond van voorbeelde van interferensie in die doeltteks. In hierdie finale hoofstuk word die teoretiese agtergrond van funksionalisme en norme gebruik om genoemde retrospektiewe afleidings te maak op grond van die bewyse vir interferensie wat in hoofstukke 3 en 4 uitgelig is.

Hierdie hoofstuk word eerstens ingelei deur 'n bespreking oor hoe norme bepaal kan word (afdeling 5.2). Daarna word die Afrikaanse vertaler se inisiële norm en haar vertaalstrategie (afdeling 5.3), haar verwagtingsnorm (afdeling 5.4) en haar professionele norme (afdeling 5.5) ondersoek. Aanbevelings vir verdere studie (afdeling 5.7) en die samevatting sluit die hoofstuk en die studie af.

### 5.2 Die bepaling van norme

Enigeen wat 'n vertaling beoordeel, behoort eerstens die vertaler se norme so objektief moontlik te probeer identifiseer voor (of terwyl) hy/sy die leser met sy/haar eie stel norme konfronteer. Van den Broeck waarsku teen 'n verwarring tussen die kritikus se norme en dié van die vertaler. Die funksie wat vertalings in die doelkultuur moet speel, met ander woorde of hulle as onafhanklike tekste in die doelsisteem moet funksioneer, of brongeoriënteerde weergawes van die oorspronklike moet wees, of 'n posisie tussen hierdie twee uiterstes moet beklee, behoort die aard van die beoordeling te rig. "Only if the reviewer recognizes the initial norm adopted by the translator, will his critical account have any objective value". (Van den

Broeck, 1995:60-61.) ('n Bespreking oor die inisiële norm wat die Afrikaanse vertalings van die *Harry Potter*-boeke gerig het, volg in afdeling 5.3)

Vertaalde literatuur is as't ware 'n tipe kritiese omgang met die oorspronklike literêre werk: "every translation implies a form of criticism of its original. The translation critic, then, is a critic's critic, for he brings his value judgement to bear on a phenomenon which by its very nature implies a judgement of values" (Van den Broeck, 1995:61).

Die belangrike vraag is *hoe* norme bepaal word. Norme is nie direk observeerbaar nie, en daar kan dus 'n groot gaping wees tussen verklarings oor norme en werklike normgereguleerde gedrag. Deur bloot reëlmatighede in tekste op te spoor en dit te interpreteer as die resultate van 'n vertaler se vertaalkeuses en -besluite verklaar steeds nie waarom hierdie keuses en besluite gemaak is nie. (Hermans, 1999:85.)

Toury stel dit duidelik dat norme op komplekse wyse in interaksie met mekaar betrokke is, en dat hulle inherent veranderlik en onstabiel is. Die feit dat hulle so moeilik is om na te speur, is daaraan toe te skryf dat "real-life situations tend to be complex; and this complexity had better be noted rather than ignored if one is to draw any justifiable conclusions" (1995b:63).

Toury (1995b) en Nord (1997b) noem die volgende as moontlike bronne vir die bepaling van norme: die vertalings self (byvoorbeeld indien die teks meer as een keer in 'n taal vertaal is), metatekste (soos voorwoorde, voetnote, ens.), resensies en kommentaar oor vertalings deur vertalers, redakteurs, uitgewers, lesers, ens. en taalonderrig in skole. Hermans voeg ook die volgende by: handboeke vir vertaleropleiding, hofsake (as 'n aanduiding van wat as foutief in vertaling geag word, wie dit as foutief definieer en wie verantwoordelik is vir die skade), tekste oor kopieregwette, data oor die verspreiding van vertalings (watter vertalings herdruk word, moontlik met veranderinge) asook vertaalpryse (nie bloot wie dit ontvang nie, maar ook wie dit toeken, en op watter gronde die toekenning gemaak word) (1999:84).

Die aanames in hierdie studie is beperk tot hipoteses oor die norme wat tydens die vertaling van die *Harry Potter*-boeke by die vertaler aanwesig was, soos gebaseer op die makro- en mikrostrukturele analise in hoofstuk 3 en 4, en soos aangeteken in 'n slypskool oor literêre vertaling wat deur die vertaler aangebied is. Die ondersoek sluit nie die norme van die literêre gemeenskap in nie. Vervolgens word kommentaar gelewer oor die vergestaltung van die vertaler se inisiële, verwagtings- en professionele norme in die Afrikaanse *Harry Potter*-boeke.

### **5.3 Die vertaler van die Afrikaanse *Harry Potter* se inisiële norm**

In afdeling 2.3.2 word Toury se definisie van die inisiële norm verskaf, en dit word gestel dat hierdie norm 'n onderwerping aan die bronkultuur of die doelkultuur behels. Op grond van die makro- en mikrostrukturele analise wat in hoofstukke 3 en 4 gedoen is, en die bewys wat vir interferensie in die Afrikaanse vertalings gevind is, word die afleiding gemaak dat die vertaler se norm hoofsaaklik bronkultuurgeoriënteerd was. Hierdie oriëntasie is ook duidelik in haar stelling dat sy geïnhibeer gevoel het deur die Britse uitgewers om na aan die oorspronklike te bly (Oosthuysen, 2003b).

Die feit dat die strategie hoofsaaklik veruitheemsing was, kan moontlik verklaar word deur die vertaler se besluit om nie die kultuur "uit te vertaal" nie omdat die oorspronklike storie volgens haar sterk genoeg is en sy gevoel het dat die Britse kultuur behoue kan bly in 'n teks wat duidelik as 'n vertaling geëien kan word (in onder andere afdeling 3.4.1.2 word die inkonsekwente uitvoering van hierdie besluit bespreek).

### **5.4 Die vertaler van die Afrikaanse *Harry Potter* se verwagtingsnorm**

Volgens Chesterman se verwagtingsnorm (soos bespreek in afdeling 2.3.3), sal 'n vertaler doelbewus poog om 'n vertaling te produseer wat aan die verwagtingsnorme wat daarop betrekking het, sal voldoen. Hierdie verwagtingsnorme word deur die ontvangers se verwagtinge bekragtig.



Die verwagtingsnorm aanwesig by die ontvangs van die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter* is dat die tekste 'n kommunikatiewe teks in die doelkultuur sal wees, en dat kinders en ander lesers in die doelkultuur dit kan geniet en kan internaliseer op dieselfde wyse as wat die brontekstlesers die bronteks kon geniet en internaliseer (die populariteit wat die reeks in die Britse bronkultuur geniet is genoeg bewyse hiervoor) (sien afdeling 3.4.1.2 vir die funksies van die *Harry Potter*-bron- en -doeltekste).

Die feit dat die Afrikaanse vertaler 'n teks geproduseer het wat onnatuurlik en onvanpas is vir die doeltekstlesers kan dus moontlik verklaar word op grond van haar siening van die doelgroep se verwagtings. Dit kan wel waar wees dat die doeltekstlesers se verwagtinge en beoordeling van die doelteks van 'n laer standaard is weens die ophemeling van die brontekste – die primêre doelontvangers is moontlik verheug om toegang te hê tot 'n boek wat wêreldwyd aangehang word, en die oormatige reaksie tot hierdie wêreldfenomeen kan moontlik ook die sekondêre doelontvangers se oordeel beïnvloed. Die feit dat die vertalings reeds twee pryse ontvang het, dra moontlik by tot 'n beskouing van die vertalings gegrond op dié van die normoutoriteite wat die pryse toegeken het. Indien die Afrikaanse vertaler wel bewus was van hierdie verwagtinge van die doelteksontvangers, sal dit moontlik verklaar waarom sy toegestem het om byvoorbeeld boek 5 onder enorme tydsdruk te voltooi terwyl sy bewus was daarvan dat “dinge verlore gegaan [het] omdat ons haastig was” (Oosthuysen, 2003b). Die feit is egter dat daar nie net dinge verlore gegaan het nie, maar ook dat die interferensie en onnatuurlike taalgebruik moontlik haar teikenlesers kan vervreem.

### **5.5 Die vertaler van die Afrikaanse *Harry Potter* se professionele norm**

Chesterman se professionele norm is gegrond op professionele gedrag deur vertalers (wat onderverdeel word in die verantwoordelikheds-, die kommunikasie- en die verhoudingsnorm) (afdeling 2.3.3).

### **5.5.1 Die vertaler van die Afrikaanse *Harry Potter* se verantwoordelikhednorm**

Volgens die verantwoordelikhednorm dra die vertaler die verantwoordelikhed om lojale te wees teenoor die agente in die vertaalproses, naamlik die outeur, die opdraggewer en die doelteksontvangers. Myns insiens het die Afrikaanse vertaler nie aan hierdie norm gekonformeer nie, eerstens aangesien die onnatuurlike bronteks nie reg laat geskied aan die hoë kwaliteit van die outeur se bronteks nie, tweedens aangesien die vertaler se naam aan dié van die opdraggewer (in hierdie geval die uitgewer) gekoppel word en die kwaliteit van die vertaling ook 'n weerspieëling is van hulle professionele norme en standaarde, en derdens omdat die doelteks nie voldoen aan die vereistes en funksie van die doelteks nie, naamlik om 'n wêreldfenomeen aan jong lesers oor te dra wat andersins moontlik nie toegang daartoe sou gehad het nie deur middel van 'n teks wat vermaak bied, asook informatief van aard is (soos uiteengesit in afdeling 3.3 en 3.4.1.2).

### **5.5.2 Die vertaler van die Afrikaanse *Harry Potter* se kommunikasienorm**

Bogenoemde stellings ondersteun ook die aanname dat die vertaler nie aan die kommunikasienorm gekonformeer het nie, want as kommunikasie-ekspert moet die vertaler sorg vir optimale kommunikasie tussen die agente in die vertaalproses (soos in afdeling 2.3.3 bespreek). Volgens die Afrikaanse vertaler gaan iets altyd verlore wanneer daar tussen twee kulture gekommunikeer word (Oosthuysen 2003b). Dit hoef egter nie noodwendig die geval te wees nie. Die belangrikheid van vertaleropleiding kom hier weereens na vore, aangesien die vertaler kennis moet dra van die belangrikheid van die vertaalopdrag, waarin die skopos, funksie, vertaalstrategieë en doeltekslesers en hulle behoeftes duidelik uiteengesit is (die vertaalopdrag is in afdeling 2.2.3 bespreek). Hierdie kennis sal die vertaler rig ten einde aan te dring op 'n meer omvattende vertaalopdrag vanaf die inisieerder, asook ten einde doelbewus volgens hierdie vertaalopdrag te vertaal – dus met optimale kommunikasie konstant voor oë en met suksesvolle kommunikasie tussen twee kulture as gevolg.

### **5.5.3 Die vertaler van die Afrikaanse *Harry Potter* se verhoudingsnorm**

Hierdie linguistiese norm bepaal dat die vertaler moet verseker dat 'n geskikte verhouding tussen die bron- en doelteks gevestig word. Soos in afdeling 2.3.3 bespreek, word die mate van gelyksoortigheid (eerder as ekwivalensie) deur die vertaler bepaal op grond van sy/haar begrip van die outeur en inisieerder se intensies, die skopos van die teks en die aard van die doeltekslesers. Soos deur die makro- en mikrostrukturele analise in hoofstukke 3 en 4 aan die lig gebring is, het interferensie en die oormatige invloed van die bronteks se linguistiese strukture op die vertaler se denkproses meegebring dat die vereiste gelyksoortigheid (naamlik op die vlakke van styl, semantiek en algehele effek) nie deur die vertaler verkry is nie. Weereens sou grondige vertaalteoretiese kennis en 'n duidelike vertaalopdrag moontlik kon bydra om hierdie probleme te voorkom ten einde 'n funksionalistiese doelteks te skep.

### **5.6 Voorstelle vir verdere studie**

In hierdie studie is gefokus op die verskynsel 'interferensie'. Die doelteks is dus gelees met die uitsluitlike doel om onnatuurlike woordgebruik en sinskonstruksies te identifiseer. Verdere, meer gedetailleerde vergelykende studies kan moontlik gedoen word, deur byvoorbeeld die verskuiwings ('shifts') in die doelteks te identifiseer (sien die studie op narratiewe tekste en die identifisering van mikro- en makrostrukturele verskuiwings wat deur Van Leuven-Zwart (1989 en 1990) uitgevoer is). Verdere moontlike onderwerpe vir navorsing oor die Afrikaanse vertalings van die *Harry Potter*-reeks sluit in 'n korpusstudie oor die Afrikaanse vertaler se oorspronklike Afrikaans waarin sy haar eie verhale skryf versus haar vertaalde Afrikaans, en die universaliteite van vertaling wat in die Afrikaanse vertalings van *Harry Potter* na vore kom. Die posisie van vertaalde literatuur in die Suid-Afrikaanse literêre polisteem kan ook moontlik ondersoek word ten einde vertaalstrategieë te identifiseer en te verklaar, en empiriese ondersoeke onder die onderskeie doeltekslesers kan ook uitgevoer word.

## 5.7. Samevatting

Volgens Chesterman is 'n vertaling nooit finaal nie. Dit is 'n wetenskaplike proses wat oor en oor herhaal kan word. Hy meen dat vertalings dus as tentatiewe teorieë funksioneer, en dat hierdie teoretisering deel uitmaak van vertalerbevoegdheid. Volgens Chesterman behels vertalerbevoegdheid twee vaardighede, naamlik die vermoë om 'n reeks moontlike vertalings te genereer, en die vermoë om die mees geskikte een te kies. Tydens hierdie proses vind onder andere fouteliminering plaas, wat nie met korrektheid te make het nie, maar wel ten opsigte van die voldoening aan 'n gegewe norm of standaard en die bevrediging van ontvangers se verwagtinge. (Chesterman, 1997.) Soos deur hierdie studie bewys is, kan die belangrikheid van vertaleropleiding en 'n realistiese tydsraamwerk nie oorbeklemtoon word nie. Die tydsdruk op die vertaler het beslis veroorsaak dat 'n minder geslaagde doelteks geproduseer is, en, soos Chesterman hier uitwys, is vertaling 'n langsame proses wat kundigheid en toewyding verg.

Die meerderheid vertalers stem saam dat 'n vertaling nooit die oorspronklike kan ewenaar nie. Rabassa stel dit dat “a translation can never equal the original; it can approach it, and its quality can only be judged as to accuracy by how close it gets” (1989:1). Die verwagting is nie dat die vertaling van 'n bronteks van uitstaande kwaliteit soos die oorspronklike *Harry Potter*-reeks hierdie bronteks op alle vlakke kan ewenaar nie. Die verwagting is wel dat die vertaling sal voldoen aan die skopos en funksie wat dit vir die doelteksontvangers moet vervul – en soos in hierdie studie bewys is, kan die Afrikaanse doeltekste in hierdie opsig nie as suksesvol beskou word nie.

Die invloed van Engels op Afrikaanse skrywers en vertalers kan nie misken word nie. Volgens Ponelis is dit wel tot Afrikaanssprekendes se voordeel dat hulle 'n komplekse verbale repertoire het waarin die Engelse taal ingebed is, aangesien Engels aan die oorwegend tweetalige Afrikaanse taalgemeenskap toegang bied tot 'n ryk en omvattende plaaslike en internasionale ervaring. Volgens hom bly Afrikaans kontemporêr deur middel van Engels: “Afrikaans is not left to languish in splendid isolation. It reacts actively to the influence of

English by integrating loans, especially calques". (Ponelis, 2000, aangehaal in Feinauer, 2001:170.)

Volgens Feinauer sien Afrikaanse moedertaalvertalers die Afrikaanse leksikon as arm, alledaags, vaal en verbeeldingloos – in vergelyking met Engels se lewendige, elegante en kleurryke leksikon. Hierdie siening lei tot 'n toename in die gebruik van leenwoorde uit Engels, en dus tot 'n toename in die invloed van Engels op Afrikaans. (Feinauer, 2001:170.) Die invloed van Engels op die Afrikaanse vertaler van die *Harry Potter*-reeks is in hierdie studie bewys. Die voorstelle wat telkens gegee is vir moontlike oplossings vir die vertaalprobleme waarvoor sy te staan gekom het, bewys voorts dat daar wel genoegsame en effektiewe vertaalekwivalente in Afrikaans bestaan, en dat die vooropstelling van die toepaslike norme, kennis van vertaalteorie en doelbewuste keuse en toepassing van geskikte en weldeurdagde vertaalstrategieë kan lei tot die produksie van 'n funksionalistiese doeltteks wat optimaal kommunikeer met die doelttekslesers.

## Literatuur

- Baker, M. 1992. *In other words: A coursebook on translation*. Londen: Routledge.
- Baker, M. 1998. Norms, in M. Baker (red.). *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen: Routledge. 163-165.
- Bakker, M., Koster, C. & Van Leuven-Zwart, K. 1998. Shifts of translation, in M. Baker (red.). *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen: Routledge. 226-231.
- Biguenet, J. & Schulte, R. (reds.). 1989. *The craft of translation*. Voorwoord. Chicago: The University of Chicago Press.
- Chesterman, A. 1993. From 'is' to 'ought': laws, norms and strategies in translation studies. *Target* 5(1):1-20.
- Chesterman, A. 1996. On similarity. *Target* 8(1):159-164.
- Chesterman, A. 1997. *Memes of translation: the spread of ideas in translation theory*. Amsterdam: John Benjamins.
- Chesterman, A. 1998. Causes, translations, effects. *Target* 10(2):201-230.
- De Villiers, M. 1968. *Die grammatika van tyd en modaliteit*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Die SAVI-toekenning vir voortreflike vertaling in 2003* [Intyds]. 2003. Beskikbaar by: <http://www.translators.org.za/indexes/afrikaans/award-story2003-afrik.htm> [26 Maart 2004].
- Even-Zohar, 1990. The position of translated literature within the literary polysystem. *Poetics Today* 11(1), Lente: 45-51.
- Feinauer, AE. 2001. Language contact between Afrikaans and English leads to conceptual change in Afrikaans. *Translation and meaning* 5:163-171.
- Gentzler, E. 1993. *Contemporary translation studies*. Londen: Routledge.
- Greeff, R. 2003. Vuurslag-spoed! *Insig*, September:78-79.
- Hatim, B. 2001. *Teaching and researching translation*. Harlow: Pearson Education.
- Hermans, T. 1985. Translation studies and a new paradigm, in T. Hermans (red.). *The manipulation of literature: Studies in literary translation*. New York: St Martin's. 7-15.

- Hermans, T. 1996. Norms and the determination of translation: a theoretical framework, in Álvarez, R. & Vidal, M.C-A. (reds.). *Translation, power, subversion*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Hermans, T. 1999. *Translation in systems: descriptive and systemic approaches explained*. Manchester: St Jerome.
- House, J. 1981. *A model for translation quality assessment*. Tübingen: Gunter Narr Verlag.
- J.K. Rowling's interview with Amazon.co.uk [Intyds]. G.d. Beskikbaar by <http://www.cliphoto.com/potter/interview/htm> [18 Junie 2004].
- Kenny, D. 2001. *Lexis and creativity in translation: a corpus-based study*. Manchester: St Jerome.
- Lambert, J. & Van Gorp, H. 1985. On describing translations, in T. Hermans (red.). *The manipulation of literature: Studies in literary translation*. New York: St Martin's. 42-53.
- Laviosa-Braithwaite, S. 1998. Universals of translation, in M. Baker (red.). *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen: Routledge. 288-291.
- Lourens, A. 1997. Polemiek en kanon: kanonisering van die vroulike outeur in die Afrikaanse prosa van die dertiger- tot die negentigerjare. DLitt-proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Munday, J. 2001. *Introducing translation studies: Theories and applications*. Londen: Routledge.
- Naudé, J.A. 1999. Translation studies and Bible translation. Referaat gelewer by die Bybelvertalingkongres, Hammanskraal, 23-25 Februarie.
- Naudé, J.A. 2000. The Schocken Bible as source-oriented translation: Description and implications. *Acta Theologica*, 20(1):1-33.
- Newmark, P. 1988. *A textbook of translation*. New York: Prentice-Hall.
- Nord, C. 1991a. Skopos, loyalty, and translational conventions. *Target* 3(1):91-109.
- Nord, C. 1991b. *Text analysis in translation: theory, methodology, and didactic application of a model for translation-oriented text analysis*. Amsterdam: Rodopi.
- Nord, C. 1997a. A functional typology of translations, in A. Trosborg (red.). *Text typology and translation*. Amsterdam: John Benjamins.

- Nord, C. 1997b. *Translating as a purposeful activity: functionalist approaches explained*. Manchester: St Jerome.
- Nord, C. 2001. Loyalty revisited: Bible translation as a case in point. *The Translator* 7(2): 185-202.
- Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2000. *HAT – Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Halfway House: Perskor.
- Oosthuysen, J. 2001. *Harry Potter en die beker vol vuur*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Oosthuysen, J. 2003a. *Harry Potter en die orde van die feniks*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Oosthuysen, J. 2003b. Literêre vertaling in Afrikaans. Slypskool vir die Taalprofessies: Universiteit Stellenbosch Taalsentrum.
- Puurtinen, T. 1989. Assessing acceptability in translated children's books. *Target* 1(2):201-213.
- Rabassa, G. 1989. No two snowflakes are alike: translation as metaphor, in J. Biguenet & R. Schulte (reds.). *The craft of translation*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Reiss, K. 2000. *Translation criticism – the potentials and limitations: categories and criteria for translation quality assessment*. Manchester: St Jerome.
- Rowling, J.K. 2000. *Harry Potter and the goblet of fire*. Londen: Bloomsbury.
- Rowling, J.K. 2003. *Harry Potter and the order of the phoenix*. Londen: Bloomsbury.
- Schäffner, C. 1997. Translation studies, in J. Verschueren, J-A. Östman, J.B. Blommaert & C. Bulcaen (reds.). *Handbook of Pragmatics*. Amsterdam: John Benjamins. 1-17.
- Scholastic online chat transcript* [Intyds]. 2000. Beskikbaar by <http://www.mugglenet.com/scholchat2.shtml> [18 Junie 2004].
- Shuttleworth, M. 1998. Polysystem theory, in M. Baker (red.). *Routledge encyclopedia of translation studies*. Londen: Routledge. 176-179.
- Shuttleworth, M. & Cowie, M. 1997. *Dictionary of translation studies*. Manchester: St Jerome.



- Spies, J. & Combrink, J. 1994. *SARA – Sakboek van regte Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Toury, G. 1980. *In search of a theory of translation*. Jerusalem: Academic.
- Toury, G. 1995a. A rationale for descriptive translation studies, in T. Hermans (red.). *The manipulation of literature: studies in literary translation*. New York: St Martin's Press. 16-41.
- Toury, G. 1995b. *Descriptive translation studies and beyond*. Amsterdam: John Benjamin.
- Toury, G. 1995c. The nature and role of norms in translation, in L. Venuti (red.). 2000. *The translation studies reader*. Londen: Routledge. 198-211.
- Toury, G. 1998. A handful of paragraphs on 'Translation' and 'Norms', in Schäffner, C. (red.). *Translation and norms*. Clevedon: Multilingual Matters. 10-32.
- Van den Broeck, R. 1995. Second thoughts on translation criticism: a model of its analytic function, in T. Hermans (red.). *The manipulation of literature: studies in literary translation*. New York: St Martin's Press. 54-62.
- Vanderauwera, R. 1995. The response to translated literature: a sad example, in T. Hermans (red.). *The manipulation of literature: studies in literary translation*. New York: St Martin's Press. 198-214.
- Van Leuven-Zwart, K.M. 1989. Translation and original: similarities and dissimilarities I. *Target* 1(2):151-181.
- Van Leuven-Zwart, K.M. 1990. Translation and original: similarities and dissimilarities II. *Target* 2(1):69-95.
- Venuti, L. 1995. *The translator's invisibility: A history of translation*. Londen: Routledge.
- Venuti, L. 2000. Translation, community, utopia, in L. Venuti (red.). *The translation studies reader*. Londen: Routledge. 468-488.
- Vermeer, H.J. 1989. Skopos and commission in translational action, in L. Venuti (red.). 2000. *The translation studies reader*. Londen: Routledge. 221-232.
- Vermeer, H.J. 1998. Starting to unask what translatology is about. *Target*, 10(1):41-68.
- Vinay, J-P. & Darbelnet, J. 1995. A methodology for translation, in L. Venuti

(red.). *The translation studies reader*. 2000. Londen: Routledge. 84-93.

Walker, A.K., Kruger, A. & Andrews, I.C. 1995. Translation as transformation: A process of linguistic and cultural adaptation. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 26:99-115.

Wills, W. 1994. A framework for decision-making in translation. *Target* 6(2):131-150.

## Bylaag A

### Interlinguistiese vertaalprobleme

#### Sosiolekte

- “Unfriendly, like” word “Onvriendelik, soort van” (HPE4, p. 8 en HPA4, p. 6).
- “Never wanted to mix, he didn’t” is vertaal as “Hou hom eenkant, daardie een” (HPE4, p. 8 en HPA4, p. 6).
- Die vertaling vir “I’m trying to work in here, you know – I’ve got a report to finish” is “Ek probeer hier binne werk, weet julle – ek moet ’n verslag klaarmaak” (HPE4, p. 53 en HPA4, p. 40).
- “It’s just . . . fair, isn’t it?” he said to Cedric. “We all know now . . . we’re on an even footing, aren’t we?” is die vertaling vir “Dis net . . . regverdig, of hoe?” sê hy vir Cedric. “Nou weet ons almal . . . nou’s ons op gelyke voet, nie waar nie?” (HPE4, p. 299 en HPA4, p. 218).
- “It – it was a very good business opportunity, see –” is vertaal as “Dit – dit was ’n baie goeie sakegeleentheid, sien –” (HPE5, p. 26 en HPA5, p. 22).
- “I can hardly stroll up the street and start handing out leaflets, can I?” word “[. . .] kan ek nie eintlik in die strate rondloop en pamfletjies uitdeel nie, kan ek?” (HPE5, p. 89 en HPA5, p. 75).

#### Informele spreektaal in die bronkultuur

- [Harry] paused, wondering how best to phrase his problem, and still marvelling at the fact that he hadn’t thought of Sirius straight away. But then, perhaps it wasn’t so surprising is vertaal as [Harry] steek vas terwyl hy wonder hoe om sy probleem ten beste te verwoord en waarom hy nie dadelik aan Sirius gedink het nie. Maar dan, dalk is dit ook nie so snaaks nie in plaas van ‘Maar nou ja’ of ‘Aan die ander kant’ (HPE4, p. 26 en HPA4, p. 19).
- Mnr Weasley probeer met Moggelgeld betaal: “Ah yes, I see the little number on it now . . . so this is a five?” “A twenty,” Harry corrected him [. . .] “Ah yes, so it is . . .”. Dit is vertaal as “n Twintig,” [. . .] “Ja, ja, so is dit

...” (HPE4, p. 71 en HPA4, p. 54). Mnr Weasley se woorde is direk vertaal en klink onnatuurlik in Afrikaans – ’n meer natuurlike opsie is moontlik “Ja, ja, nou sien ek ...”.

- “*Father says Durmstrang takes a far more sensible line than Hogwarts about the Dark Arts*” is vertaal as “*Vader sê Durmstrang is baie meer verstandig wanneer dit by die Donker Kunste kom as Hogwarts*” in stede van ‘My pa sê Durmstrang het ’n meer verstandige beskouing van die Donker Kunste as Hogwarts’ (HPE4, p. 147 en HPA4, p. 107).
- *He didn’t talk much as they changed into their school robes, and was still glowering when the Hogwarts Express slowed down at last* is vertaal as *Toe hulle hul skoolklere aantrek, praat hy amper niks en hy is nog steeds omgekrap toe die Hogwarts Express begin spoed verloor* in stede van ‘toe die Hogwarts Express stadiger begin ry’ (HPE4, p. 151 en HPA4, p. 110).
- “*I’d say Transfigure it, but something that big, you really haven’t got a hope*” is vertaal as “*Ek sou sê transfigureer dit, maar iets wat so groot is, jy het nie juis ’n kans nie*” in plaas van “*Ek sou sê transfigureer dit, maar jy het nie juis ’n kans met iets wat so groot is nie*” (HPE4, p. 296 en HPA4, p. 217).
- *Harry saw some of the panic he’d been feeling since Saturday night flickering in Cedric’s grey eyes* word *Harry sien hoe iets van die paniek wat hy sedert Saterdag nag voel in Cedric se grys oë flikker* in plaas van ‘Harry sien hoe dieselfde paniek wat hy al sedert Saterdag aandoend voel in Cedric se grys oë flikker’ (HPE4, p. 298 en HPA4, p. 218).
- “*It was – a sort of accident that I found out*” is vertaal as “*Dit was ’n – ’n soort ongeluk dat ek uitgevind het*” in stede van “*Ek het – half per ongeluk uitgevind*” (HPE4, p. 301 en HPA4, p. 220).
- *Pigwidgeon was so over-excited at the idea of a delivery, he was flying round and round Harry’s head* is vertaal as *Pigwidgeon is so ooropgewonde by die gedagte aan ’n aflewering dat hy al om Harry se kop vlieg* in plaas van ‘Die idee van ’n aflewering maak Pigwidgeon so ooropgewonde dat hy al om Harry se kop vlieg’ (HPE4, p. 317 en HPA4, p. 232).

- “*But most wizards doesn’t want a house-elf who wants paying, miss. ‘That’s not the point of a house-elf,’ they says*” is vertaal as “*Maar die meeste towenaars wil nie ’n huiself hê wat betaal wil word nie, juffrou. ‘Dis nie die punt van ’n huiself nie,’ sê hulle*” in plaas van ‘Dit is nie waarvoor ’n huiself daar is nie’ (HPE4, 330 en HPA4, 241).
- *There were stil two and a half months to go until he needed to know what all the screechy wailing meant, after all.* Hierdie sin is vertaal as *Daar is na alles nog twee en ’n half maande voor hy hoef te weet wat daardie skreeuende gekerm nou eintlik beteken* in stede van ‘Daar is darem nog twee en ’n half maande’ (HPE4, p. 342 en HPA4, p. 250).
- “*Listen to me, reliving family history [ . . . ] Why, I am growing quite sentimental*” is vertaal as “*Luister na my, hoe ek my familiegeskiedenis laat herleef [ . . . ] Ek raak sowaar sentimenteel*” in stede van “Hoor nou net hoe herleef ek my familie se geskiedenis” (HPE4, p. 561 en HPA4, p. 407).
- “*a [ . . . ] pack of owls shooting in and out of my house*” word “*’n swerm uile wat in en uit my huis skiet*” in die doelteks in stede van “’n swerm uile wat by my huis in- en uitvlieg” (HPE5, p. 37 en HPA5, p. 31).
- “*Well, that settles it [ . . . ] you can get out of this house, boy!*” is vertaal as “*Wel, dis dan opgelos [ . . . ] Trap uit hierdie huis, seun!*” in plaas van ‘Ek het nou genoeg gehad [ . . . ] Trap uit hierdie huis, mannetjie!’ (HPE5, p. 40 en HPA5, p. 33). (Sien afdeling 4.3.1 vir ’n bespreking oor die aanspreekvorm ‘seun’.)
- “*Marge was right, it should have been the orphanage*” word “*Marge was reg, dit moes die weeshuis gewees het*” in stede van ‘Marge was reg, ons moes jou weeshuis toe gestuur het’ (HPE5, p. 40 en HPA5, p. 34).
- “*Who had to get past dragons and sphinxes and every other foul thing last year?*” is vertaal as “*Wie het verlede jaar verby die drake en die sfinkse en elke ander wagglike ding gekom?*” in stede van “Wie het verlede jaar verby drake en sfinkse en allerhande wagglike dinge gekom?” (HPE5, p. 64 en HPA5, p. 54).
- *Ron laughed in a hollow sort of way* is vertaal as *Ron lag op ’n hol soort manier* in stede van ‘Ron se lag klink hol’ (HPE5, p. 69 en HPA5, p. 58).

- There was something about the slightly flattened tone of voice in which Sirius uttered Dumbledore's name that told Harry that Sirius, too, was not very happy with the Headmaster word direk vertaal as Daar is iets aan die effens plat stemtoon waarmee Sirius Dompeldorius se naam sê wat vir Harry vertel dat Sirius ook nie baie tevrede met die Hoof is nie in plaas van 'Sirius sê Dompeldorius se naam in 'n effense plat stemtoon – wat Harry laat dink dat ook Sirius nie baie gelukkig is met die Hoof nie' (HPE5, p. 66 en HPA5, p. 79).
- "We've managed to convince a couple of people, though," said Mr Weasley. "Tonks here, for one [ . . . ]" is vertaal as "Ons het darem 'n paar mense oortuig," sê meneer Weasley. "Tonks hier, is een [ . . . ]" in plaas van "Kyk byvoorbeeld vir Tonks" of "Tonks is 'n goeie voorbeeld" (HPE5, p. 90 en HPA5, p. 76).
- [ . . . ] the evening had been so packed with things to think about that he fully expected to lie awake for hours mulling it all over is vertaal as Die aand het soveel dinge opgelewer om oor te dink en hy verwag hy sal ure lank daarvoor lê en tob in stede van 'en hy weet hy gaan ure daarvoor lê en tob' (HPE5, p. 94 en HPA5, p. 80).
- "Hestia's just relieved me, so she's got Moody's Cloak now, thought I'd leave a report for Dumbledore . . ." word "Hestia het my so pas afgelos, sy't nou Moodie se mantel. Gedink ek los 'n verslag vir Dompeldorius" in plaas van "Ek het gou 'n verslag vir Dompeldorius kom afgee" (HPE5, p. 96 en HPA5, p. 81).
- "But I bet my parents thought Regulus was a right little hero for joining up at first" word "Maar ek wed my ouers het gedink Regulus is 'n ware klein held toe hy aangesluit het" in stede van "Maar ek is seker my ouers het gedink [ . . . ]" of "Maar ek wed jou my ouers het gedink [ . . . ]" (HPE5, p. 104 en HPA5, p. 88).
- "If you can get away before seven, Molly's making meatballs" is vertaal as "As jy voor sewe kan wegkom, Molly maak frikkadelle" in plaas van "Probeer om voor sewe hier weg te kom – Molly maak frikkadelle" (HPE5, p. 122 en HPA5, p. 103).

- *It took them twenty minutes to reach King's Cross on foot* word vertaal as *Dit neem twintig minute om King's Cross per voet te bereik* in plaas van 'Dit duur twintig minute om na King's Cross te stap' (HPE5, p. 165 en HPA5, p. 139).
- *"D'you mind not offending the only people who believe me?" Harry asked Hermione as they made their way into class. "Oh, for heaven's sake, Harry, you can do better than her"* word vertaal as *"Ag, in vadersnaam, Harry, jy kan beter doen as sy"* in plaas van *"Ag, in vadersnaam, Harry, jy het haar nie nodig nie"* (HPE5, p. 236 en HPA5, p. 197).
- *"Got an owl from Dumbledore, would I like a couple of weeks' teaching work"* word *"Het 'n uil van Dompeldorius gekry, wil ek 'n paar weke klas gee?"* in plaas van *"Dompeldorius het vir my 'n uil gestuur – gevra of ek 'n paar weke wil klas gee"* (HPE5, p. 288 en HPA5, p. 241).
- *"The whole time you're sure you know there's nothing between you and dying except your own – your own brain or guts or whatever – like you can think straight when you know you're about a nanosecond from being murdered, or tortured [ . . .]"* is vertaal as *"Maar die hele tyd weet jy daar's niks tussen jou en die dood behalwe jou eie – jou eie brein of moed of wat ook al nie – en jy kan helder dink as jy weet jy gaan enige oomblik vermoor of gemartel word [ . . .]"* in plaas van *"asof jy helder kan dink as jy weet jy gaan enige oomblik vermoor of gemartel word"* (HPE5, p. 293 en HPA5, p. 244).
- Nadat Hagrid baie verbaas is dat Harry, Ron en Hermien weet dat hy by die reuse was, en hulle vra wie vir hulle vertel het, antwoord hulle in HPE5, p. 374 *"We guessed" [ . . .] It was kind of . . . obvious*. Dit is in HPA5, p. 312, vertaal as *"Ons het geraai [ . . .] Dis soort van . . . klaarblyklik"*. 'n Meer natuurlike opsie waarmee die teikenlesers sou kon identifiseer, sou dalk wees 'Dit was nie juis moeilik om agter te kom nie'.
- *"Please sit down, all three of you [ . . .] Professor McGonagall, if you could draw up extra chairs"* word *"Kom sit hier, julle drie [ . . .] Professor McGonagall, as jy 'n paar ekstra stoele sal optower"* in plaas van 'Professor McGonagall, toor asseblief vir ons 'n ekstra paar stoele' (HPE5, p. 415 en HPA5, p. 345).

- “Arthur,” she said, with a snap in her voice like a mousetrap, “you’ve had your bandages changed” word “Arthur,” sê sy en dit klink soos ’n muisval wat toeklap, “jou verbande is verander” in stede van “Arthur,” sê sy en haar stem klap soos ’n muisval, “jou verbande is omgeruil” (HPE5, p. 448 en HPA5, p. 372).
- “Taught you everything you know, I expect, didn’t I? Well, how about those autographs, then? Shall we say a round dozen [ . . . ]” word “Het seker vir julle alles geleer wat julle weet, nè? Wel, wat van daardie handtekeninge? Sal ons sê ’n dosyn?” in plaas van “Wel, hoe lyk dit met daardie handtekeninge? Sal ons dit sommer twaalf maak?” (HPE5, p. 451 en HPA5, p. 374).
- *The subject of the Quidditch World Cup carried them all the way down the drive and out through the gates* is vertaal as *Hulle praat oor die Kwiddiekwêreldbeker al die pad af tot hulle deur Hogwarts se hekke* is in stede van ‘Terwyl hulle by die oprit af en deur Hogwarts se hekke loop, gesels hulle heelpad oor die Kwiddiekwêreldbeker’ (HPE5, p. 492 en HPA5, p. 408).
- “But the Daily Prophet’s version of the Azkaban breakout had some gaping holes in it” word “Maar die Daaglikse Profeet se weergawe van die ontsnappings uit Azkaban is vol gate” in stede van “Maar die Daaglikse Profeet se weergawe van die ontsnappings uit Azkaban is onvolledig” (HPE5, pp. 501-502 en HPA5, p. 415).
- “Do everything Professor Snape tells you and practise it particularly every night before sleeping so that you can close your mind to bad dreams” is vertaal as “Doen alles wat professor Snerp vir jou sê en pas dit veral toe wanneer jy saans gaan slaap sodat jy jou gedagtes teen daardie drome kan sluit” in stede van “sodat jy jou kan afsluit van daardie drome” (HPE5, p. 548 en HPA5, p. 454).
- Nadat Harry vir Ron en Hermien vertel dat hy vir Fred en George genoeg geld gegee het om ’n grapwinkel oop te maak, sê Hermien geskok “Oh, Harry, you didn’t!” (HPE5, p. 600). Die Afrikaanse weergawe hiervan is “O, Harry, jy het nie!” (HPA5, p. 495), wat klink asof Hermien ontken dat Harry



dit wel gedoen het. Die korrekte betekenis van die Engelse uitroep is eerder “O, Harry, sê asseblief jy het dit nie gedoen nie!”.

- *Harry would normally have tried to persuade Hagrid out of this idea at once* is vertaal as *Harry sou normaalweg dadelik probeer het om Hagrid hieruit te praat* in stede van ‘Harry sou normaalweg dadelik probeer het om Hagrid van hierdie idee te laat afsien’ (HPE5, p. 753 en HPA5, p. 617).
- “*Araminta Melflua . . . cousin of my mother’s . . . tried to force through a Ministry Bill to make Muggle-hunting legal*” is foutief vertaal as “*Araminta Melflua . . . my ma se niggie . . . het probeer om ’n wetsontwerp deur die Ministerie te dwing wat die jag op Moggels wettig sou maak*” (HPE5, p. 105 en HPA5, p. 89). ’n Korrekte vertaling hiervan sou wees: ‘het probeer om ’n wetsontwerp van die Ministerie af te dwing wat die jag op Moggels wettig sou maak’.

### Brontaaluitdrukkings

- “*Diddy! About time too. I was getting quite [ . . .]” word “*Duddie! Hoog tyd ook, ek het begin [ . . .]”* in stede van “*Duddie! Dis hoog tyd! Ek het begin . . .*” (HPE5, p. 28 en HPA5, p. 23).*
- *[ . . .] if he did that, he’d be lucky to escape Azkaban, let alone expulsion* is vertaal as *[ . . .] as hy dit doen, sal hy gelukkig wees as hy nie Azkaban toe gestuur word nie, vergeet van die skorsing* in plaas van ‘sal hy gelukkig wees as hy nie Azkaban toe gaan nie, wat nog te sê van geskors word’ (HPE5, p. 31 en HPA5, p. 26).
- *Back in the kitchen Moody had replaced his eye* word *Terug in die kombuis het Moodie sy regteroog teruggesit* in stede van ‘Toe Harry weer in die kombuis kom, sien hy dat Moodie sy regteroog teruggesit het’ (HPE5, p. 53 en HPA5, p. 44).
- *He felt as though his heart was going to explode with pleasure* word *Dit voel of sy hart gaan bars van plesier* in plaas van ‘Sy hart loop oor van plesier’ (HPE5, p. 55 en HPA5, p. 46).
- “*He’s not your son,” said Sirius quietly. He’s as good as,” said Mrs Weasley fiercely* is vertaal as “*Hy’s nie jou seun nie,*” sê Sirius sag. “*Hy’s*

*net so goed as,” sê mevrou Weasley verwoed in plaas van “Hy kon net sowel my seun gewees het” (HPE5, p. 85 en HPA5, p. 72).*

- *“As far as I am aware [. . .] there is no law yet in place that says [. . .]” is vertaal as “Na my wete [. . .] is daar nog geen wet in plek wat sê dit is [. . .]” in plaas van “Na my wete [. . .] is daar nog nie ’n wet wat bepaal dat [. . .]” (HPE5, p. 137 en HPA5, p. 116).*
- *“I – what?” said Ron, plainly playing for time is vertaal as “Ek – wat?” vra Ron, wat duidelik vir tyd speel in stede van ‘wat duidelik probeer tyd mors’ (HPE5, p. 228 en HPA5, p. 191).*
- *“McGonagall would go nuts if she knew” is vertaal as “McGonagall sal mal gaan as sy moet weet” in stede van “McGonagall sal mal word as sy moet weet” (HPE5, p. 290 en HPA5, p. 242).*
- *He was halfway out of his seat, intending to hurry upstairs for his Invisibility Cloak when, not for the first time, a voice very much like Hermione’s whispered in his ear: reckless. Dit is vertaal as Hy staan op uit sy stoel met die gedagte om sy onsigbaarheidsmantel te gaan haal, toe ’n stem baie soos Hermien s’n in sy oor fluister: roekeloos. En nie vir die eerste keer nie in plaas van ‘Hy staan uit sy stoel uit op om sy onsigbaarheidsmantel te gaan haal, toe ’n stem, wat baie soos Hermien s’n klink, vir die hoeveelste maal in sy oor fluister: roekeloos’ (HPE5, p. 343 en HPA5, p. 286).*

### **Metaforiese brontaalgebruik**

- *The dishes in front of them filled with food as usual is vertaal as Die skottels voor hulle vul soos gewoonlik met kos in plaas van ‘Die skottels voor hulle word soos gewoonlik met kos gevul’ (HPE4, p. 221 en HPA4, p. 162).*
- *In die doelteks is [. . .] she whispered back, her eyes round with anxiety over the top of the quivering Flutterby Bush she was pruning vertaal as [. . .] fluister sy terug en haar oë is rond van kommer bo-oor die top van die bewende Loenskapperbos wat sy aan die snoei is in plaas van ‘fluister sy terug terwyl sy met groot bekommerde oë oor die bewende Loenskapperbos loer wat sy besig is om te snoei’ (HPE4, p. 302 en HPA4, p. 221).*

- *He flew back over the stands, the noise of the crowd pounding his eardrums is vertaal as Hy vlieg terug oor die stellasies terwyl die geraas van die skare teen sy oortrommels hamer in plaas van 'Hy vlieg oor die pawiljoen terug met die harde geraas van die skare in sy ore' (HPE4, p. 312 en HPA4, p. 228).*
- *[. . .] his eyes watering with pain as he scrambled to his hands and knees, feeling around frantically in the blackness word [. . .] terwyl hy op sy hande en voete orent skarrel en angstig in die donker om hom voel in plaas van 'terwyl hy haastig orent kom en handeviervoet in die donker rondtdas' (HPE5, p. 21 en HPA5, p. 17).*
- *"Yes – they – have!" yelled Mrs Figg, swinging the bag of cat food at every bit of Mundungus she could reach is vertaal as "Ja – iemand –gaan!" gil tant Freya terwyl sy die sak katkos oor Mundungus se lyf swaai in plaas van 'terwyl sy elke moontlike deel van Mundungus se lyf met die sak katkos takel' (HPE5, p. 26 en HPA5, p. 22).*
- *"Damn it," he added angrily, putting a hand up to the magical eye is vertaal as "Verbrands," voeg hy ergelik by en steek sy hand na die toweroog uit in plaas van 'voeg hy ergelik by terwyl hy aan sy toweroog raak' (HPE5, p. 50 en HPA5, p. 42).*
- *"No one would have made me a prefect" is vertaal as "Niemand sou my prefek gemaak het nie" in plaas van "Ek sou nooit 'n prefek geword het nie" (HPE5, p. 155 en HPA5, p. 131).*
- *The man in the dirty grey bandages rapped the counter with his knuckles and received another smoking drink from the barman word Die man met die kopverbande tik met sy kneukels teen die toonbank en die kroegman gee vir hom nog 'n rokende drankie aan in plaas van 'en die kroegman gee vir hom nog 'n drankie. Rook trek by die glas uit' (HPE5, p. 310 en HPA5, p. 251).*
- *When Harry raised his fist and knocked three times, a dog started barking frantically inside word Harry lig sy vuus en klop drie keer. 'n Hond begin blaf verwoed aan die binnekant in plaas van 'Toe Harry drie keer klop, begin 'n hond verwoed aan die binnekant blaf' (HPE5, p. 372 en HPA5).*

- “Anything wrong, Professor?” called Madam Pomfrey, poking her head around her office door word “Is daar fout, Professor?” roep Madame Pomfrey uit en steek haar kop om haar kantoor se deur in plaas van ‘en loer om haar kantoordeur’ (HPE5, p. 748 en HPA5, p. 613).
- [. . .] at the sight of him Harry felt a great rush of hatred word vertaal as Toe Harry hom sien, ervaar hy ’n golf van haat in plaas van ‘Harry word gevul met haat toe hy hom sien’ (HPE5, p. 750 en HPA5, p. 615).

### Brontaalsinstrukture

- As far as he knew, he was the only living person to have survived a curse like Voldemort’s word vertaal as Sover hy weet, is hy die enigste lewende persoon om ’n vloek soos Woldemort s’n te oorleef in plaas van ‘Sover hy weet, is hy die enigste lewende persoon wat ’n vloek soos Woldemort s’n kon oorleef’ (HPE4, p. 24 en HPA4, p. 18).
- Except for the filthy rag tied like a loincloth around his middle, it was completely naked is vertaal as Behalwe die vuil toinglap wat soos ’n lendekleed om sy middel gebind is, is hy heeltemal kaal in plaas van “n vuil toinglap is soos ’n lendekleed om sy middel gebind – verder is hy heeltemal kaal’ (HPE5, p. 100 en HPA5, p. 85).

### Kollokasies eie aan die brontaal

- When it had come to it, when they had seen what he was facing, most of the school had been on his side word Noudat sake op die keper gekom het, noudat hulle weet wat hom in die gesig staar, is die grootste gedeelte van die skool aan sy kant in stede van ‘Noudat sake tot ’n punt gekom het en hulle gesien het wat hom in die gesig staar, is die grootste gedeelte van die skool aan sy kant’ (HPE4, p. 315 en HPA4, p. 230).
- [. . .] and his insides writhed with anger is vertaal as [. . .] en sy ingewande trek ergelik saam in stede van ‘en sy maag draai van woede’ (HPE5, p. 15 en HPA5, p. 12).
- “Five points from Gryffindor!” en “Another five points from Gryffindor!” word vertaal as “Vyf punte van Griffindor!” en “Nog vyf punte van Griffindor!” in

plaas van "Minus vyf punte vir Griffindor!" en "Minus nog vyf punte vir Griffindor!" (HPE5, p. 285 en HPA5, pp. 237-238).

- *He and the DA were resisting her under her very nose, doing the very thing she and the Ministry most feared word Hy en die DS is besig om haar onder haar neus te ondergrawe. Hulle doen presies waarvoor sy en die Ministerie die meeste bang is in stede van 'Hulle doen presies dit wat sy en die Ministerie die meeste vrees' (HPE5, p. 352 en HPA5, p. 293).*
- *Lee Jordan had pointed out to Umbridge that by the terms of the new rule she was not allowed to tell Fred and George off is vertaal as Lee Jordaan wys Umbridge daarop dat sy in terme van hierdie nuwe reël nie met Fred en George mag raas [. . .] nie in plaas van 'wys Umbridge daarop dat sy kragtens hierdie nuwe reël' of 'wys Umbridge daarop dat sy op grond van hierdie nuwe reël' (HPE5, p. 486 en HPA5, p. 403).*
- *Ginny gave a gasp of horror is vertaal as Ginny snak van afgryse in plaas van 'Ginny snak na asem' (HPE5, p. 689 en HPA5, p. 566).*

#### **Brontaalwerkwoorde en -vorme**

- *Often the old scar on his forehead prickled uncomfortably is vertaal as Die litteken op sy voorkop tintel dikwels ongemaklik in stede van 'Die litteken op sy voorkop prik/steek dikwels ongemaklik' (HPE5, p. 14 en HPA5, p. 11).*
- *the chains clinked threateningly word vertaal as die kettings kletter dreigend in stede van 'die kettings klingel' (HPE5, p. 126 en HPA5, p. 107).*
- *This is an exciting new phase in the Minister's plan to get to grips with what some are calling the falling standards at Hogwarts is vertaal as Dit is 'n opwindende nuwe fase in die Minister se plan om dit wat sommige die dalende standarde by Hogwarts noem, te take! in stede van 'Dit is 'n opwindende nuwe fase in die Minister se plan om dit wat sommige die dalende standarde by Hogwarts noem, te verhoog' (HPE5, p. 275 en HPA5, p. 230).*

### Bywoorde in die brontaal

- Die sin *Squinting up at the shamrock, Harry realised that it was actually composed of thousands of tiny little bearded men* word vreemd vertaal as *Toe Harry skeefweg na die klawerbalkyk, besef hy dat dit uit duisende klein bebaarde mannetjies bestaan* in stede van 'Toe Harry met skrefiesoë na die klawerbalkyk' (HPE4, p. 95 en HPA4, p. 70).
- [. . .] *the Fat Friar was all for giving him the chance – but most wisely, in my opinion, the Bloody Baron put his foot down* word vertaal as [. . .] *die Vet Monnik was ten volle ten gunste daarvan om hom 'n kans te gee, maar die Bloedige Baron het sy voet neergesit, baie wyslik, na my mening* in plaas van 'maar die Bloedige Baron het sy voet neergesit – 'n baie wyse besluit, as jy my vra' (HPE4, p. 160 en HPA4, p. 118).
- *Harry just had time to see that the door of the carriage bore a coat of arms* word vertaal as *Harry sien vlietend dat daar 'n wapenskild op die deur van die koets is* in stede van 'Harry sien net betyds dat daar 'n wapenskild op die deur van die koets is' (HPE4, p. 214 en HPA4, p. 157).

### Letterlike vertalings

- *“There will be no more argument. But quiet . . . I think I hear Nagini”* word direk vertaal as *“Daar sal geen verdere argumente wees nie. Maar stil . . . ek dink ek hoor vir Nagini”* in plaas van *“Bly stil . . . Ek dink ek hoor vir Nagini”* (HPE4, p. 16 en HPA4, p. 12).
- *doorbell* word *voordeurklok* in plaas van die meer gebruiklike 'voordeurklokkie' (HPE4, p. 31 en HPA4, p. 23).
- *They don't even have a car anymore; the old Ford Anglia they had once owned was currently running wild in the Forbidden Forest at Hogwarts* is vertaal as *Hulle het nie eens meer 'n kar nie; die ou Ford Anglia wat hulle vroeër gehad het, hardloop wild in die Verbode Woud by Hogwarts rond* in stede van 'die ou Ford Anglia wat hulle vroeër gehad het, jaag wild in die Verbode Woud by Hogwarts rond' (HPE4, p. 40 en HPA4, p. 31).
- *rubber tyre* word *rubberband* in stede van 'rubbermotorband' (HPE4, p. 130 en HPA4, p. 95).

- *Mrs Weasley, who had evidently been waiting for them in the front yard, came running towards them* word direk vertaal as *Mev. Weasley, wat duidelik in die voortuin op hulle gewag het, kom aangehardloop* in plaas van 'wat klaarblyklik in die voortuin op hulle gewag het' (HPE4, p. 130 en HPA4, p. 95).
- *Harry felt oddly separate from everyone around him* is vertaal as *Harry voel vreemd apart van almal om hom* in plaas van 'Op 'n vreemde manier voel Harry verwyderd van almal om hom' (HPE4, p. 304 en HPA4, p. 222).
- *As he pounded down the lawn he saw that the seats that had encircled the dragons' enclosure in November were now ranged along the opposite bank* se direkte vertaling is *Toe hy oor die grasperk nael, sien hy dat die stellasies wat in November om die drake se kamp was, aan die oorkantste bank staan* in plaas van 'die oorkantste oewer' (HPE4, p. 427 en HPA4, p. 311).
- Die sin *The opening notes of the music that heralded the seven o'clock news reached Harry's ears and his stomach turned over. Perhaps tonight – after a month of waiting – would be the night* is foutief vertaal as *Harry hoor die eerste note van die musiek wat die nuus om sewe aankondig en sy maag draai. Dalk is vannag – ná 'n maand se gewag – die nag* (HPE5, p. 9 en HPA5, p. 6). Aangesien die nuus om sewe in die aand uitgesaai word, en Harry hoop om daaruit tyding te ontvang, is die korrekte vertaling eerder 'Dalk is vanaand – ná 'n maand se gewag – die aand'.
- *baggage-handlers* word *bagasiehanteerders* in plaas van 'bagasiedraers' of 'bagasiekruiers' (HPE5, p. 9 en HPA5, p. 6).
- *In the meantime, he had nothing to look forward to but another restless, disturbed night* is foutief vertaal as *Intussen is daar niks om na uit te sien behalwe nog 'n rustelose, versteurde nag nie* in stede van 'nog 'n rustelose, angstige nag' (HPE5, p. 14 en HPA5, p. 11).
- *a year's hard dieting* is onnatuurlik vertaal as *'n jaar se stywe dieet* in stede van 'n jaar se streng dieet' (HPE5, p. 15 en HPA5, p. 12).
- *cold trickles seemed to be running down his body from the point the wand had struck* is vertaal as *Dis of koue rillings van die plek waar die towerstaf aan hom geraak het deur sy lyf hardloop* in stede van 'Dit voel of koue

rillings deur sy lyf beweeg van die plek waar die towerstaf aan hom geraak het' (HPE5, p. 54 en HPA5, p. 45).

- "So we don't know the details – but we've got a general idea" is onnatuurlik vertaal as "Ons weet geen besonderhede nie – maar ons het 'n breë idee" in stede van "Ons ken nie die besonderhede nie – maar ons het 'n algemene idee" (HPE5, p. 65 en HPA5, p. 55).
- *He leaned over his trunk, laid the robes on the bottom of it and pretended to be rummaging for something* is direk vertaal as *Hy buk oor sy trommel, sit die mantels op die bodem neer en maak of hy iets soek* in plaas van 'sit die mantels heel onder in' (HPE5, p. 151 en HPA5, p. 128).
- *He never varied the form of their lessons* is vertaal as *Hy verander nooit die vorm van sy lesse nie*. 'Hy verander nooit die struktuur van sy lesse nie' sou 'n meer natuurlike opsie wees (HPE5, p. 206 en HPA5, p. 173).

#### **Doeltaalwoorde wat ongebruiklik is vir die doellesersgroep**

- *prime tickets* word *prima kaartjies* in plaas van 'uitstekende kaartjies' of 'die beste kaartjies' (HPE4, p. 32 en HPA4, p. 24).
- *The Great Hall looked its usual splendid self, decorated for the start-of-term feast* is vertaal as *Die Groot Saal lyk net so luisterryk soos altyd wanneer dit vir die fees aan die begin van die jaar versier is* in stede van 'Die Groot Saal lyk so asemrowend soos altyd' (HPE4, p. 153 en HPA4, p. 113).
- *clunking footsteps* word *klonkende voetstappe* in plaas van 'hol voetstappe' (HPE4, p. 186 en HPA4, p. 137).
- "I've been telling Dumbledore from the start, he can be as high-minded as he likes, but you can bet old Karkaroff and Maxime won't be" se vertaling lui "Ek het van die begin af vir Dompeldorius gesê hy kan so edelmoedig wees as wat hy wil, maar ek wed ou Karkaroff en Maxime sal nie so wees nie" in stede van "hy kan so grootmoedig wees as wat hy wil" (HPE4, p. 301 en HPA4, p. 220).
- *mistletoe* word *maretakke* in stede van die meer bekende 'mistel' (HPE4, p. 361 en HPA4, p. 263).



- *Fred's words took a moment to penetrate Mrs Weasley's preoccupation with pyjamas* word *Dit neem 'n rukkie voor Fred se woorde deur mevrou Weasley se preokkupasie met pajamas dring* in stede van 'Mevrou Weasley is so doenig met die pajamas dat dit 'n rukkie neem voor Fred se woorde tot haar deurdring' (HPE5, p. 149 en HPA5, p. 126).

### Sintaktiese ontsporing

- *Now, however, the office was full of a number of exceptionally odd objects that Harry supposed Moody had used in the days when he had been an Auror* (HPE4, p. 299). Hierdie sin is vertaal as *Nou is die kantoor egter gepak met 'n aantal besonder vreemde voorwerpe wat, so dink Harry, Moodie seker gebruik het in die dae toe hy 'n Auror was* (HPA4, p. 219). 'n Meer natuurlike en makliker leesbare sinskonstruksie is as volg: 'Nou is die kantoor egter gepak met 'n aantal besonder vreemde voorwerpe. Harry reken dat Moodie dit seker gebruik het in die dae toe hy 'n Auror was'.
- *Crouch was now talking fluently to a tree again, and seemed completely unaware that Harry was there, which surprised Harry so much he didn't notice that Crouch has released him* is vertaal as *Nou praat Crouch weer vlot met 'n boom en hy lyk salig onbewus van Harry se teenwoordigheid, dat Harry so verbaas is dat hy nie agterkom dat Crouch hom laat los het nie* (HPE4, p. 482 en HPA4, p. 350). Hierdie sin sou makliker lees indien dit as volg geskryf is: 'Nou praat Crouch weer land en sand met 'n boom en lyk salig onbewus van Harry se teenwoordigheid. Dit verbaas Harry só dat hy nie eens agterkom dat Crouch hom laat los het nie'.
- *But he wondered how many more attacks like Seamus's he would have to endure before that time came* is vertaal as *Maar hoeveel ander mense gaan my nog soos Septimus voor dit gebeur, aanval?* (HPE5, p. 199 en HPA5, p. 167). Nie net is die sinskonstruksie in die Afrikaanse sin foutief nie, maar die eerstepersoonsvorm word ook hier gebruik – iets wat glad nie in indirekte rede in die res van die boek of in die bronteks voorkom nie. 'n Voorstel vir die vertaling is as volg: 'Maar hy wonder hoeveel ander mense hom net soos Septimus gaan aanval voor dit gebeur'.

- *Hermione and me have stopped arguing*. Hierdie sinsorde is direk vertaal as *Hermien en ek het ophou stry* in stede van 'Ek en Hermien het ophou stry' (HPE5, p. 213 en HPA5, p. 179).
- *"I would not go that way if I were you," said Nearly Headless Nick, drifting disconcertingly through a wall just ahead of Harry as he walked down the passage* is vertaal as *"Ek sal nie daarlangs stap as ek jy is nie," sê Nick-amper-sonder-kop, wat verbouereerd net voor Harry toe hy met die gang af loop deur die muur gedryf het* (HPE5, p. 252 en HPA5, p. 211). 'n Moontlike verbetering lui as volg: 'sê Nick-amper-sonder-kop, wat verbouereerd deur 'n muur gedryf kom waar Harry met die gang af loop'.

### Semantiese ontsporing

- *[Hagrid] did not wink at Harry, or wave, or give any of his usual signs of greeting* is vertaal as *[Hagrid] knipoog nie vir Harry nie, waai ook nie, gee nie een van sy gewone tekens van herkenning nie* in stede van '[Hagrid] knipoog nie vir Harry nie, hy waai ook nie, en groet hom ook nie soos gewoonlik nie' (HPE4, p. 240 en HPA4, p. 175).
- *kippers* word *rookharings* in stede van 'gerookte harings' of 'kippers' (HPE4, p. 469 en HPA4, p. 341).
- Harry ontvang 'n brief van Sirius: *He was so convinced that this letter had to be from Dumbledore [ . . . ] that for the first time in his life he was disappointed to see Sirius's handwriting* word vreemd vertaal as *Hy is so seker dat hierdie brief van Dompeldorius kom [ . . . ] dat hy vir die eerste keer in sy lewe teleurgesteld is toe hy Sirius se handtekening sien* (HPE5, p. 36 en HPA5, p. 31). 'n Korrekte vertaling sou lui: 'dat hy vir die eerste keer in sy lewe teleurgesteld is toe hy Sirius se handskrif sien'.
- *Whenever this thought occurred, Harry invariably slid off his bed and began pacing again* word foutief vertaal as *Elke keer dat hy daaraan dink, glip Harry van sy bed af en begin weer loop* in plaas van 'glip Harry van sy bed af en begin weer op en af loop' (HPE5, p. 45 en HPA5, p. 38).
- *"I had gone out to buy cat food from the corner shop [ . . . ] when I heard a disturbance down the alleyway between Magnolia Crescent and Wisteria Walk"* is foutief vertaal as *"Ek het om nege-uur [ . . . ] uitgegaan om katkos*

*by die winkel [ . . . ] te gaan koop [ . . . ] toe ek 'n oproerigheid in die laan tussen Magnoliasingel en Wisteriastraat hoor*" in stede van "toe ek 'n rumoer . . . hoor" (HPE5, p. 132 en HPA5, p. 112).

- Die kinders wat deur Harry onderrig word in verdedigingstegnieke besluit op 'n naam vir die groep: "*The Defence Association?*" said Cho. "*The DA for short, so nobody knows what we're talking about?*" "*Yeah, the DA's good,*" said Ginny. "*Only let's make it stand for Dumbledore's Army*" is vertaal as "*Die Soldate,*" stel Cho voor. "*DS. Niemand sal weet waarvan ons praat nie.*" "*Ja, Die Soldate klink goed,*" sê Ginny, "*maar kom ons sê eerder dit staan vir Dompeldorius se Soldate*" (HPE5, p. 347 en HPA5, p. 289). Ginny se woorde in die Afrikaanse vertaling is foutief, aangesien dit nie 'Die Soldate' is wat staan vir 'Dompeldorius se Soldate' nie, maar wel 'DS'.
- "*Could on'y travel by nigh' an' through wild country an' stuff*" is vertaal as "*Ons kon net snags reis deur wilde dele en so aan*" in stede van "Ons kon net in die nag reis en ook net deur beboste dele" (HPE5, p. 611 en HPA5, p. 503).
- *footsteps* word *voetvalle* in plaas van 'voetstappe' (HPE5, p. 694 en HPA5, p. 570). Volgens die HAT beteken 'voetvalle' "[h]andeling van op die knie neer te sak, te kniel [ . . . ] ook, buig voor 'n hooggeplaaste, veral iemand van koninklike afkoms" (Odendal & Gouws, 2000, o.w. 'voetval').

## Bylaag B

### Teks-spesifieke vertaalprobleme

#### Register

- In HPA5 sê mevrou Weasley op p. 61: “*Ginny, jou hande is smerig, wat het jy gedoen?*”. Dit klink aansienlik formeler as die sin in die bronteks: “*Ginny, you hands are filthy, what have you been doing?*” (HPE5, p. 72). ’n Meer natuurlike keuse sou moontlik “Ginny, jou hande is vieslik vuil”.
- Dieselfde geld vir die portret van Sirius se ma, wat in die bronteks skreeu “*By-products of dirt and vileness!*” terwyl die Afrikaanse weergawe veel formeler en onnatuurlik (veral in ’n situasie waarin die woorde hard geskreeu word) klink: “*Afvalprodukte van hoon en smaad!*” (HPE5, p. 74 en HPA5, p. 63). ’n Natuurliker opsie kon moontlik “Afvalprodukte van vuilgoed en gemors!” wees.
- *It was desperately dull, quite as bad as listening to Professor Binns* is vertaal as *Dis uiters vervelig, ruim so vervelig soos om na professor Binns te moet luister* eerder as ’n meer informele ‘Dis uiters vervelig, maklik net so vervelig soos om na professor Binns te moet luister’ (HPE5, p. 217 en HPA5, p. 182).